'N LEERGANG VIR MUSIEK AS 'KULTURELE VAK

AAN DIE

TRANSVAALSE MIDDELBARE SKOOL

deur

HENRY ROBERT STEEL

Verhandeling aangebied vir die graad

MAGISTER EDUCATIONIS

aan die

P.U. vir C.H.O.

Potchefstroom

Desember 1959.

VOORWOORD

By die voltooiing van hierdie verhandeling is dit vir my 'n eer en voorreg om my opregte dank en waardering uit te spreek teenoor al die persone wat my behulpsaam was by hierdie studie.

Ek wil my innige dank betuig aan prof. dr. H.J.J. Bingle vir sy vriendelike leiding, raad en opbouende kritiek. Hy het geen moeite ontsien om aan my op 'n insiggewende wyse leiding te verskaf nie. Sy diepgaande kennis en ook sy woorde van bemoediging het vir my baie beteken.

My hartlike dank ook aan die beamptes van die biblioteek van die Transvaalse Onderwysdepartement, die bibliotèek van die Potchefstroomse Universiteit, die biblioteek van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap en die biblioteek van die Potchefstroomse Onderwyskollege.

Ten slotte ook my hartlike dank aan al die persone wat my op enige ander wyse behulpsaam was deur advies, aanmoediging, nasien en tik van die manuskrip.

H.R. STEEL.

Potchefstroom

Desember 1959.

INHOUDSOPGAWE.

HOOFSTUK I.

DIE GESKIEDENIS VAN MUSIEK AAN TRANSVAALSE MIDDELBARE SKOLE.

A. TYDENS DIE ZUID-AFRIKAANSCHE REPUBLIEK.

1. Aanknopingspunte. 1
2. Sekere wysigings onder Mansvelt. 3
3. Samevatting. 5

B. DIE GESKIEDENIS VAN SKOOLMUSIEK AAN DIE MIDDELBARE SKOOL VANAF DIE NA-OORLOGSE JARE TOT AAN DIE BEGIN VAN DIE VEERTIGER JARE.

1. Engelse invloed. 5
2. Toestande in die skole. 6

C. DIE VERSKILLENDE LEERGANGE VIR MUSIEK.

1. Eerste leergang 1903. 12
2. Die Leergang vir Musiek vir Christelike Nasionale Onderwys, 1903 (C.N.O.-Skole). 15
3. Bepalinge vir Laer en Middelbare Skole 1909. 15
4. Leergang 1917. 17
5. Die Leergange van 1923 en 1925. 17
6. Wenke insake Leergange 1929. 17
7. Regulasies en Sillabusse vir die Transvaalse Juniorsertifikaateksamen 1934. 20
8. Voorwaardes en Sillabusse vir die Transvaalse Juniorsertifikaateksamen 1938. 22
9. Voorgestelde Leergang vir Musiek: Grade tot St. VIII: 1942. 23
10. Voorgestelde Leergang vir Musiek (Interim) vir die Middelbare Skool (Standerds VI, VII en VIII): 1957. 24

11. Opmerking. 24

D. GESKIEDENIS VAN SKOOLMUSIEK VANAF DIE BEGIN VAN DIE VEERTIGER JARE.

1. Volgens inspeksierapporte. 25

2. Musiek in Transvaalse skole volgens die * onderwyskommissie van 1953. 29

(a) Die toestand van hierdie vak in die skole. 29

(b) Instrumentale Musiek op Skool. 32

(c) Fasiliteite vir Skoolmusiekonderrig. 33

(d) Die leergang vir skoolmusiek. 33

(e) Algemene opmerkings. 34

3. Die verslae van die verskillende Organi- * seerders van Musiek. 35

(a) Verslae van 1953. 35

(b) Verslae van 1955. 36

(c) Samevatting. 37

HOOFSTUK II.

'N OORSIG VAN DIE SKOOLMUSIEKLEERGANGE VIR MIDDELBARE SKOLE.

A. BUITELANDSE LEERGANGE: V.S.A., KANADA, ENGELAND, SKOTLAND, WALLIS, DUITSLAND, BELGIë, HOLLAND EN AUSTRALIë.

1. Vokale Aktiwiteite. 40

(a) Die sentrale plek van vokale aktiwiteite in die onderskeie leergange. 40

(b) Eenstemmige en meerstemmige sangmateriaal. 41

(c) Volksliedere. 41

(d) Ander opmerklike tendense. 42

2. Luisteraktiwiteite in die Middelbare Skole van die betrokke lande. 43
3. Instrumentale Aktiwiteite in die Middelbare Skole van die betrokke lande. 47
4. Teoretiese Aktiwiteite in die Middelbare Skole van die betrokke lande. 49
5. Skeppende Aktiwiteite in die Middelbare Skole van die betrokke lande. 53
6. Ritmiese Aktiwiteite in die Leergange van die betrokke lande. 55
7. Samevatting. 56

B. SUID-AFRIKAANSE LEERGANGE: TRANSVAAL, VRYSTAAT, KAAPLAND EN NATAL.

1. Inleiding. 58
2. Doelstellings. 59
3. Vokale Aktiwiteite. 60
4. Luisteraktiwiteite. 61
5. Instrumentale Aktiwiteite. 62
6. Teoretiese Aktiwiteite. 62
7. Skeppende Aktiwiteite. 63
8. Ritmiese Aktiwiteite. 64
9. Voorgestelde Musiekleergang vir Standerds VI, VII en VIII; Transvaalse skole (1959). 65
   (a) Vokale Aktiwiteite. 65
   (b) Luisteraktiwiteite. 66
   (c) Instrumentale Aktiwiteite. 66
   (d) Teoretiese Aktiwiteite. 67
   (e) Ritmiese Aktiwiteite. 68
   (f) Skeppende Aktiwiteite. 68

HOOFSTUK III.

EISE VIR DIE SAMESTELLING VAN 'N LEERGANG IN MUSIEK.

A. DIE MIDDELBARE LEERLING EN DIE PLEK VAN MUSIEK IN SY ONTWIKKELING.

1. Karakteristiek van die Adolessent. 69

(a) Liggaamlike Ontwikkeling 69

(b) Ken-, gevoels- en strewingslewe. 70

(c) Persoonlikheidsvorming. 73

2. Opvoedkundige Implikasies. 74

(a) Liggaamlike ontwikkeling. 74

(b) Kenlewe. 74

(c) Gevoelslewe. 74

(d) Persoonlikheidsvorming. 75

B. EISE VAN DIE VAK MUSIEK.

1. Toonhoogte. 76

2. Ritme. 77

3. Klankkleur. 78

4. Klankintensiteit. 79

5. Samevatting. 80

C. DOELSTELLINGS VAN SKOOLMUSIEK AAN DIE MIDDELBARE SKOOL.

1. Formulering van die Algemene Doelstellings van die Opvoeding. 81

(a) Inleiding. 81

(b) Doelstellings volgens Christelike denkers. 82

2. Doelstellings van Skoolmusiek in die Middelbare Skool. 85

(a) Inleiding. 85

(b) Musiek en die einddoel van die opvoeding. 85

(c) Die estetiese doelstellings van musiek. 88
(d) Die sosiale doelstellings van musiek. 90
(e) Die psigologiese doelstellings van musiek. 92
(f) Musiek en die fisiologiese doelstellings van die opvoeding. 94
(g) Spesifieke doelstellings. 95

D. KRITERIA VIR LEERSTOFKEUSE.

1. Inleiding. 97
2. Keuse van leerstof in ooreenstemming met die doelstellings. 98
(a) Religieuse en gewyde musiek. 98
(b) Leerstof wat die estetiese doelstellings dien. 99
(c) Leerstof wat die sosiale doelstellings dien. 99
(d) Leerstof wat die psigologiese doelstellings dien 100
(e) Leerstof wat die fisiologiese doelstellings dien. 101
3. Keuse van die leerstof volgens die aard en behoeftes van die adolessent. 101
4. Keuse van leerstof volgens pedagogiese beginsels. 102
5. Keuse van leerstof volgens ander algemene eise. 102

E. RANGSKIKKING VAN LEERSTOF.

1. Volgens 'n vaste plan. 103
2. In 'n bepaalde vorm. 104

F. FINALE SAMEVATTING VAN KRITERIA VIR DIE SAMESTELLING VAN 'N MUSIEKLEERGANG. 105

HOOFSTUK IV.

VOORGESTELDE LEERGANG: STANDERD VI - X.

A. INLEIDENDE OPMERKINGS.

1. Wyse van benadering. 107
2. Rangskikking van die leerstof. 107

b. VOKALE AKTIWITEITE.

1. Spesifieke oogmerke. 108
2. Soorte vokale aktiwiteite. 109
3. Keuse van leerstof ooreenkomstig reeds voorgestelde kriteria. 109
   (a) Religieuse eis. 109
   (b) Estetiese eis. 109
   (c) Sosiale eis. 110
   (d) Psigologiese eis. 110
   (e) Eise van die adolessent. 111
   (f) Eise van die pedagogiek. 112
   (g) Eise van die vak. 113
4. Sangmateriaal vir die onderskeie standerds. 113
   (a) Standerd VI. 114
   (b) Standerd VII. 114
   (c) Standerd VIII. 115
   (d) Standerds IX en X. 115
   (e) Spesifieke voorbeelde. 117

C. LUISTERAKTIWITEITE.

1. Bepaalde oogmerke met luisteraktiwiteite. 131
2. Soorte luisteraktiwiteite. 132
3. Keuse van leerstof volgens reeds vasgestelde kriteria. 132
   (a) Religieuse eis. 132
   (b) Estetiese eis. 133
   (c) Sosiale eis. 133
   (d) Psigologiese eis. 133

(e) Eise van die adolessent. 134

(f) Eise van die pedagogiek. 134

(g) Eise van die vak. 134

4. Luistermateriaal vir die onderskeie standerds. 135

(a) Standerd VI. 135

(b) Standerd VII. 139

(c) Standerd VIII. 143

(d) Standerds IX en X. 149

D. TEORETIESE AKTIWITEITE.

1. Bepaalde oogmerke met teoretiese aktiwiteite. 154

2. Soorte van teoretiese aktiwiteite. 154

(a) Teoretiese aktiwiteite soos gekorreleer met die ritmiese hoedanighede van musiek. 154

(b) Teoretiese aktiwiteite soos gekorreleer met die melodiese hoedanighede van musiek. 155

(c) Teoretiese aktiwiteite soos gekorreleer met die tegniese hoedanighede van musiek. 155

(d) Teoretiese aktiwiteite soos gekorreleer met die instrumentale aktiwiteite. 156

(e) Teoretiese aktiwiteite soos gekorreleer met skeppende aktiwiteite. 156

(f) Teoretiese aktiwiteite soos gekorreleer met die luisteraktiwiteite. 156

3. Wenke by die keuse van teoretiese aktiwiteite. 156

4. Materiaal. 157

(a) Standerd VI. 157

(b) Standerd VII. 158

(c) Standerd VIII. 159

(d) Standerds IX en X. 161

E. RITMIESE AKTIWITEITE.

1. Bepaalde oogmerke met ritmiese aktiwiteite. 162

2. Soorte ritmiese aktiwiteite. 162

3. Wenke by die keuse van ritmiese aktiwiteite. 163

4. Materiaal. 164

(a) Ritmiese materiaal geneem uit die vokale reportoire. 164

(b) Ritmiese materiaal geneem uit die instrumentale aktiwiteite. 165

(c) Ritmiese materiaal geneem uit die luistermateriaal. 165

(d) Ritmiese materiaal gekorreleer met skeppende aktiwiteite. 165

(e) Ritmiese materiaal gekorreleer met teoretiese aktiwiteite. 165

F. SKEPPENDE AKTIWITEITE.

1. Bepaalde oogmerke. 165

2. Soorte van skeppende aktiwiteite. 166

(a) Skeppende aktiwiteite gekorreleer met die ritmiese aspekte van musiek. 166

(b) Skeppende aktiwiteite gekorreleer met die melodiese aspekte van musiek. 166

(c) Skeppende aktiwiteite gekorreleer met teoretiese aspekte. 167

G. INSTRUMENTALE AKTIWITEITE.

1. Spesifieke oogmerke. 167

2. Soorte instrumentale aktiwiteite. 168

3. Keuse van leerstof volgens reeds vasgestelde kriteria. 169

(a) Religieuse eis. 169

(b) Estetiese eis. 169

(c) Sosiale eis. 170

(d) Psigologiese eis. 170

(e) Eise van die adolessent. 170

(f) Eise van die pedagogiek. 170

(g) Eise van die vak. 171

4. Voorgestelde materiaal vir Slagorkes, Blokfluite en die Orffinstrumente. 171

BYLAES.

BYLAE A. Geskikte Sangbundels en Liedere vir gebruik in die Middelbare Skool. 172

BYLAE B. Bronnelys van geskikte materiaal vir Slagorkes, Blokfluite en Orffinstrumente, vir gebruik aan die Middelbare Skool. 177

BYLAE C. Voorbeelde van geskikte Plaatopnames vir gebruik aan die Middelbare Skool. 187

BIBLIOGRAFIE. 195

HOOFSTUK I.

DIE GESKIEDENIS VAN MUSIEK AAN TRANSVAALSE MIDDELBARE SKOLE.

A. TYDENS DIE ZUID-AFRIKAANSCHE REPUBLIEK.

1. Aanknopingspunte.

Omstreeks die sewentiger jare van die vorige eeu was die bevolking van Transvaal nog oorwegend sterk godsdienstig ingestel. Soos bekend was godsdiens 'n bepalende faktor in die lewe van die volk. Ons weet ook dat musiek en sang alreeds vanaf die dae van die Groot Trek 'n inherente deel van die godsdiensoefeninge van die burgers was:

„Onder die boeke wat, behalwe die Bybel, 'n plek in die ossewa gekry het, was ook die Psalm- en Gesangebocke, Van Alphen, Groenewegen en Sluyters, vir almal ou bekendes, waaruit reëlmatig gesing is.“[1)]

Hierdie logiese verbintenis van musiek en sang met die godsdiens van die pioniers het uiteraard sy invloed laat deurwerk na die skole. Soos weldra aangedui sal word, was die doel van musiek en sang gedurende die sewentiger jare daarop gemik om die kinders godsdienstige liedere te leer sing. Gedurende die Groot Trek was hierdie gewoonte 'n algemene verskynsel.[2)] Skoolmusiek vervul dus aanvanklik in die eerste plek 'n liturgiese funksie.

Die eerste noemenswaardige feite aangaande die ontwikkeling van skoolmusiek, sover dit verband hou met ons studie, is vervat in 'n geskrif „Regelende Het Onderwijs In De

---

1) Bouws: Musiek in Suid-Afrika, 44 - 45.

2) Ibid., 46.

Zuid-Afrikaansche Republiek,"[1] soos saamgestel onder die bewind van T.F. Burgers as staatspresident. Hierin word onder andere bepaal dat die meer uitgebreide laer onderwys „de oefening in Muzyk, zoowel theoretisch als praktisch" moet omvat.[2] Die vereistes waaraan die verskillende onderwysers moes voldoen, word in dieselfde wet bepaal:.

Derde klas: Kennis van noteskrif en toonladders vir sover dit nodig is om grondige onderwys in sang te gee.[3]

Tweede klas: Hier word verwag kennis van noteskrif, toonladders en akkoorde.[4]

Eerste klas: Al voorgenoemde aspekte „sover die nodig zijn voor het schoolonderwijs in het zingen, tevens met het bespelen van de piano."[5]

Hierdie wet het sisteem in die onderwys van sang gebring, met kerkliedere in die sentrale plek om te voldoen aan die godsdienstige eise van die tyd. Insiggewend en in ooreenstemming met voornoemde tendense, is die inspeksierapporte van die tyd. Kerkmusiek word onder die soeklig gebring, soos bv. uit die volgende rapport blyk:

Remhoogte (Distrik Rustenburg) - Onderwyser C. Maritz - Geïnspekteer deur ds. P. Postma: „Zingen uitmuntend, goede en vaste kennis van kerkmusiek-noten."[6]

---

1) Z.A.R.: De Locale Wetten der Z.A.R. 1849 - 1885, 566. (Wet Nr. 4 van 1874, Artikel 155).

2) Ibid., 567

3) Ibid., 577

4) Ibid., 578

5) Ibid., 581

6) Z.A.R.: Staats Courant, September 1884, 467. Verslag van den Staat van het Openbaar Onderwijs in de Z.A.R., 1883.

Daar was egter ook minder vleiende rapporte, waarskynlik as gevolg van die feit dat oningewyde leerkragte ingespan is. So word daar bv. gekla dat kerkmusiek nog nie beoefen is nie, terwyl die sang hoofsaaklik op gehoor plaasgevind het, slegs met gebruikmaking van die Kinderharp.[1] Uit die rapporte blyk egter duidelik dat, ten spyte van die gebrek aan behoorlik opgeleide onderwysers, die musikale ontwikkeling van die leerlinge nooit geheel en al verwaarloos is nie. Die metode van sangonderwys was natuurlik baie formeel en die liedere uiteraard stereotiep.

2. Sekere wysigings onder Mansvelt.

N. Mansvelt, Superintendent van Onderwys, het in 1898 wysigings in die bestaande stelsel van sangonderwys ingebring. Alhoewel hy die sing van kerkliedere goedkeur, waarsku hy teen 'n eensydige benadering.[2] Hy wil ook ander liedere laat sing en bepleit veral die beoefening van nasionale liedere. Hy beveel die volgende boeke vir gebruik by sangonderwys aan: „Liederen voor Scholen in de Zuid-Afrikaansche Republiek" en „150 Zangoefeningen voor School en Huis", beide saamgestel deur H. Visscher.[3]

In sy strewe om sangonderwys te sistematiseer het hy ook die bepaalde standaarde vir laer en middelbare onderwys van die Zuid-Afrikaansche Republiek voorgestel.[4] Volledigheidshalwe gee ons die besonderhede vanaf standerd een:

Sangkunde: Standerd I: „Zingen op't gehoor". (Psalms en Gesange en gepaste kinderliedere).

Standerd II: „Zingen op't gehoor. Het kunnen noemen der

---

1) Z.A.R.: Byvoegsel tot de Staats Courant, Mei 1886, 5. Verslag van den Staat van het Openbaar Onderwijs in de Z.A.R., 1885.

2) Z.A.R.: De Schoolgids; Derde Uitgawe 1898, 38.

3) Ibid., 38.

4) Ibid., 45 - 51.

B-mol noten van Psalmen en Gezangen."

Standerd III: „Het kunnen noemen en zingen der noten in de Psalmboeken gebruikt en zingen op't gehoor. Aanbevolen: eenvoudige zangoefeningen in den G-sleutel."

Standerd IV: Kerkmusiek en sang soos vir standerd III, terwyl die sing van meerstemmige liedere ook beklemtoon word.

Standerd V: Soos vir standerd IV.

Standerd VI: Soos vir standerd V, plus die sing van note geskrywe in die G- of vioolsleutel en die F- of bassleutel.

In sy skoolorganisasie maak Mansvelt[1] voorsiening vir hoofvakke, gewone vakke en byvakke vir eksamendoeleindes. Musiek was 'n byvak en om te slaag moes die kandidaat minstens 20% kry.

Gedurende die laaste jare van die negentiende eeu het die „Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Vereeniging" gepoog om die Hollandse lied in Suid-Afrika te laat ingang vind. Hulle pogings het egter misluk veral omdat sommige liedere „voor den Zuid-Afrikaanschen volksaard bepaald ongeschikt waren."[2] In 1898 is ook in Pretoria 'n kommissie benoem met die doel om 'n Hollandse Volksliederebundel vir die singende jeug van Suid-Afrika saam te stel. Hierdie bundel sou bestaan uit 'n versameling van geskikte Nederlandse en bruikbare Afrikaanse liedere.[3] Die Engelse oorlog het egter uitgebreek en enige sodanige aktiwiteite en vooruitsigte in die wiele gery.

---

1) Superintendent van Onderwys: Schoolgids; Derde Uitgawe 1898, 71.

2) Mansvelt: Hollands-Afrikaanse Liederbundel, Voorberig.

3) Ibid., Voorberig.

3. Samevatting.

Ons kan dus tot die slotsom kom dat skoolmusiek gedurende die Zuid-Afrikaansche Republiek bestaan het uit die sing van godsdienstige liedere met die doel om die leerlinge vir kerksang op te lei. En tog is die teoretiese aspek, dit wil sê sover dit solfa, nootwaardes en toonladders aangaan, nie verwaarloos nie. 'n Belangrike uitbreiding, naamlik nasionale liedere, is deur Mansvelt aangebring, dog die tekort aan geskikte liedere het sy pogings in hierdie verband gestrem.

B. DIE GESKIEDENIS VAN SKOOLMUSIEK AAN DIE MIDDELBARE SKOOL VANAF DIE NA-OORLOGSE JARE TOT AAN DIE BEGIN VAN DIE VEERTIGER JARE.

Die geskiedenis van skoolmusiek kan, vanweë sy eensydige verhaal tot in die veertiger jare, nie juis in kleiner betekenisvolle tydperke ingedeel word nie. Toestande het in hierdie tydperk, ten opsigte van skoolmusiek, nie veel in wese verander nie, en dit was eers in die veertiger jare dat 'n oplewing gekom het.

1. Engelse invloed.

Uiteraard was daar nie eintlik sprake van noemenswaardige musiekbeoefening gedurende die oorlogsjare nie, en daarna het dit lank geneem voordat skoolmusiek rigting gekry het. Die Engelse bewind was vasbeslote om ook wat hierdie gebied betref, so ver moontlik te angliseer:

„Die liedtradisie (in die Nederlandse taalvorm) waarop 'n nuwe liedkuns maar nou in die Afrikaanse taalvorm kon voortbou, het by die begin van die twintigste eeu nog wel bestaan, maar veral by die ouer geslagte. Die verengelsing van die musieklewe, miskien nie dadelik so opvallend as op taalgebied nie, en daardeur minder alarmerend, het meer as op watter ander terrein

die eie kultuur teruggedruk of verstik."[1]

Gedurende 1905 skrywe J.S.M. Rabie tereg dat ons volk ook in sy sang gevaarlike kwesplekke mag kry, terwyl D'Arbez kla oor die feit dat die jong mense op kollege en in die hoër meisieskole net Engels sing. Hierdie toestand stem D'Arbez tot droefheid, veral as hy dink aan die toekoms van die Afrikaanse taal.[2] Geen wonder dat ook in die Sondagskole tradisionele kerkliedere deur Sankeyliedere vervang is nie.[3] Gedurende die jaar 1905 wys Onze Jan in sy rede op Stellenbosch „Is het ons Ernst?" daarop dat baie van die meisieskole met Hollands-Afrikaanse bestuur en onderwyseresse amper niks anders as Engelse liedere sing nie.[4]

Eers gedurende 1907 merk dr. N. Mansvelt op dat die volk hulle nasionale selfbewustheid begin terugwin, en spreek hy die vertroue uit dat hulle die krag van die nasionale lied beter sal begryp.[5]

2. Toestande in die skole.

Alhoewel sang in die na-oorlogse tydperk in die skole beoefen is, kon die gehalte en standaard van werk na die ontwrigting van die oorlog nie bevredigend wees nie. Die owerhede moes byvoorbeeld spook om in die eerste plek ten minste die laer onderwys op 'n bevredigende grondslag te plaas. Middelbare onderwys, destyds bo standerd III, het maar 'n sukkelbestaan gevoer. In Desember 1903 was daar maar 11.5 persent

---

1) Bouws: Musiek in Suid-Afrika, 71.
2) Ibid., 72.
3) Ibid., 74.
4) Ibid., 77.
5) Mansvelt: Hollands-Afrikaanse Liederbundel, Voorberig.

van die leerlinge bo standerd III gerangskik.[1)]

Indien in ag geneem word dat daar 'n groot tekort aan onderwysers vir die gewone skoolvakke was, en in 'n veel groter mate 'n gebrek aan bevoegde onderwysers vir skoolmusiek, dan word die onbevredigende toestand van sang op die skole verstaanbaar. Om klaarblyklike redes was daar nog boonop 'n skreiende tekort aan geskikte skoolliedere wat 'n Afrikaanse gees adem.

Die regulasies in verband met skole[2)] (Onderwyswet 1903) maak in die leerplan vir die hoër afdeling voorsiening vir sang. Daar was egter baie struikelblokke wat uit die weg geruim moes word voordat die teorie in die praktyk toegepas kon word. So byvoorbeeld word daar gekla oor die tydsfaktor met betrekking tot die gewone skoolvakke in die middelbare skool, met die gevolg dat daar vir sangonderwys eintlik nie tyd gevind kon word nie.

„If the above subjects are to be taught properly, twenty-five hours a week should be devoted to them, and thus the important subjects of drawing, class-singing, drill and manual work must be omitted."[3)]

Ten spyte van bogenoemde opmerking is daar tog besluit om 'n uur af te staan vir die volgende: Liggaamsopvoeding, Sang, Naaldwerk en Houtwerk (ongeveer 'n kwartier vir elke afdeling.) Individuele onderrig is ten strengste afgekeur. In geen omstandighede moes privaatlesse in vokale of instrumentale musiek in hierdie periode gegee word nie.[4)]

---

1) Bot: Die Ontwikkeling van Onderwys in Transvaal, 1836 - 1951, 48.

2) Coetzee: Onderwys in Transvaal, 1838 - 1937, 78.

3) T.E.D.: Report; 1904, 55. (Report on Government Secondary Schools of Transvaal by a Committee of Inspection appointed by the Director of Education).

4) Ibid., 55.

Gedurende die jaar 1902 is vyf hoër skole in Transvaal geopen.[1] In die inspekteursverslae oor die skole word daar maar bloedweinig melding gemaak van sang. So byvoorbeeld is daar in die inspekteursrapporte van 1905 - 1906 oor die bestaande hoër skole slegs een enkele opmerking oor sang gemaak. Die dogters van Jeppestown High School word geprys vir hulle mooi sang.[2] In 1906 beveel inspekteur S.O. Purves aan dat kursusse in die solfametode in die Normaalkollegevakansiekursus vir onderwysers ingesluit moet word.[3] Soos ons weldra sal aantoon, is daar baie gebruik gemaak van die solfametode in die skole. Die ouer geslag ken dan ook die solfa beter as die teenswoordige leerlinge. Volgens die jaarverslag[4] van die Onderwysdepartement was daar gedurende die jare 1905 - 1906 in 17 skole gemiddeld 1287 leerlinge wat sangonderrig ontvang het. In die sewe provinsiale middelbare skole het 526 leerlinge sangonderrig ontvang. Oor die middelbare onderwys verskyn daar gedurende 1906 'n rapport „Secondary Education Johannesburg Commissionary Report, 1906", maar van skoolmusiek word geen melding gemaak nie.

Gedurende die jaar 1907 kom inspekteur S.O. Purves, 'n persoon wat sangonderwys klaarblyklik op die hart gedra het, tot die gevolgtrekking dat sang op die platteland definitief agteruitgegaan het, veral omdat onopgeleide onderwysers die opgeleides vervang het.[5]

In die inspekteursrapporte van 1907 - 1908 word daar slegs oor een skool in verband met sang gerapporteer, naamlik die

---

1) Bot: Die Ontwikkeling van Onderwys in Transvaal, 1836 - 1951, 55.
2) T.O.D.: Jaarverslag 1905 - 1906, 100.
3) Ibid., 64.
4) T.O.D.: Jaarverslag 1905 - 1906, 138.
5) T.O.D.: Jaarverslag 1907, 92.

Cleveland High School. Omdat hierdie rapport een van die weiniges is wat werklik iets oor sangonderwys meld, gee ons die inhoud daarvan volledig weer:

„In Forms II and III simple questions in theory were distributed over the class and satisfactorily answered. This was not the case with the ear tests, for replies to which the teacher relied on a few pupils. Part singing had but recently been practised. Until the parts are more evenly balanced the results cannot be very satisfactory. In Forms IVa and IVb the singing was very weak, the girls showed little power of attacking a simple solfeggio in F major, and their knowledge of the theory necessary to the formation of scales was very disappointing. Much more attention should be needed to this very important subject for girls."[1)]

Uit bogenoemde aanhaling blyk duidelik Engelse invloed, veral waar daar 'n oorbeklemtoning van teoretiese en tegniese aspekte uit die rapport deurskemer. Blykbaar is, volgens die laaste sinsnede, hierdie vak ook destyds belangriker geag vir dogters as vir seuns. Die rapport van 1912 onderskryf hierdie gedagte.[2)] Hierin word gemeld dat daar aan die beoefening van sang weinig gedoen word, behalwe aan een of twee skole waar meisies daarin onderrig ontvang. Geen wonder dan ook dat gesaghebbende opvoedkundiges gedurende die jaar 1917 soos volg aangaande skoolmusiek gerapporteer het nie:[3)]

„Deze vakken behoren, naar onze mening, een onontbeerlike deel uit te maken van het werk in alle scholen.

Ieder kind in de Provincie ..... behoort zingen te leren.

---

1) T.E.D.: Report for the School Year 1907 - 1908, 109.

2) T.O.D.: Jaarverslag 1912, 136.

3) Onderwijskommissie 1917: Verslag, 24.

Wij bevelen ten sterkste aan, dat deze onderwerpen een voorname plaats in de schoolkursus zullen innemen."

Hierdie opmerkings is blykbaar nie ter harte geneem nie, soos blyk uit die inspeksierapporte van die twintiger sowel as dertiger jare. In sommige rapporte word daar nie eers melding gemaak van die toestand van sangonderrig nie. Inspekteur W.E.C. Clarke[1] skrywe in 1919 dat hy in twee van die hoër skole vir meisies 'n goeie peil van sangonderwys aangetref het. Verder het twee of drie van die hoër seunskole aandag aan hierdie vak gegee. As daar in aanmerking geneem word dat daar gedurende 1918 alreeds twintig hoër skole was,[2] dan blyk dit uit bostaande rapport dat slegs ongeveer 'n kwart van die hoër skole noemenswaardige aandag aan sangonderwys gegee het.

Gedurende die jaar 1920 het M.M. Hoogenhout na 'n besoek aan Transvaalse hoër skole onder andere die volgende uitlating gemaak:[3]

„Singe, tekene, houtwerk ..... vakke wat baie onskatbare en beskawende moontlikhede oplewer, kom met een of twee uitsonderinge - nie op die rooster voor nie. Hoe jammer."

Hy bevestig dus bogenoemde opmerkings, terwyl inspekteur J.P. Botha, Oostelike Kring, hom in hierdie verband nog sterker uitlaat.[4] Hy beweer naamlik dat sangonderwys veel te wense oorlaat en stiefmoederlik behandel word, behalwe in 'n paar uitsonderlike gevalle. Volgens inspekteur D. Linney[5] word sangonderwys beperk tot 'n paar dorpskole, terwyl die beskawende invloed van die vak geensins besef word nie.

---

1) T.E.D.: Report for the School Year 1919, 81.
2) Bot: Die Ontwikkeling van Onderwys in Transvaal, 1836 - 1951, 55.
3) T.O.D.: Jaarverslag, 113.
4) T.O.D.: Jaarverslag 1923, 131.
5) Ibid., 150.

As daar in aanmerking geneem word dat daar gedurende 1921 alreeds 44 hoër skole in Transvaal was, dan word die swak toestande van sangonderwys aan die middelbare skole gedurende hierdie jare duideliker.[1] Gedurende die jare 1928, 1929 en 1930 maak die inspekteurs geheel en al geen melding van sangonderrig ten opsigte van die middelbare skool nie. Gedurende die jaar 1931 neem inspekteurs P.J. Kloppers en A.M. Robb weer die pen op.[2] Hulle kla oor die gebrek aan geesdrif wat daar by party onderwysers met betrekking tot hierdie vak te bespeur is waardeur die werk by sommige skole glad nie so goed en sorgvuldig gedoen word soos dit behoort te wees nie.

Inspekteur J.J. Strasheim kla dat sommige hoofde nie die vak goedgesind is nie, en nie die minste daarop ag slaan wanneer vakatures gevul moet word nie.[3] Inspekteurs E.E. Yates en C.T. Botha[4] beaam die gedagte dat die gesindheid van die hoof in 'n groot mate 'n bepalende faktor vir 'n behoorlike peil in sangonderwys in die skole is. Die weinige kere wat inspekteurs gedurende die dertiger jare wel van sangonderrig melding maak, kom sodanige opmerkings gewoonlik op die volgende woorde van inspekteur J.A. Smuts neer:[5]

„Die waarde van die vak word nog nie ingesien nie. Verder as enkele godsdienstige liedere kom dit nog nie."

Die verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie wat in 1939 uitgegee is, lewer ook gesaghebbende getuienis aangaande

---

1) Bot: Die Ontwikkeling van Onderwys in Transvaal 1836 - 1951, 90.
2) T.O.D.: Jaarverslag 1931, 66.
3) Ibid., 91.
4) Ibid., 102.
5) T.O.D.: Jaarverslag 1937, 57.

die toestand van skoolmusiek in Transvaalse skole gedurende hierdie jare.[1] Onder andere word die volgende gerapporteer:

Na uitgebreide besoeke aan baie skole en die inwin van getuienis, moet hulle met leedwese te boek stel dat die peil van die vak Musiek jammerlik laag is. Die lustelose sang wat wel gehoor is, tesame met gebrekkige toonhoogte en foutiewe frasering kon sekerlik nie, volgens die kommissie, plesier aan die kinders verskaf het nie. Hulle wys dan ook op die belangrikheid van onderwysers wat spesiaal opgelei is vir Musiek, veral ten opsigte van die middelbare skool. Die onderwysers hoef egter nie noodwendig net hierdie vak te onderrig nie.

C. DIE VERSKILLENDE LEERGANGE VIR MUSIEK.

1. Eerste Leergang 1903.

Na die oorlogsjare word die eerste aanknopingspunt in bogenoemde verband in die „Kode" wat deur F. Ware in 1903 uitgevaardig is, verkry. Alhoewel die benaming „Elementary" gebruik is, gee die geskrif ook besonderhede aangaande die leergange vir middelbare onderwys, dit wil sê leerstof vir leerlinge bo standerd III.

Die betrokke leergang gee die leerstof in vier afdelings, naamlik Melodietoetse; Ritmiese toetse; Melodie- en Ritmiese toetse; en Gehoortoetse. Met ander woorde daar was 'n beklemtoning van die volgende aspekte: ontwikkeling van 'n sin vir toonhoogte; 'n sin vir ritme; 'n sin vir melodie met die gehoor as uitgangspunt - opvoedkundig 'n gesonde benadering; maar ongelukkig is daar in die uiteensetting van die leerstof 'n oorbeklemtoning van besonderhede i.v.m. tegniek en teorie te bespeur. Die gebrek aan behoorlik opgeleide onderwysers,

---

1) Verslag : Provinsiale Onderwyskommissie 1939, 162 - 163.


2) T.E.D.: Regulations for Elementary Schools with Schedules, 20 - 22.

soos reeds aangetoon, het waarskynlik die bereiking van 'n ideale toestand bemoeilik, en daarom dat die inspekteurs-rapporte in hierdie verband so 'n donker prentjie skilder.

Aangesien voorgenoemde leergang, soos verder ook sal blyk, vir baie jare as grondslag vir skoolmusiek sou dien, gee ons kortliks 'n uiteensetting van die belangrikste besonderhede.

(a) Standerd IV.

(i) Toonhoogtetoetse: Van die blad sing van die volgende materiaal: 'n kort melodie in die toonsoort van C-majeur met die volgende chromatiese uitbreidings daarby ingesluit:



Opmerking: Die F moes vanaf G benader word en weer tot G terugkeer, terwyl die Bb vanaf C benader moes word en dan na A moes beweeg.

(ii) Ritmiese toetse: Eenvoudige oefeninge in $\frac{4}{4}$- en $\frac{3}{4}$- tyd met gebruikmaking van die volgende nootwaardes: 𝅝 , 𝅗𝅥 , 𝅗𝅥. , ♩ , ♪ , asook die halwe noot se verteenwoordigende rusteken. Die oefeninge moes sonder toonhoogteverandering op die lettergreep „do" gesing word.

(iii) Toonhoogte en ritme in kombinasie: Dit was oefeninge wat die voorgaande twee aspekte in die vorm van melodiese oefeninge gekombineer het.

(iv) Gehooroefeninge: Die benoeming van enige drie opeenvolgende note van die toonleer van C-majeur, nadat dit deur die onderwyser vocrgespeel of voorgesing is. Die tonika-akkoord moes vooraf gespeel word.


(b) Standerd V en hoër.

Hier word twee afdelings onderskei, naamlik Balkskrif en Solfanotasie.

(i) Balkskrif:

(a) Toonhoogtetoetse: Eenvoudige diatoniese oefeninge in die majeurtoonsocrte van G, D, F en Bb. Die verhoging var die vierde trap en die verlaging van die sewende trap van die toonleer soos vir standerd IV aangedui, bly hier van toepassing.

'n Eenvoudige oefening in die toonsoort van A-mineur, met die volgende voorwaarde: die verhoogde sewende moes altyd soos volg hanteer word:



(b) Ritmiese toetse: Soos vir standerd IV met byvoeging van gepunteerde kwartnote asook kwartnootrustekens.

(c) Eenvcudige oefeninge wat voorgaande twee aspekte kombineer.

(d) Gehooroefeninge: Soos vir standerd IV, maar nou word vier in plaas van drie note gebruik.

(e) Liedere: Ten minste vyf liedere in twee of drie stemme, asook karons.

(ii) Solfa:

(a) Toonhoogte: Die mineur plus „se"; die chromatiese note „de", „re", „ma", „la", trapsgewys of gemaklik benader en verlaat.

(b) Ritme: $\frac{6}{8}$-, $\frac{9}{8}$- en $\frac{12}{8}$- tyd.

(c) Gehoortoetse: Benoeming van die solfaname van enige frase waar die melodie trapsgewyse beweeg of wel spronge maak na 'n noot var die tonika-akkoord, dit wil sê na òf „do" òf „me" òf „so" òf hoë „do". Verder ook die neerskrywe van die solfaname van 'n melodie wat enige noot van die toonleer asook „fe" mag bevat.

(d) Liedere: Soos onder Balkskrif geskets.

2. Die Leergang in Musiek vir Christelike Nasionale Onderwys, 1903 (C.N.O.-Skole.)

Hierdie leergang is uitgegee deur „De Commissie Voor C.N.O." en wel in Pretoria in 1903. In verband met „Middelbare Onderwijs" (Standerds IV, V en VI) moes daar vir een uur per week sangonderrig gegee word.[1)]

In Standerd IV moes die leerlinge gebruik maak van „150 Zangoefeninge voor School en Huis" van H. Visscher. Daar moes vanaf nommers 41 tot 92 uit hierdie sangbundel geoefen word. Voorts moes die leerlinge ook nog psalms en gesange van note af leer sing. In standerds V en VI word verdere oefeninge uit die voorgenoemde sangbundel gegee, tesame met van die blad sing van eenvoudige sangstukkies in die G-sleutel. Twee- en meerstemmige liedere word ook aanbeveel.[2)] Hier val die klem op volksliedere:

„Toch willen we sterk aanbevelen het zingen van zoodanige volksliederen, waar liefde tot Land en Volk en Taal en onze glorievolle geschiedenis wordt aangekweekt. Op heden is het aantal geschikte liederen op dit terrein nog klein."[3)]

3. Bepalinge vir Laer en Middelbare Skole 1909.

Gedurende die jaar 1909 verskyn daar belangrike voorskrifte oor leerplanne,[4)] maar oor Musiek aan die middelbare skool is daar slegs gemeld dat Sang as 'n opsionele vak vir seuns en 'n verpligte vak vir dogters beskou moet word.[5)]

---

1) Commissie Voor C.N.O.: Leerplan voor de Scholen voor Christelijk Nationaal Onderwijs, 6 - 7.
2) Ibid., 43 - 44.
3) Ibid., 44.
4) T.O.D.: Bepalingen en Leergangen voor Lagere en Middelbare Scholen 1909.
5) T.O.D.: Ibid., 77.

Met betrekking tot die leergang self word die volgende vae opmerking gemaak:[1]

„Singing: In accordance with any approved system."

Die leergang van 1903 het dus in werking gebly soos ook blyk uit 'n latere uitgawe van die Onderwysdepartement,[2] wat in die jaar 1913 verskyn het.

Interessant en insiggewend is die inligting aangaande die tydsbesteding aan Sang aan die middelbare skole, soos opgeneem in die jaarverslag van die Direkteur van Onderwys.[3]

(a) Cleveland High School: driekwart uur per week in alle vorms, maar geen Sang in vorms Va en VI nie.

(b) Eendracht Hoër Skool: gemiddeld 'n uur per week vir elke vorm.

(c) Jeppe High School: een en 'n half uur per week vir vorms I, II en III asook vir vorm Va. Vir vorms IVa, IVb en Vb is daar slegs voorsiening gemaak vir sangonderrig vir dogters en wel vanaf 1,30 tot 2 in die middag.

(d) Girls High School, Pretoria: Sang was 'n opsionele vak vir vorms I, II, III en IV en wel vir 'n uur gedurende Saterdae.

Volgens die jaarverslag van die Direkteur van Onderwys[4] was toestande met betrekking tot die „Schoolcertifikaat Examen van 1909" soos volg:

	Mededingende Scholen	Kandidate Toegelaat	Kandidate Geslaag.
Zingen:	3 (1)	16 (14)	81.2% (100%)

Let Wel: Die syfers tussen hakies dui die getalle van die vorige jaar aan.

---

1) T.O.D.: Bepalingen en Leergangen voor Lagere en Middelbare Scholen 1909, 85.

2) T.E.D.: The Curricula of Schools for General Education, 1913.

3) T.O.D.: Jaarverslag 1908 - 1909, bladsye 112, 116, 120 en 138 respektiewelik.

4) T.O.D.: Jaarverslag 1909 - 1910, 234.

4. Leergang 1917.

Die volgende belangrike leergang verskyn in 1917 en staan bekend as „Leergangen voor de vernaamste vakken onderwezen op die gewone lagere school en voor de vernaamste middelbare leervakken, alsmede die biezondere middelbare leergangen voor handelsvakken en huishoudkunde." Volgens Coetzee[1] was dit die eerste poging om leergange aaneenlopend saam te stel vir die tien jaar van standerd I tot X. Oor skoolmusiek verskyn slegs die volgende opmerking:

„in overeenstemming met een erkende methode", sodat die leergang nog geskoei bly op die lees van die leergang van 1903.

Volgens P.K. du Toit[2] was daar dan ook in die jare 1912, 1913, 1914, 1915 en 1916 geen kandidate vir Musiek in die eksamen vir die Sekondêre Skoolsertifikaat (einde vorm IV) nie. Hierdie gegewens dui op die gebrek aan belangstelling vir musiek.

5. Die Leergange van 1923 en 1925.

Hierdie leergange van die Onderwysdepartement hou geen noemenswaardige besonderhede of veranderinge ten opsigte van musiek in nie.

6. Wenke insake Leergange 1929.

Gedurende die jaar 1929 verskyn daar 'n brosjure van die Onderwysdepartement[3] wat meer lig werp op die leergang vir die vak Skoolmusiek. Alhoewel hoofsaaklik vir laer skole bedoel, was daar ook waardevolle wenke vir intermediêre en middelbare skole, wat ons kortliks opsommend weergee:[4]

---

1) Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838 - 1937, 131.
2) Du Toit: 'n Histories-Kritiese Studie van die Transvaalse Leerplanne vir Middelbare Onderwys, 158.
3) T.O.D.: Regulasies Betreffende Laerskole vir Blanke Kinders met Wenke insake Leergange.
4) Ibid., 19.

(a) Die werk van die laer skool moet voortgesit word. Die solfametode moet nou geleidelik vergesel word van en selfs vervang word deur die gewone noteskrif.

(b) Driestemmige liedere is moontlik in die laer vorms, terwyl vierstemmige liedere in die hoogste vorms beoefen kan word.

(c) Musiekwaardering en die skep van eie melodieë moet 'n bepaalde deel van die werk uitmaak.

(d) Met die oog op die aanmerklike getal ouer leerlinge wat vaardigheid verkry het in die bespeling van 'n instrument, sou dit die moeite loon om die oprigting van 'n strykkwartet of klein orkes te oorweeg, dit wil sê waar die skool oor 'n onderwyser met die vereiste kennis en bekwaamheid beskik.

In verband met die voorgeskrewe werk vir standerd VI word die volgende aspekte beklemtoon: Die sing van liedere waarvan die standaard en ingewikkeldheid steeds toeneem. Alhoewel meerstemmige sang moontlik is, moet die eenstemmige lied nie verwaarloos word nie. Betreffende stemverandering by seuns word daar gewaarsku teen te veel inspanning van die stemme in hierdie stadium. Gedurende die periode van stemverandering is dit moeilik om behoorlike kontrole oor individuele stemme uit te oefen en buitendien word die skone in die sang deur sodanige stemme bederf. Hierdie seuns moet dus glad nie sing nie, maar as hulle nie te veel is nie, kan hulle die sangles bywoon en daarna luister.

Die volgende besonderhede aangaande musiekwaardering word gegee[1]: Volksmusiek word beklemtoon, terwyl lesse oor die musiek en lewens van groot komponiste, lesse oor dansvorme, die eerste begrippe van musiekvorme en die instrumente van die orkes ook 'n geregverdigde plek kry. Die grammofoon

---

1) T.O.D.: Regulasies Betreffende Laerskole vir Blanke Kinders met Wenke insake Leergange, 22.

moet ter illustrasie van bogenoemde aspekte benut word.

Met betrekking tot die tegniese en teoretiese werk kom die volgende aspekte in aanmerking:[1)]

(a) Melodie: Oefeninge in die toonladder van A-mineur: harmonies en melodies. Voorts ook oefeninge in die majeur-toonladders van C, G, F, D en Bb, geïllustreer op die swartbord en gesing op die solfaname.

(b) Maat: Oefeninge in $\frac{2}{4}$-, $\frac{3}{4}$-, $\frac{4}{4}$- en $\frac{6}{8}$- tyd.

(c) Maat en Melodie: Oefeninge wat bogenoemde twee aspekte in kombinasie omsluit.

(d) Gehooroefeninge:

(i) Benoeming van die note van 'n frase van vier note met inbegrip van „fe" en „ta", nadat dit twee maal voorgespeel of voorgesing is.

(ii) Die onderwyser dikteer die maatname, die klas sing op „do".

(iii) Oefeninge in die plaas van maatname by welbekende liedere of arias.

(iv) Wat solfa betref, word transponeeroefeninge beklemtoon.

Indien 'n mens die inhoud, die wenke en die ideale van voorgenoemde leergang met die ongunstige inspekteursrapporte oor sang gedurende die jare vergelyk, dan blyk dit duidelik hoe ver die teorie van die praktyk verwyder was. In hierdie verband dink ons veral aan die wyse waarop daar in die genoemde leergang voorsiening gemaak word vir die verskillende ervaringsgebiede van musiek soos bv. teoretiese aktiwiteite, musiekwaardering en instrumentale aktiwiteite.

---

1) T.O.D.: Regulasies Betreffende Laerskole vir Blanke Kinders met Wenke insake Leergange, 27.

7. Regulasies en Sillabusse vir die Transvaalse Junior-sertifikaateksamen 1934.

Die Transvaalse Onderwysdepartement publiseer gedurende 1934 'n gekombineerde sillabus vir Musiek vir standerds VII en VIII, tot op daardie datum die belangrikste wat vir middelbare onderwys verskyn het.[1] Die Onderwysdepartement stel dit dan ook in die Inleiding[2] duidelik dat skoolmusiek 'n „klassikale vak" moet wees, verpligtend soos byvoorbeeld Godsdiensonderrig, sonder enige vrystellings, uitgenome hoogs seldsame gevalle waar bewys kan word dat 'n leerling totaal ongeskik is om sodanige kursus met vrug te volg.

Wat die lesrooster betref, word die volgende inligting verskaf:[3] Skole wat Musiek as vak vir die Juniorsertifikaateksamen wil gee, sal twee lesse van 40 of 45 minute per week nodig hê. Die ander skole sal oor die algemeen nie meer as een les per week kan gee nie. Omdat hierdie leergang die eerste volledige leergang vir standerds VII en VIII in die geskiedenis van Transvaalse Middelbare Skole is, verdien dit noodwendig ons aandag. Hier volg nou kortliks 'n samevatting van die belangrikste aspekte wat in dié leergang in aanmerking kom, en wat 'n aanduiding is van wat moontlik in die skole gebeur het.

(a) Algemeen: Behalwe waar die klasse baie groot is, word standerds VII en VIII vir hierdie vak as een groep geneem vir 'n kursus wat oor twee jaar strek. Volgens die samestellers van die leergang sal die klas dan groot genoeg wees om liedere en koorsang behoorlik uit te voer. Seuns wat as

---

1) T.O.D.: Regulasies en Sillabusse vir die Transvaalse Juniorsertifikaateksamen, 69.

2) Ibid., 69 - 71.

3) Ibid., 71.

gevolg van stemverandering nie kan sing nie, moet deur 'n tweede onderwyser in 'n ander deel van die sillabus onderrig word.

(b) Solfa: Stemoefeninge moet voortgesit word volgens die algemene metode soos in die leergange vir die laer skole neergelê. Aangesien die stemme van meisies in hierdie stadium as volwasse soprane en alte gevorm word, moet stemoefeninge versigtig en oordeelkundig gekies word. Wat die sang self betref, behoort die hoofdoel van die werk te wees: genot, artistieke uitvoering, die bereiking van die hoogs moontlike peil in stemproduksie.

(c) Van die blad sing: Hier is daar drie weë vir die onderwyser oop:

(i) Uitsluitlike gebruik van die solfametode.

(ii) Gebruik van gewone noteskrif as 'n oordrag van die solfanotering.

(iii) Begin met solfametode om dan later by die gewone noteskrif aan te sluit, wanneer eersgenoemde metode eers goed verstaan word.

Die samestellers spreek hulle ten gunste van laasgenoemde benadering uit. Die strewe moet wees om die leerlinge so ver te kry dat hulle aan die einde van die kursus in staat sal wees om die gewone noteskrif, waar dit betrekking het op die lees van sangpartye, te begryp en te lees. Seuns moet geleer word om in albei die G-sleutel en die Bas-sleutel te lees.

(d) Gehooroefeninge:

(i) Waardering van die musikale uitwerking van verskillende ritmes.

(ii) Onderskeiding van verskillende klankkleure.

(iii) Suiwer sing met o.a. spronge van 'n oktaaf.

(iv) Onderskeiding tussen harmonie en wanklank.

(v) Herkenning van majeur en mineur en hulle musi-

kale uitwerking, veral by modulasie.

(vi) Waarneming van wysiging in toonaard.

(e) Musiekwaardering: Hier word vormleer beklemtoon want dit is die wesenlike kern van musiek. Die leerlinge moet leer om temas uit werke te herken, asook die instrumente wat in sekere gedeeltes gebruik word. Vir die waardering van musiek is 'n musikale geheue die hoofeienskap.

(f) Instrumente: 'n Kennis van die instrumente van die orkes word verwag.

(g) Melodiebou: Hier word „Melody Making" van sir Walford Davies as leidraad aanbeveel. Ten slotte word ook 'n lys van geskikte liedere vir klassang as leidraad vir die onderwyser genoem.

Uit voorgaande uiteensetting blyk duidelik dat hierdie leergang nie vir doeleindes van 'n suiwer Juniorsertifikaat-eksamen opgestel is nie, maar veel eerder vir Musiek as algemene kulturele vak. Dit kan ook afgelei word uit die volgende belangrike opmerking:[1] „Die Musieksillabus moet sodanig wees dat dit goed binne die natuurlike bekwaamheid van die gemiddelde leerling is om te volg en te geniet, dit wil sê die leerling wat geen spesiale musikale bekwaamheid besit en nie die voorneme het om 'n professionele musikus of, uitgesonderd as lid van 'n koor of 'n orkes, 'n publieke sanger of speler te word nie."

8. Voorwaardes en Sillabusse vir die Transvaalse Junior-sertifikaateksamen 1938.

Daar is nie 'n wesenlike verskil tussen hierdie leergang en die van 1934 nie, behalwe ten opsigte van die volgende:[2] Die leerplan was vir twee tipes van leerlinge bedoel:

---

1) T.O.D.: Regulasies en Sillabusse vir die Transvaalse Juniorsertifikaateksamen, 69.

2) T.O.D.: Voorwaardes en Sillabusse vir Transvaalse Juniorsertifikaateksamen, 112.

(a) Leerlinge wat Musiek as een van die sewe vakke vir die Transvaalse Juniorsertifikaateksamen wil aanbied. Hulle sal 'n hoeveelheid tyd wat gelykstaan aan vier periodes per week, daaraan bestee.

(b) Leerlinge wat Musiek as gewone klasvak, en nie as eksamenvak nie, neem, en wat dus nie meer as een periode per week daaraan kan wy nie.

In laasgenoemde geval word daar voortgebou op die reeds behandelde 1934-leergang; met ander woorde, dit omvat 'n sillabus wat goed binne die natuurlike bekwaamheid van die gemiddelde leerling val, en waarvoor hy geen spesiale musikale aanleg en vaardigheid hoef te hê nie. Wesenlik het ons dan hier ook met die 1934-leergang te doen, sover dit Musiek vir nie-eksamendoeleindes betref.

9. Voorgestelde Leergang vir Musiek: Grade tot St. VIII: 1942.

Soos die 1938-leergang, is hierdie leergang ook vir twee tipes leerlinge bedoel: die wat Musiek as kulturele vak neem en die wat Musiek as eksamenvak neem. Die leergang vir Musiek as kulturele vak dien besondere vermelding, aangesien dit, met minder belangrike wysigings, in gebruik gebly het tot met die verskyning van die 1957-leergang vir Musiek (Interim). Die Musiekleergang wat in 1947 verskyn het, asook die leergange wat in 1948 en 1952 verskyn het, is wesenlik dieselfde as die leergang vir Musiek: Grade tot Standerd VIII, 1942. Aangesien ons hierdie leergang in 'n volgende hoofstuk, waar ons leerplanne gaan vergelyk, sal bestudeer, word die inhoud daarvan nie hier verder bespreek nie.

10. Voorgestelde Leergang vir Musiek (Interim) vir die Middelbare Skool (Standerds VI, VII en VIII): 1957.

Die Onderwyskommissie van 1953[1] het alreeds gewys op leemtes in die bestaande musiekleergange en 'n aanbeveling gedoen, nl. dat daar vir die middelbare skool 'n leergang vir Musiek as klasvak vanaf standerds VI tot X uitgewerk moet word, bo en behalwe die leergang vir individuele eksamens. Die Adviserende Musiekkomitee[2] het dan ook, deels as gevolg van voorgenoemde aanbeveling, aan die werk gespring en die „Interim Musiekleergang vir Middelbare Skole; Standerds VI - VIII" in 1957 die lig laat sien. Die oogmerke van hierdie leergang word uit die volgende aanhaling duidelik:[3]

„Die volgende interim sillabus vir middelbare skole moet gebruik word tot tyd en wyl die laerskoolleerlinge deur hulle nuwe sillabus gewerk het. Daarna sal die St. V-leerlinge moontlik in staat wees om eenvoudige balkskrif te kan lees. Sodra hierdie stadium bereik is, sal 'n meer uitgebreide sillabus gebaseer op die laerskool-leergang wat progressief tot St. 10 gaan, ingevoer word."

Vir die inhoud van hierdie leergang verwys ons na hoofstuk II Afd. B., waar die leergange van die vier provinsies vergelyk word.

11. Opmerking.

Op die oomblik werk die Adviserende Musiekkomitee aan 'n leergang vir die middelbare skool vir standerds VI, VII en VIII. Indien verkrygbaar, sal hierdie leergang in 'n volgende hoofstuk bespreek word. (Kyk asseblief hoofstuk II Afd. B., bladsy 65).

---

1) Kyk bl. 34.

2) Kyk bl. 34.

3) T.O.D.: Voorgestelde Leergang vir Musiek (Interim) 1957, Inleiding.

D. GESKIEDENIS VAN SKOOLMUSIEK VANAF DIE BEGIN VAN DIE VEERTIGER JARE.

1. Volgens inspeksierapporte.

Tussen die jare 1940 en 1945 toon die inspekteursrapporte nog steeds ontevredenheid met die toestand van Sang aan die skole. Ons verwys in hierdie verband na twee inspekteursrapporte. Gedurende die jaar 1943 rapporteer inspekteur T.W. Jandrell[1] soos volg:

„Musiek as skoolvak skitter by die meeste skole deur sy afwesigheid. Onderwysers is geensins verplig om enige skema vir iemand ter wêreld uit te skryf nf uit te voer nie en die inspektoraat as sodanig is nie by magte om die nodige oordeelkundige gesag te handhaaf nie. Deeltydse kragte word aangestel om die vak in die hoër skool waar te neem. 'n Behoorlik gekwalifiseerde opsigter dien nou vir die provinsie aangestel te word."

Inspekteur E. Steyn en W.T. Hurter[2] skrywe in dieselfde swartgallige toon:

„Hoewel almal glo dat 'n singende volk nie sterf nie en dat sang die stemming kan verruim, die newels kan verdryf, die arbeidsvermoë kan verhoog en die lewe kan veredel, bly dit tog 'n feit dat hierdie vak nog steeds die aspoester van die lesrooster is."

Hulle spreek verder die hoop uit dat die „onlangse" aanstelling van 'n Organiseerder van Musiek ten gevolg sal hê dat die „droë Kalaharie van ons Sangonderwys uiteindelik onder water gebring sal word."

---

1) T.O.D.: Jaarverslag 1943, 59.

2) T.O.D.: Jaarverslag 1945, 107.

Hulle hoop was in 'n sekere mate nie vergeefs nie. Die aanstelling van 'n Organiseerder van Musiek het, sover dit binne die beperkende vermoë van een persoon lê, verligting gebring. Dit word dan ook uit die inspeksierapporte van 1947 en daaropvolgende jare duidelik dat daar verbetering ingetree het, veral ten opsigte van die toestand van Sang in die laer skool. So byvoorbeeld rapporteer inspekteurs W.M. de Villiers, B.O. Meyer en B.J. Viljoen[1] dat Sang sedert die aanstelling van 'n Organiseerder van Skoolmusiek, tot sy reg kom. Die feit dat die belangstelling geleidelik toeneem, is verblydend.

Inspekteur J.C. Pauw[2] verklaar egter dat sy waarnemings hom tot die oortuiging lei dat daar veel meer aan musiekwaardering gedoen kan word. Klaarblyklik het hy veral die middelbare skool in gedagte. Hy beklemtoon tereg die waarde van 'n goeie grammofoon en 'n gekeurde platebiblioteek om kinders se musieksmaak te verfyn.

Dit is beslis jammer dat die destydse Organiseerder van Musiek nie langer in hierdie kapasiteit sy besielende arbeid kon voortsit nie, want gedurende 1949 word daar met groot lof van sy werk gepraat.[3] „Groot vordering is gemaak in die onderrig van musiek, en hiervoor kom alle lof toe aan mnr. M.C. Roode wat tot onlangs opsiener van die vak was."

Ook inspekteurs L. de Villiers, I.R. Griffith en E.H. Hudson[4] maak melding van die vordering en vooruitgang van die vak onder die bekwame leiding van die Organiseerder van Musiek. Met die volgende woorde slaan hulle egter die spyker deeglik

---

1) T.O.D.: Jaarverslag 1947, 42.

2) Ibid., 93.

3) T.O.D.: Jaarverslag 1949, 38.

4) Ibid., 44.

op die kop: „As gevolg van die geweldige tekort aan behoorlik opgeleide leerkragte, word die werk aansienlik gestrem."[1)]

Gedurende die jare 1949 tot 1952 was daar geen Organiseerder van Musiek in Transvaalse skole nie, met 'n noodwendige verslapping in die werk. Inspekteurs P.J. de W. Conradie, B.O. Meyer, J.G. Nel en W.J. Snyman beklemtoon 'n grondiger onderrig in die solfanotasie en noteskrif, al is dit dan net op elementêre grondslag. Daardeur sal die leerlinge aangemoedig kan word om selfstandig musiek te lees en te beoefen.[2)]

Die rapport van F.J. van Schouwenburg[3)] is onses insiens baie belangrik veral omdat die probleem van opgeleide onderwysers vir skoolmusiek hier onder die soeklig kom. Volgens dié rapport het die Transvaalse Onderwysdepartement by 'n paar hoër skole met die proefneming om voltydse musiekonderwyseresse aan te stel, begin. Die inspekteur spreek sy spyt uit dat hierdie proefneming so gou weer laat vaar is, veral omdat daar so 'n groot aanvraag na musiekonderwyseresse by die verskillende skole was.

Ons vind dus 'n eienaardige toestand van sake: aan die een kant 'n groot behoefte aan musiekonderwyseresse, en aan die ander kant die afdanking van dié wat wel daar was. So 'n toedrag van sake het uiteraard nie as aanmoediging vir aspirant-musiekonderwyseresse gedien nie.

---

1) T.O.D.: Jaarverslag 1949, 44.

2) T.O.D.: Jaarverslag 1951, 75.

3) Ibid., 125.

Inspekteur J.C. Pauw maak in sy rapport ook melding van die noodsaaklikheid om in die skole in die onderrig van Musiek meer klem op die lees van musiek te laat val. Hierdie aspek is inderdaad baie verwaarloos.

Samevattend mag ons dus beweer dat die inspekteurs, behalwe in die jare 1946 - 1949, met enkele uitsonderings nie tevrede was met die toestand van die vak soos dit in die verskillende skole aangetref is nie. Vir die middelbare skool geld bogenoemde opmerking in 'n besondere mate.

Gedurende die jaar 1953 is daar weer twee Organiseerders van Musiek vir Transvaalse skole aangestel,[2] by name J.H. van Eck en C.P. Lamprecht. Soos uit die verslag van die De Villiers-kommissie blyk, was daar 'n werklike behoefte by skole aan leiding en voorligting betreffende die onderrig van skoolmusiek. Met hierdie aanstellings en veral ook deur die skepping van nog twee bykomende organiseerdersposte, wat gedurende die jaar 1956 deur die here W.F.B. Steenkamp en A. de Klerk aanvaar is, is 'n besliste leemte gevul.[4] 'n Verdere uitbouing van die werk en ideale van die eerste Organiseerder van Musiek is dus moontlik gemaak.

Gedeeltelik kan die eerste vrugte al gesien word: deur middel van besoeke aan skole, demonstrasies, skoolmusiekkursusse, nuwe leergange, geskikte nuwe liederebundels, handleidings oor metodiek, en strokiesfilms word baanbrekerswerk gedoen. Inspekteur P.J. de W. Conradie[5] maak tereg melding

---

1) T.O.D.: Jaarverslag 1951, 135.

2) T.O.D.: Jaarverslag 1953, 164.

3) Kyk bl. 34.

4) T.O.D.: Jaarverslag 1956, 5.

5) Steenkamp en De Klerk: Ritme en Melodie, Voorwoord.

van die feit dat daar nou 'n rigting ingeslaan word wat uiteindelik die skoonste vrugte vir ons volk se musieklewe behoort af te werp. Die verskillende Organiseerders hou steeds die Onderwysdepartement op hoogte van sake ten opsigte van die algemene standaard en doeltreffendheid van die onderrig van hierdie vak op die skole. Uiteraard was hulle aandag aanvanklik toegespits op die laer skool, sodat bogenoemde vordering hoofsaaklik met hierdie soort skool verband hou. Hopelik sal die middelbare skool in die toekoms in 'n groeiende mate ook die aandag geniet. Dat die Organiseerders nie tevrede met die toestand van hierdie vak op die middelbare skool is nie, blyk uit hulle rapporte.[1]

2. Musiek in Transvaalse Skole volgens die Onderwyskommissie van 1953.

Soos uit die voorberig blyk,[2] het die rapport gegaan oor „the position regarding music in our schools and furnish recommendations thereanent."

Die komitee het bestaan uit die here L. de Villiers (voorsitter), J.E. Davies, W. Abenroth en mej. S.J. Welman en moes oorleg pleeg met prof. G. Bon en mnr. John Connell. 'n Memorandum opgestel deur mnre. J.H. van Eck en C. Lamprecht, Organiseerders van Musiek vir Transvaalse skole, is ook benut vir bogenoemde taak. In die rapport word dan aandag aan die volgende aspekte van die vraagstuk geskenk:

(a) Die toestand van hierdie vak in die skole.

In die eerste plek word daar gewys op die feit „that the standard and nature of achievement in music varied very much from school to school."[3] Sommige skole, insluitende 'n

---

1) Kyk Organiseerdersverslae, bl. 35.
2) T.E.D.: Music in Transvaal Schools. Report of Departmental Committee 1953.
3) Ibid., 3.

paar hoër skole, se werk getuig van 'n hoë standaard in skoolmusiek, maar daar was, helaas, ook ander skole waar feitlik niks in verband met skoolmusiek gedoen is nie.[1)]

In die tweede plek word daar gewys op 'n gebrek aan koordinasie, veral ten opsigte van 'n deurlopende aaneenskakelende ontwikkelingsgang in die verskillende fases van skoolopvoeding met betrekking tot skoolmusiek.

Volgens die komitee was daar in die derde plek 'n groot behoefte aan leiding en voorligting betreffende die onderrig van skoolmusiek, en wys hulle op die versoeke vir die aanstelling van 'n organiseerder van musiek.[2)]

Volgens die rapport[3)] is daar verskillende redes waarom die prosedure om die gewone klasonderwyser verantwoordelik te maak vir sangonderwys, nie altyd geslaag is nie. Die volgende redes word onder andere genoem:

Eerstens is daar baie onderwysers wat nie oor die nodige begaafdheid beskik om aan die onderrig van die besondere vak reg te laat geskied nie. Tweedens is die leergange vir skoolmusiek so ambisieus dat onderwysers met 'n beperkte kennis nie geneë voel om hierdie taak op hulle skouers te neem nie. Derdens was die opleiding van onderwysers wat die gewone algemene professionele kursusse gevolg het, met betrekking tot skoolmusiek nie realisties en prakties genoeg nie. Boonop was die opleiding in skoolmusiek, vir die studente wat 'n vierjarige kursus gevolg het en wat in baie gevalle na die middelbare skool gegaan het, nog baie ontoereikend.

---

1) T.E.D: Music in Transvaal Schools. Report of Departmental Committee 1953, 3.

2) Ibid., 3.

3) Ibid., 7 - 8.

Die waarde van behoorlik opgeleide leerkragte vir skoolmusiek, veral met betrekking tot die middelbare skool, word uit voorgaande opmerkings duidelik. Hulle benadruk hierdie aspek op ondubbelsinnige wyse:

„Your committee considers that it is necessary to encourage teachers possessing the requisite qualities to specialise in developing school music in the Province."[1)]

Met betrekking tot skoolorganisasie, sover dit skoolmusiek betref, word daar na die volgende aspekte verwys:

Dikwels lewer die groot verskil in stemomvang by leerlinge probleme. Veral om hierdie rede lewer die gewone groepering van klasgroepe nie dieselfde bevredigende resultate soos vir die ander skoolvakke nie. Akademies homogene groepe mag musikaal en veral vokaal heterogene groepe wees. As oplossing vir hierdie probleem word die bekende sogenaamde „Synchronised Period System" vir gebruik aanbeveel.[2)]

Tweedens verwys hulle, i.v.m. skoolorganisasie, na die ekonomiese, positiewe benutting van die klasonderwyser met begaafdhede in musiek, maar wat ook onontbeerlik vir die onderrig van ander vakke is. Hier beveel hulle die sogenaamde „Rotary Period System" aan.

Derdens moet daar in die skoolorganisasie ook voorsiening gemaak word vir musikale aktiwiteite buite die gewone skoolure.[3)] Indien die skoolmusiekpraktyk op 'n hegte grondslag rus, sal die belangstelling van so 'n aard wees dat musikale bedrywighede buite die gewone skoolure ook goed ondersteun sal word.

---

1) T.E.D.: Music in Transvaal Schools. Report of Departmental Committee 1953, 5.

2) Ibid., 8.

3) Ibid., 9.

In die skoolorganisasie behoort ook voorsiening gemaak te word vir wat hulle noem „a scheme for individual music instruction during school hours."[1] Hier word aanbeveel 'n soort van rotasieskema waardeur elke leerling op verskillende tye elke week individueel musieklesse ontvang.

(b) Instrumentale Musiek op Skool.

Uit hulle ondersoek blyk dat die toestand van instrumentale musiek op skool soos volg is:[2]

Hoewel die Onderwysdepartement in die skole voorsiening maak vir groep- of klasonderrig, „teaching pupils to play instruments (piano, violin, etc.) has fallen to a very large extent outside the scope of a school as conducted by the Department."[3]

Die onuitgesproke beleid van die Onderwysdepartement was dus die volgende: die vermoë en vaardigheid om 'n instrument te bespeel, is 'n persoonlike en sosiale saak; 'n „home activity"; 'n bepaalde soort van spesialisasie wat uiteraard die verantwoordelikheid van die ouer is.

Die komitee het egter gevoel dat skoolmusiek nie tot sy reg kan kom in die middelbare skool, tensy daar ook aan leerlinge die nodige fasiliteite vir individuele instrumentale onderrig verskaf word nie. Sang in groepe mag nie die enigste doelstelling in musiek wees nie, omdat instrumentale aktiwiteite net so 'n belangrike deel van musiek uitmaak.[4]

Ten slotte beweer die komitee dat die Kaap en die Vrystaat alreeds vir baie jare 'n skema vir instrumentale musiekonderrig subsidieer met vrugbare resultate, sonder dat die werk van die

---

1) T.E.D.: Music in Transvaal Schools. Report of Departmental Committee 1953, 9.
2) Ibid., 11.
3) Ibid., 11.
4) Ibid., 11 - 12.

klas as groep, of die individuele vordering van die leerlinge, daaronder ly. Die komitee het dan ook in die lig van voorgaande aanbeveel:

„that a scheme for appointing music teachers at schools to give individual music lessons to fee-paying pupils be introduced."[1)]

Met betrekking tot groeponderrig in die bespeling van instrumente maak die komitee met waardering melding van die waardevolle werk van die Verdedigingsdepartement in sommige skole. Sodanige onderrig in die bespeling van blaasinstrumente lei ook tot vrugbare vryetydsbesteding.

(c) Fasiliteite vir Skoolmusiekonderrig.

Uit vraelyste wat die komitee uitgestuur het, blyk die volgende:[2)]

Die bestaande fasiliteite by skole is grotendeels te danke aan plaaslike inisiatief en ondersteuning, en die komitee beveel aan dat die Onderwysdepartement in toenemende mate finansiële ondersteuning in bogenoemde verband gee. Uit hulle ondersoek blyk duidelik die behoefte aan musiekkamers, musiekboeke, orkesinstrumente, grammofone en in 'n mindere mate klaviere.

(d) Die leergang vir skoolmusiek.[3)]

Die komitee voel dat hoewel die doelstellings i.v.m. skoolmusiek prysenswaardig is, die leergange te ambisieus is en die onderwysers daardeur afgeskrik word. Hulle vind dat daar in die skole veral verwarring heers oor die strydpunt aangaande die waardes van solfa teenoor die van staf-notasie.

---

1) T.E.D.: Music in Transvaal Schools. Report of Departmental Committee 1953, 12.
2) Ibid., 12 - 14.
3) Ibid., 14 - 15.

Volgens die komitee, en heeltemal reg ook, behoort die een stelsel die ander aan te vul. Hulle beklemtoon ook vokale aktiwiteite as die kern van die skoolmusiekprogram, terwyl musiekwaardering 'n ander baie belangrike afdeling is, wat deur feitlik alle tipes van leerlinge geniet kan word.

Ten slotte beveel hulle aan dat daar vir die middelbare skool 'n leergang vir skoolmusiek as klasvak vanaf standerds VI tot X uitgewerk moet word, bo en behalwe die leergang vir individuele eksamens.

(e) Algemene opmerkings.[1)]

Die komitee maak met waardering melding van die Onderwysdepartement se ondersteuning in verband met die rondstuur van die Johannesburgse Stadsorkes (soos ook onder ander in Skotland gedoen word) vir uitvoerings by die verskillende skole. Hulle voel egter dat daar in Transvaalse skole meer gedoen kan word betreffende die optree van begaafde musiek- en voordragkunstenaars voor die leerlinge.

Die hou van kunswedstryde, kompetisies, musiekfeeste en konserte het in sommige gevalle die musieklewe in Transvaalse skole gestimuleer (vergelyk die inspeksierapporte). Hulle waarsku egter teen oorbeklemtoning van kunswedstryde en spreek hulle uit ten gunste van musiekfeeste onder leiding van die organiseerders van skoolmusiek.

Ten slotte voel hulle dat daar 'n groot leemte in Transvaalse skole en kolleges is met betrekking tot 'n gekoördineerde opleiding- en voorligtingstelsel ten opsigte van musiek. Hulle beveel gevolglik die daarstelling van organiseerders van Musiek aan, asook 'n staande Adviserende Musiekkomitee waardeur die nodige koördinasie, beplanning en same-

---

1) T.E.D.: Music in Transvaal Schools. Report of Departmental Committee 1953, 16 - 17.

werking verkry kan word. So 'n komitee sal beslis waardevolle-werk kan verrig in verband met die verbetering van die toestand van hierdie vak op die verskillende skole, aldus die aanbeveling.

3. Die Verslae van die verskillende Organiseerders van Musiek.

Soos reeds gemeld, is daar vanaf April 1953 twee organiseerders van Musiek vir Transvaalse skole aangestel, nadat die poste vier jaar lank geadverteer was. Gedurende daardie tyd het die Departementele Musiekkomitee ondersoekwerk in verband met Musiekonderwys gedoen, waarvan die bevindings so pas bespreek is.

(a) Verslae van 1953.

Die bevindings van die organiseerders,[1] na besoeke aan die verskillende skole, kan soos volg samevattend weergegee word. Daar is wel belangstelling by die leerlinge en hulle is gretig om te sing. Hulle kan egter nie onafhanklik van klavierbegeleiding sing nie. Voorts is daar 'n groot behoefte aan gegradeerde klasliedere wat doeltreffend by die stemomvang en vermoë van ons kinders kan aanpas. Ewe groot is die behoefte aan voorligting aan onderwysers hoe om metodies en doelbewus te werk te gaan. Die hoofde moedig nie juis die vokale aktiwiteite aan nie en heelwat leerlinge bejeën nie die vak met die nodige erns nie. Die werk word ook gestrem deur die toekenning van onvoldoende tyd en die onbevredigende groepering van klasse. Slordige massasang is die onvermydelike gevolg hiervan.

Opfrissingskursusse wat op plekke soos Pretoria, Boksburg, Benoni, Pietersburg en Volksrust gehou is, het groot belangstelling gewek en blykbaar in 'n behoefte voorsien.

---

1) T.O.D.: Jaarverslag 1953, 164 - 166.

Bevindings wat meer spesifiek verband hou met die toestande van die vak op die hoër skole,[1] word soos volg geskets: Die posisie van bevoegde leerkragte vir die onderrig van skoolmusiek aan die middelbare skool, is nie net onbevredigend nie maar ook sorgwekkend. Die skema van deeltydse benutting van musiekonderwysers fungeer, hoofsaaklik vanweë swak besoldiging, nie doeltreffend nie. Slegs 10% van die hoër skole wat besoek ontvang het, gee sangonderwys in standerds IX en X. Oor die algemeen word sangonderwys verwaarloos behalwe by sekere skole waar bevoegde leerkragte werksaam is. Laasgenoemde word egter gestrem in hul werk omdat hulle nie genoeg tyd tot hulle beskikking het nie en boonop ook verantwoordelik is vir die onderrig van ander vakke.

(b) Verslae van 1955.

Die gesamentlike verslag van die organiseerders van Musiek [2] omvat die volgende noemenswaardige besonderhede: Gedurende die jare 1954 en 1955 was daar 'n aanmerklike vooruitgang in skoolmusiek te bespeur. Die hoofde se belangstelling bring mee dat 'n doeltreffender organisasie van die skoolvak in werking gestel is, terwyl raadpleging tussen kolleges en organiseerders ook 'n verblydende verskynsel is. Die aanstelling van twee bykomende organiseerders is van onskatbare betekenis vir die vak.

Die besluit om blokfluite aan skole beskikbaar te stel dra in 'n belangrike mate by tot die organisasie van die klaswerk: die sangaktiwiteite kan nou in die klaskamer plaasvind. Die aanstelling van die Departementele Musiekkomitee met die opdrag om 'n nuwe leergang saam te stel is prysenswaardig.

---

1) Organiseerder van Musiek: Halfjaarlikse Rapport, Desember 1953, 6 - 7.
2) T.O.D.: Verslag 1955, 142 - 144.

In die verslag word daar van die volgende tekortkomings en leemtes melding gemaak: In al die skole word nie voldoende tyd aan die vak afgestaan nie, terwyl 'n gebrek aan opgeleide leerkragte ook die vordering van die werk strem. Die betrokke organiseerders spreek die hoop uit dat 'n verdere verbetering van hoërskoolmusiekonderwys asook 'n ruimer voorsiening van personeel en lestyd by die onderwyskolleges hierdie probleem van 'n tekort aan leerkragte sal help oplos.

Die organiseerdes vind die werk by die hoër skole baie uiteenlopend: sommige hoofde stel 'n pragtige voorbeeld deur daadwerklike pogings om die vak tot sy reg te laat kom, terwyl daar andersyds ook, ongelukkig, 'n negatiewe gesindheid geopenbaar word. Laasgenoemde is veral die geval waar hoër skole Musiek bloot as versiering van die rooster beskou. Verder moet ook genoem word die „heillose saamgroeperings" van klasse vir sangdoeleindes, wat gelukkig in 'n mindere mate die gebruik is. Verblydend is: die tekens van opflikkering ten opsigte van blokfluitorkeste; blokfluitstudie soos in die leergang voorgeskryf; die bevordering van blaasorkeste by skole deur die Verdedigingsmag waardeur 'n meer intensiewe musieklewe by ons skole geopenbaar word. **

(c) Samevatting.

Uit die verslae van die organiseerders blyk dat daar wel in die afgelope paar jaar besliste vordering op die gebied van skoolmusiek gemaak is, veral ten opsigte van die laer skool. Die behoefte aan bevoegde leerkragte vir die onderrig van skoolmusiek word in al die verslae sterk beklemtoon. Ten slotte is dit ook duidelik dat musiek aan die middelbare skool nog nie op peil is nie, en dat die gesindheid van die hoof teenoor die vak veel kan bydra tot 'n negatiewe of positiewe benadering van die werk. In

baie middelbare skole word daar nie genoeg tyd vir hierdie vak afgestaan nie, met noodwendige verwaarlosing van sang-onderwys. Die tekens is egter daar dat ook hierdie vak in die toekoms aan die Transvaalse middelbare skool tot sy reg sal kom.

HOOFSTUK II.

'N OORSIG VAN DIE SKOOLMUSIEKLEERGANGE VIR MIDDELBARE SKOLE.

A. BUITELANDSE LEERGANGE: V.S.A., KANADA, ENGELAND, SKOTLAND, WALLIS, DUITSLAND, BELGIë, HOLLAND EN AUSTRALIë.

Die bestudering van die skoolmusiekleergange van bostaande lande gee in die eerste plek 'n verteenwoordigende beeld van die skoolpraktyk van die Westerse wêreld met betrekking tot die vak Musiek. Van die bekendste skoolmusiekopvoedkundiges het uit genoemde lande na vore getree om op een of ander wyse 'n positiewe bydrae ter bevordering van skoolmusiekaangeleenthede te lewer. Persone soos James L. Mursell, John W. Beattie, Peter W. Dykema, Jacob Kwalwasser, Carl Orff, Egon Kraus, Carl E. Seashore, Adriaan Heerkens, Willem Gehrels, Roger Fiske, Felix Oberborbeck, J.P.B. Dobbs en Osbourne McConathy het onteenseglik waardevolle bydraes gelewer sover dit skoolmusiekaktiwiteite in hulle onderskeie lande betref. Hulle werke verteenwoordig van die beste wat oor skoolmusiek geskryf is, en uiteraard het hulle ook die leergange van die betrokke lande vrugbaar beïnvloed. Die publikasies van bv. UNESCO, MENC. en die N.S.S.E., waarin bostaande lande goed verteenwoordig is, getuig ook van hulle besondere prestasies op die gebied van skoolmusiek.

Die betrokke leergange sal aan die hand van die volgende hoofpunte bestudeer en vergelyk word:

1. Vokale Aktiwiteite.
2. Luisteraktiwiteite.
3. Instrumentale Aktiwiteite.
4. Teoretiese Aktiwiteite.
5. Skeppende Aktiwiteite.

6. Ritmiese Aktiwiteite.

7. Samevatting.

1. Vokale Aktiwiteite.

(a) Die sentrale plek van vokale aktiwiteite in die onderskeie leergange.

Vokale aktiwiteite neem 'n sentrale plek in die musiek-leergange van die betrokke lande in. Die V.S.A.,[1] Engeland,[2] Skotland,[3] Wallis[4] en Holland[5] beklemtoon in hulle onderskeie leergange die gedagte dat vokale aktiwiteite die kern van die musiekleergang in die middelbare skool moet vorm. Die volgende woorde van 'n bekende musiekadviseur in Britse skole onderskryf die gedagterigting van hierdie lande:

„The voice is the primary agency we can use for providing musical experience and development, it is the most natural avenue of expression of the emotions."[6]

Bekende Nederlandse opvoedkundiges, die Raad van Onderwys, Dallas, Texas, asook die Onderwysdepartement van Nieu-Suid-Wallis neem sang as uitgangspunt by die opvoeding van die kind in Musiek.[7] Al singende moet die kind ook ervaring opdoen in die tegniese en teoretiese wetmatighede van musiek.

---

1) Ward : Music Education for High Schools, 29.

2) Board of Education: Handbook of Suggestions for Teachers, 180 - 187.

3) Scottish Education Department: Music in Secondary Schools; Introduction, 3.

4) Ministry of Education: Music in the Schools of Wales, 8.

5) Gehrels: Algemeen Vormend Muziekonderwijs, 220.

6) Hooper: Teaching Music to Classes, 79.

7) Heerkens: Over Schoolmuziek; Deel I, 37.
Board of Education; Dallas, Texas: Growth Through Music, 17.
Department of Education, New South Wales: Alternative Curriculum for use in Secondary Schools, 158.

(b) Eenstemmige en meerstemmige sangmateriaal.

By die bestudering van die onderskeie leergange is gevind dat die genoemde Westerse lande sonder uitsondering van die volgende sangmateriaal gebruik maak: eenstemmige liedere; diskante en kanons; liedere vir gelyke stemme; twee-, drie- en vierstemmige toonsettings in die hoër standerds.[1] Die sing van kanons as eerste vorm van meerstemmigheid word sterk beklemtoon.[2] Met betrekking tot die sing van liedere vir gelyke stemme, wil die Engelse en Skotse opvoedkundiges[3] die seuns en dogters vanaf hulle derde studiejaar vir sekere periodes apart neem. Sodoende kan die dogters vinniger vorder deur die sing van meerstemmige liedere vir gelyke stemme.

(c) Volksliedere.

In die betrokke leergange word daar 'n ereplek toegeken aan volksliedere, wat as kern moet dien waaromheen die ander sangmateriaal opgebou word. A. Heerkens,[4] hoofleraar van skoolmusiek in die Muzieklyceum, Amsterdam, beklemtoon hierdie gedagte:

„de levensechte volkseigene muziek is en moet het uitgangspunt, de normale en natuurlike basis zijn, waarop het muziekonderwijs worden opgetrokken."

Volksliedere word veral in Duitsland in die musiekleergang beklemtoon,[5] terwyl sewe van Amerika se gesaghebbende

---

1) Association of Assistant Mistresses in Secondary Schools: Memorandum on the Teaching of Music, 8 - 9.
Ward: Music Education for High Schools, 31.
Ministerie van Openbaar Onderwijs: Muziek, 20 - 21.

2) Ministerie van Openbaar Onderwijs: Muziek, 11 - 12.

3) Minister of Education: Music in Schools, Engeland, 23 - 24.
Scottish Education Department: Music in Secondary Schools, 4.

4) Heerkens: Over Schoolmuziek, Deel III, 18.

5) Richtlinien für Realschulen in Nordrhein-Westfalen, 104.

skoolmusiekopvoedkundiges die Amerikaanse volksmusiek in sy ryke verskeidenheid aan die leerlinge bekend wil stel.[1] Die leergang van die Rykskommissie van Advies insake Musiekonderwys doen dieselfde.[2]

(d) Ander opmerklike tendense.

In verband met die gebruik en keuse van sangmateriaal was die volgende tendense in die onderskeie leergange opmerklik:

(i) Liedere verteenwoordigend van 'n verskeidenheid van ervaringsgebiede: feesliedere, natuurliedere, arbeidsliedere, heimatliedere, oggendliedere, aandliedere, liedere van die jaargetye, vrolike liedere, treurige liedere, liefdesliedjies en speelliedjies.[3]

(ii) Religieuse liedere asook klassieke liedere van die groot meesters, in toenemende mate vir die gevorderde klasse. Kunsliedere word ook in hierdie verband beklemtoon.[4]

(iii) Verteenwoordigende liedere van ander volkere, veral die wat deur die eeue populêr geword het.[5]

(iv) Verder het dit ook geblyk dat die betrokke outoriteite by die keuse van die liedere oor die algemeen met die volgende aspekte rekening gehou het: geskikte omvang vir die

---

1) McConathy, Morgan, Mursell, Bartholomew, Bray, Birge en Miesner: World Music Horizons, 95.

2) Ministerie van Onderwijs, Kunsten en Wetenschappen: Mededelingen, 160.

3) Fritz Jöde: Frau Musica.
Heerkens: Over Schoolmuziek, Deel II, 63.
Mursell: Music in American Schools, 109 - 113.
Orff: Orff-Schulwerk: Musik für Kinder.

4) Unesco: Music in Education, 138.
Board of Education: Handbook of Suggesticns for Teachers, 179.
Mursell: Music in American Schools, 109 - 110.

5) McConathy, Morgan, Mursell, Bartholomew, Bray, Birge en Miesner: World Music Horizons.
Heerkens: Over School Muziek, Deel II, 63.
Orff: Orff-Schulwerk: Musik für Kinder, Bceke IV en V.

verskillende stemme; goeie kwaliteit; belangstellingsrigtings van die leerlinge; vermoëns van die leerlinge; die mate waarin die inherente musikale waardes van ritme, melodie en harmonie na vore tree; die interessante en opvoedkundige waarde van die woordinhoud en ten slotte die besondere seggingskrag en stemming wat deur die liedere weerspieël word.

2. Luisteraktiwiteite in die Middelbare Skole van die betrokke lande.

(a) Die plek van luisteraktiwiteite in die onderskeie leergange.

Die V.S.A.,[1] Kanada,[2] Engeland,[3] Skotland,[4] België,[5] en Australië[6] gee in hulle onderskeie musiekleergange 'n regmatige en belangrike plek aan luisteraktiwiteite, gewoonlik in toenemende mate in die hoër standerds. In bogenoemde verband vertolk die houding van die Onderwysdepartement van Nieu-Suid-Wallis[7] in 'n groot mate die standpunte van bogenoemde lande. Daar moet aan die leerlinge voldoende geleentheid verskaf word om na goeie musiek te luister, veral na die wat bo hulle eie uitvoerende bekwaamheid lê. Die leerlinge moet leer om te onderskei, hulle moet gevorm word tot intelligente luisteraars met n goeie smaak vir musiek.

---

1) ISME: Foundations Underlying a Balanced Program in Music Education, 4.

2) Unesco: Music in Education, 253.

3) Hale: Education for Music, 214.

4) Scottish Education Department: Music in Secondary Schools, 9.

5) Ministerie van Openbaar Onderwijs: Muziek, 5.

6) Department of Education; New South Wales: Alternative Curriculum for use in Secondary Schools, 150 - 151.

7) Ibid., 171.
Board of Education; Dallas, Texas: Growth Through Music, (Grades I - XII), 25.

(b) Klankkleur: In die onderskeie leergange van die verskillende Westerse lande vind ons sonder uitsondering luistermateriaal gekies ter illustrasie van die klankkleure van die verskillende instrumente van die orkes. So bv. beklemtoon die Skotse Onderwysdepartement[1] in 'n voorgestelde driejarige leergang vir die middelbare skool, luistermateriaal ter illustrasie van die volgende: klankkleure van afsonderlike instrumente; klankkleure van die vier groepe van die orkes: strykgroep, houtblaasgroep, koperblaasgroep en perkussiegroep; en ten slotte die klankkleure van sekere groeperinge van instrumente ter wille van bepaalde orkestrale effekte. Ook die Belgiese Ministerie van Onderwys[2] beklemtoon luistermateriaal waardeur die klankkleure van die verskillende instrumente kenbaar word.

Aansluitend by bogenoemde beklemtoon Westerse opvoedkundiges luistermateriaal ter herkenning van die klankkleure van die verskillende stemtipes.[3] Inskerping in die onderskeiding van die klankkleure van die volgende stemtipes word benadruk: sopraan, alt, tenoor en bas.[4]

(c) Musikale ontwerp en vormleer: By die bestudering van die verskillende leergange met betrekking tot luisteraktiwiteite, tref die beklemtoning van hierdie aspek die student. Luistermateriaal gekies ter illustrasie van die verskillende musiekvorme, word deurgaans in alle leergange op een of ander

---

1) Scottish Education Department: Music in Secondary Schools, 18 - 20.

2) Ministerie van Openbaar Onderwijs: Muziek, 9.

3) Board of Education; Dallas, Texas: Growth Through Music, (Grades I - XII), 9.

4) State Department of Education: Music Source Guide for New Hampshire Teachers, 33 - 34.
Andrews en Leeder: Guiding Junior-High-School Pupils in Music Experience, 79 - 80.

wyse onder die aandag gebring.[1)]

In Skotland vind ons ten opsigte van hierdie aspek luistermateriaal ter illustrasie van twee- en drieledige vorme; temaontwikkeling in die sonatevorm; dansvorme; en ten slotte inleidende materiaal ter bekendstelling van die concerto, simfonie, opera en oratorium.[2)] Gehrels,[3)] die bekende Nederlandse opvoedkundige, gee in sy voorgestelde program van luisteraktiwiteite aandag aan materiaal ter verryking van die leerlinge se musikale agtergrond: temas, motiewe, tematiese ontwikkeling en musikale ontwerp: „we trachten de leerlingen duidelijk te maken, dat een compositie is als een bouwerk, waarbij van materiaal gesproken kan worden, waar lijn en gedachte in zit."[4)]

Ook in Australië[5)] word hierdie aspek besonder beklemtoon: luistermateriaal gekies met die doel om die verskillende musiekvorme, asook die inherente hoedanighede van musiek soos ritmiese en melodiese fasette, modulasies, toonkleur en harmoniese progressies in hulle ware betekenis aan die kind te illustreer. Die Australiese Uitsaaiwese gee daarom ook jaarliks op verskillende plekke spesiale konserte vir skoolkinders, waar onder andere musiekvorme soos die ouverture, sonate, concerto, opera en simfonie toegelig word deur spel en saaklike verduidelikings.

---

1) Richtlinien Für Realschulen in Nordrhein-Westfalen, 105 - 106.

2) Scottish Education Department: Music in Secondary Schools, 18 - 22.

3) Gehrels: Algemeen Vormend Muziekonderwijs, 101.

4) Ibid., 102.
State Department of Public Instruction: South Dakota Course of Study in Music for Elementary and Secondary Schools, 117.

5) Department of Education; New South Wales: Alternative Curriculum for use in Secondary Schools, 150.

(d) Historiese verband: In die betrokke leergange word daar ook melding gemaak van luistermateriaal in historiese verband: met die werke van groot komponiste as steunpunte word verskillende style en tipes musiek teen die betrokke historiese agtergrond en in 'n sinvolle chronologiese verband bestudeer.

Die Bestuur van Middelbare Onderwys in België[1] onderskryf 'n sistematiese behandeling van die musiekgeskiedenis, hoofsaaklik soos deur die grammofoon geïllustreer tesame met insiggewende kommentaar oor styl en uitvoeringstegnieke. Die V.S.A., Australië, Engeland en Duitsland onderskryf bogenoemde standpunt.[2] Verder word in die meeste Westerse lande besef dat musiek as eeue-oue kunsvorm interessante lig kan laat val op vervloë tye en historiese gebeurtenisse.

(e) Elemente van musiek: Ten slotte word luistermateriaal ter illustrasie van die elemente van musiek in die onderskeie leergange beklemtoon. Hiermee word bedoel luistermateriaal ter aankweking van 'n beter begrip en sodoende beter evaluering van bepaalde ritmiese, melodiese, harmoniese en polifoniese progressies. Hiermee saam gaan natuurlik die waardering van die benutting van bepaalde klankintensiteite, asook die opbou en vorming van die skoonheidsin wat moet lei tot waardering van bepaalde klankkleure, afsonderlik en in kombinasie.[3]

---

1) Ministerie van Openbaar Onderwijs: Roosters en Leerplannen voor de Tweede en Eerste Klassen, 76.

2) State Department of Public Instruction: South Dakota Course of Study in Music for Elementary and Secondary Schools, 145.
Department of Education; New South Wales: Alternative Curriculum for use in Secondary Schools, 150.
Cambridgeshire Report: Music and the Community, 105.
Richtlinien Für Realschulen in Nordrhein-Westfalen, 101 - 102.

3) Middlesex Education Committee: Music in Schools, 75.

Die volgende uiteensetting is tiperend van al die standpunte in die vorige paragrawe bespreek:

„Growth through music means being able to take from music that which has meaning for oneself. This may be meaning which ranges from the pleasurable effect of tone; a feeling of mood; a feeling for rhythm; a recognition of musical pattern or design in a familiar piece or in one heard for the first time; interest in various media-voice or other instruments, with characteristic tone-colour: music of different types, and appropriate for different uses; music of different styles and periods; and all with increading awareness of more and more precise details."[1)]

Uit voorgaande studie blyk duidelik die beklemtoning van luisteraktiwiteite in die betrokke leergange van die verskillende Westerse lande.

3. Instrumentale Aktiwiteite in die Middelbare Skole van die betrokke lande.

(a) Plek van instrumentale aktiwiteite in die leergange.

Naas die vokale en luisteraktiwiteite, soos onder die vorige punte bespreek, vind instrumentale aktiwiteite ook 'n regmatige plek in die onderskeie leergange van die betrokke lande. Dit is veral in Amerika die geval waar 'n besonder hoë standaard in hierdie verband gehandhaaf word.[2)] Die instrumentale program in die hoër skole van Amerika stimuleer die musiekklewe van die land as sodanig en bewerkstellig daardeur ook 'n gesonde verhouding tussen skool en gemeenskap. Ook in Enge-

---

1) Unesco: Music in Education, 170 - 171.

2) Dykema en Gehrkens: High School Music, 125.

land,[1] Skotland,[2] Holland,[3] Australië[4] en Duitsland[5] vind instrumentale aktiwiteite 'n regmatige plek in die onderskeie leergange, asook in die voorgestelde leergange van gesaghebbende opvoedkundiges.

(b) Soorte instrumentale aktiwiteite.

In die meeste lande is daar die neiging om aan die leerlinge aanvanklik eenvoudige instrumentale aktiwiteite soos die volgende voor te skryf: bespeling van perkussie-instrumente; die Orff-Schulwerk; eenvoudige melodiese instrumente; blokfluite. Hierdie aktiwiteite word natuurlik behartig deur groeponderrig. Die bespeling van eenvoudige instrumente, soos hierbo geskets, dien as vooroefening vir latere deelname aan een of ander vorm van instrumentale aktiwiteit: strykers, houtblasers en koperblasers.[6]

Die bespeling van perkussie-instrumente word besonder sterk beklemtoon in Amerika, Engeland, Skotland en Duitsland.[7] Volgens die Onderwysdepartement van Nieu-Suid-Wallis[8] bied die perkussie-instrumente uitstekende geleentheid om die ritmiese aspek van musiek te belewe. Verder kry die leerlinge die nodige oefeninge in die lees van ritmiese patrone en geleentheid tot groepspel saam met ander instrumente.

---

1) Ministry of Education: Music in Schools, Engeland, 25 - 26.
2) Scottish Education Department: Music in Secondary Schools,3.
3) Heerkens: Over Schoolmuziek; Deel VI, 9.
4) Department of Education; New South Wales: Alternative Curriculum for use in Secondary Schools, 174.
5) ISME: School Music Education in Germany, 3 - 4.
6) ISME: Music Study in Germany, 2.
7) Mursell: Music in American Schools, 254.
Ministry of Education: Music in Schools, Engeland, 25 - 26.
Scottish Education Department: Music in Secondary Schools,3.
Keller: Einführung in „Musik für Kinder", 3.
8) Department of Education; New South Wales: Alternative Curriculum for use in Secondary Schools, 175.

Ook die bespeling van blokfluite word desgelyks beklemtoon. Namate die leerlinge vorder, kan die sang- en blokfluitaktiwiteite tot groot pret van die leerlinge gekombineer word, die lees van musiek kan bevorder word, bekende temas uit musiekwaarderingslesse kan gespeel word, in 'n gevorderde stadium selfs maklike verwerkings van Händel, Bach, Haydn en Mozart.[1)]

In al die Westerse lande onder bespreking kulmineer die instrumentale aktiwiteite vroeër of later in een of ander soort orkes, groot of klein, na gelang van omstandighede. Alhoewel daar in sommige lande heelwat tyd binne skoolure aan hierdie aktiwiteite afgestaan word, kan, indien die belangstelling eers daar is, en soos inderdaad in sommige lande gedoen word, 'n groot deel van die aktiwiteite na skoolure behartig word.[2)]

In die algemeen word daar ook in die verskillende Westerse lande geleentheid gegee vir individuele instrumentale onderrig veral ten opsigte van talentvolle leerlinge.[3)]

4. Teoretiese Aktiwiteite in die Middelbare Skole van die betrokke lande.

(a) Die plek van teoretiese aktiwiteite in die leergange.

Alhoewel daar onder die Westerse opvoedkundiges in hierdie verband verskillende benaderings is, vind teoretiese aktiwiteite in mindere of meerdere mate altyd 'n plek in die musiekleergange van die verskillende lande. In feitlik alle leergange word daar egter gewaarsku teen formele teorielesse en tegniese driloefeninge uit teksboeke, geskei van werklike musiekbelewing. Teoretiese ken en kan moet nie 'n doel op sigself wees nie, maar veel eerder lei tot selfstandige opvoeding van die leerlinge langs die verskillende weë van musiekopvoeding.[4)]

---

1) Department of Education; New South Wales: Alternative Curriculum for use in Secondary Schools, 174 - 175.
2) Scottish Education Department: Music in Secondary Schools, 3.
3) Ministry of Education: Music in Schools, Engeland, 29.
4) Institut für Schulmusik: Richtlinien für Musik- und Kunsterziehung an Gymnasien, 6.

Heerkens, Gehrels sowel as Kwalwasser[1] beklemtoon die gedagte dat alle teoretiese wetmatighede uit die lewende musiek begryp moet word. Hier geld dus die beginsel van Pestalozzi: eers belewing, daarna benoeming; eers handeling, dan refleksie; eers leer en dan abstraksie.

(b) Materiaal in gebruik in die verskillende Westerse lande.

In die eerste plek dien die lewende musiek, veral die liederemateriaal wat alreeds deel van die kind se ervaringslewe is, as uitgangspunt by die keuse van teoretiese materiaal. Veral in Amerika word bogenoemde standpunt sterk beklemtoon: die leerlinge gaan as't ware op 'n ontdekkingstog deurdat die bekende liedere geanaliseer word met die oog op bepaalde teoretiese kennis.[2] Ander lande soos België,[3] Australië[4] en Skotland[5] neem by die keuse van teoretiese materiaal 'n soortgelyke standpunt in.

Aansluitend by bogenoemde standpunt word die funksionele waardes verbonde aan die teoretiese materiaal in 'n besondere mate beklemtoon, dit wil sê elke teoretiese item moet vroeër of later positief in die musikale bedrywighede van die leerlinge funksioneer, hetsy in sy vokale, instrumentale, skeppende of luisteraktiwiteite.[6]

---

1) Heerkens: Over Schoolmuziek, Deel II, 66.
Gehrels: Algemeen Vormend Muziekonderwijs, 8 - 9.
Kwalwasser: Problems in Public School Music, 10.

2) Dykema en Gehrkens: High School Music, 265.
Unesco: Music in American Education, 79.

3) Ministerie van Openbaar Onderwijs: Muziek, 6.

4) Department of Education; New South Wales; Alternative Curriculum for use in Secondary Schools, 166.

5) Scottish Education Department: Music in Secondary Schools, 8.

6) Dykema en Gehrkens: High School Music, 264.

Uiteraard word materiaal wat interessant is en goeie musikale waarde besit, voorop gestel.[1] Toepaslike materiaal, hoofsaaklik uit bekende liedere, word gebruik met die musikale frase as essensiële uitgangspunt en steunpunt juis vanweë sy musikale sinvolheid.

Samevattend moet die wesenlike van alle teoretiese aktiwiteite, te wete die sin vir tempo, ritme, maat, toonhoogte en melodie, tesame met sodanige verteenwoordigende simbole (nootwaardes, toonsoortvoortekens, kruise, molle, sleutels, maattekens en die tempo- en volumeaanduidings) aan die leerlinge bekend gemaak en geïllustreer word uit die lewende lied of musikale frase, met behulp van handsing, improvisasie, geheueoefeninge, gehooroefeninge en musiekdiktee.[2] Die bekendstelling van die toongeslagte en toonladders is wesenlik belangrik en word dwarsdeur in die onderskeie leergange ingesluit. In hierdie verband moet sover moontlik gebruik gemaak word van liedere waarin die betrokke toonladders verwerk is.

(c) Die Relatiewe teenoor die Absolute sisteem.

Aangesien die keuse van een van genoemde sisteme van wesenlike belang by die bekendstelling van bepaalde teoretiese beginsels is, gee ons kortliks die standpunte daaroor, soos in die onderskeie Westerse lande onderskryf.

(i) Amerika: Die meeste skole in die V.S.A. gebruik die relatiewe solfasisteem, met die verskuifbare „do", in hulle onderrig van die lees van musiek.[3] Volgens J.L. Mursell, die bekende Amerikaanse skoolmusiekdeskundige, vind

---

1) Dykema en Gehrkens: High School Music, 268.

2) Ministry of Education: Music in the Schools of Wales, 23.
Ministerie van Onderwijs, Kunsten en Wetenschappen: Mededelingen, 166.
Richtlinien Für Realschulen in Nordrhein-Westfalen, 103.
Gehrels: Algemeen Vormend Muziekonderwijs, 228.

3) ISME: Foundations underlying a balanced program in Music Education, 4.

die relatiewe solfasisteem by uitstek aansluiting by 'n vokale benadering van musiek en bring dit ook die onderlinge verband tussen die note van die toonleer sterk na vore. Na aanvanklike inskerping deur middel van die relatiewe solfasisteem, vind die geleidelike oorgang na die absolute sisteem van nootname en vasstaande toonhoogtes plaas, „though still being controlled by the syllables."[1)]

(ii) Nederland: Willem Gehrels, bekende Nederlandse musiekopvoedkundige, gebruik in sy voorgestelde leergange die relatiewe solfasisteem.[2)] Hy is 'n besliste voorstander van die relatiewe sisteem bo die absolute sisteem van vasstaande toonhoogtes en letternaame:

„Muzikale ontwikkeling volgens het absolute sisteem is star tegenover de beweeglijkheid van het relatiewe, statisch tegenover dynamisch."[3)]

Met die relatiewe sisteem as leermiddel word baie teoretiese probleme, veral vir die ouer leerlinge, op 'n eenvoudige doeltreffende manier verklaar. Wat die oorgang van die relatiewe na die absolute sisteem betref, beweer hy net soos Mursell, dat die logiese opbou van die tweede uit die eerste (veral deur oordeelkundige kombinasie) alle probleme oplos. Die Rykskommissie van Advies insake Musiekonderwys[4)] maak in hulle voorgestelde leergange vir skoolmusiek ook gebruik van die relatiewe solfasisteem.

(iii) Australië: Die Onderwysdepartement van Nieu-Suid-Wallis[5)] beklemtoon in hulle voorgestelde leergang vir

---

1) N.S.S.E.: Thirty-Fifth Yearbook, Part II, 101.
2) Gehrels: Algemeen Vormend Muziekonderwijs, 224.
3) Ibid., 33.
4) Ministerie van Onderwijs, Kunsten en Wetenschappen: Mededelingen, 140.
5) Department of Education; New South Wales: Alternative Curriculum for use in Secondary Schools, 167.

Musiek die relatiewe solfasisteem. Die lees van musiek moet ten nouste verband hou met die sangmateriaal en daarvoor is die solfasisteem by uitstek geskik. Net soos Gehrels en Mursell vind hulle die oorgang van die relatiewe na die absolute sisteem geen probleem nie, mits dit langs die weg van 'n verstandige kombinasie van die twee stelsels plaasvind.

(iv) Engeland, Skotland en Wallis: Die relatiewe solfasisteem word in bogenoemde lande beklemtoon, veral in Wallis. Die Ministerie van Onderwys[1] beklemtoon: solfasang in die verskillende toonsoorte, met byvoeging van toonsoort-voortekens en later in kombinasie met die absolute sisteem; oefeninge in die oorplasing van solfa na letternaame en omgekeerd; oefeninge waarin solfa en letternaame gekombineer is, in besonder die lees van toepaslike liedere in solfa en balkskrif. Alhoewel Skotland[2] die waarde van die absolute sisteem vir die beoefening van instrumentale aktiwiteite onderskryf, vind hulle nogtans dat die relatiewe solfasisteem onontbeerlik is vir sangbeoefening.

5. Skeppende Aktiwiteite in die Middelbare Skole van die betrokke lande.

Amerikaanse opvoedkundiges[3] beklemtoon skeppende aktiwiteite in die musiekleergang, maar nie as 'n aparte ervaringsgebied nie. In alle musikale aktiwiteite, vokaal, instrumentaal en ook ten opsigte van ritmiese hoedanighede, moet die innerlike skeppingsdrang van die leerlinge benut word. Ons vind dan ook

---

1) Ministry of Education: Music in the Schools of Wales, 6 - 8.
2) Scottish Education Department: Music in Secondary Schools, 8.
3) Andrews en Leeder: Guiding Junior-High-School Pupils in Music Experiences, 5.
Glenn: Teaching Music in Our Schools, 93.

dat die „National Association of Secondary-School Principals"[1] sowel as die „State Department of Public Instruction"[2] aan skeppende aktiwiteite 'n bevoorregte plek in die musiekleergang gee. Die Onderwysdepartement van Nieu-Suid-Wallis[3] se benadering in verband met skeppende aktiwiteite blyk uit die volgende aanhaling: „It is important that pupils be given an opportunity for free composition in music as they are in literature."

In voorgenoemde verband word die ontwikkeling van die gehoor sowel as die musikale verbeelding deur hulle beklemtoon. Die leerlinge is in hierdie verband in groeiende mate tot skeppende aktiwiteite in staat, namate hulle ervaringe ten opsigte van toonhoogte, maat en ritme uitbrei. Aansluitend by laasgenoemde gedagte, bring die bekende Nederlandse opvoedkundige Willem Gehrels, die waarde van skeppende aktiwiteite soos volg onder die soeklig: improvisasie is onder andere 'n middel om die kind met die grondvorme van musiek, naamlik melodie, metrum en ritme vertroud te maak. Skeppende werke sal egter ook die fantasie in werking stel om aldus „actief door te dringen in de gevoelswereld der muziek."[4]

Lande soos Engeland, Skotland[5] en Duitsland[6] gee desgelyks in hulle onderskeie leergange geleenthede vir skeppende aktiwiteite deur die leerlinge.

---

1) MENC: Function of Music in the Secondary School Curriculum, 24.

2) State Department of Public Instruction: South Dakota Course of Study in Music, 119.

3) Department of Education; New South Wales: Alternative Curriculum for use in Secondary Schools, 168 - 169.

4) Gehrels: Algemeen Vormend Muziekonderwijs, 54.

5) Scottish Education Department: Music in Secondary Schools, 20.

6) ISME: School Music Education in Germany, 3.

Samevattend word daar, al na gelang sekere oogmerke nagestrewe word, in die volgende rigtings gewerk: die skepping van ritmiese patrone; die skepping van melodiese patrone; die voltooiing van ritmiese en melodiese frases; vraag- en antwoordfrases; die skepping van woorde vir gegewe frases; die skepping van 'n melodiese frase vir gegewe woorde of 'n gegewe ritme; die skepping van woorde en melodie.

6. Ritmiese Aktiwiteite in die Leergange van die betrokke lande.

Uiteraard is musiek wesenlik afhanklik van 'n polsende, voortbewegende ritme; vandaar die belangrike plek afgestaan aan ritmiese aktiwiteite in die onderskeie leergange. By die ontwikkeling van die sin vir ritme by die leerlinge word daar gewoonlik in die onderskeie leergange van die volgende aktiwiteite gebruik gemaak: klapoefeninge, loopoefeninge, handsing, slaginstrumente, improvisasie, speelliedere, dramatisering en volksdanse.[1] Deur voorgenoemde ritmiese aktiwiteite moet die volgende ritmiese materiaal belewe word:[2]

(a) Nootwaardes:

(i) Die hele, halwe, kwart, agste en sestiende nootwaardes en hulle verteenwoordigende rustekens.

(ii) Die gepunteerde nootwaardes en hulle onderskeie rustekens. Die stralende figuur en hopfiguur asook triole.

(b) Maatsoorte soos verteenwoordig in $\frac{2}{4}$-, $\frac{4}{4}$-, $\frac{3}{4}$-, $\frac{6}{8}$-, $\frac{9}{8}$- en $\frac{12}{8}$-tyd, asook ander soortgelyke verdelings.

---

1) Gehrels: Algemeen Vormend Muziekonderwijs, 69 - 70.

2) Scottish Education Department: Music in Secondary Schools, 20.
Ministerie van Openbaar Onderwijs: Muziek, 18 - 20.
State Department of Public Instruction: South Dakota Course of Study in Music, 108 - 109.
De Boer: De Muziekles op Gymnasium, Lyceum en H.B.S., 1 - 19.

(c) Herkenning van maatsoortveranderings, byvoorbeeld vanaf $\frac{3}{4}$-na $\frac{4}{4}$-tydindeling.

(d) Herkenning van tempoveranderings, byvoorbeeld stadig na vinnig of vinnig na vinniger.

(e) Skeppende werk: skepping van ritmiese patrone en ritmiese frases.

Die „Music Educators National Conference"[1] beklemtoon in 'n artikel, „Outline of a Program for Music Education," die noodsaaklikheid dat genoegsame geleenthede aan die leerlinge gegee moet word om hulle sin vir ritme uit te bou. Vinnige fisiese groei gedurende adolessensie word dikwels gekenmerk deur swak spierkontrole, en dis daarom dat doeltreffende ritmiese aktiwiteite gebruik moet word: „to speed up development of a smooth control of body movement."

Soos by ander Westerse lande die geval is, word volksdanse, ritmiese spele, marse en die bespeling van ritmiese instrumente ook in Amerika beklemtoon.

7. Samevatting.

Uit voorgaande studie mag ons tot die volgende samevattende gevolgtrekkings kom:

(a) Vokale aktiwiteite neem 'n sentrale plek in die onderskeie leergange van die betrokke lande in.

(b) Die uitgebreide veld van musiekleerstof vir die middelbare skool, omvat, in die onderskeie leergange, die volgende integrerende ervaringsgebiede:

(i) Sang.

(ii) Musiekwaardering oftewel luisteraktiwiteite.

(iii) Instrumentale aktiwiteite.

(iv) Skeppende aktiwiteite.

(v) Ritmiese aktiwiteite.

(vi) Teoretiese aktiwiteite.

---

1) MENC: Music in American Education, 295.

(c) Volksang, d.w.s. die sing van volksliedere, word as die kern van die vokale aktiwiteite benadruk.

(d) By die keuse van luistermateriaal vir die middelbare leerling word die volgende onderstreep:

(i) Die elemente van musiek: klankkleur, klankintensiteit, toonhoogte en ritme, as die fundamentele hoedanighede van ritmiese, melodiese, harmoniese en polifoniese progressies.

(ii) Musiekvorme: die strukturele bou en argitektoniese skoonheid van musiek.

(iii) Die werke van bekende komponiste as steunpunte ter illustrasie van verskillende style en tipes van musiek. Die betrokke historiese agtergrond gesien in 'n sinvolle chronologiese verband is ook belangrik.

(e) Aanvanklik word eenvoudige instrumentale aktiwiteite soos die bespeling van perkussie-instrumente, die Orff-Schulwerk, die blokfluit en ander melodiese instrumente beklemtoon met die doel om later die werk te laat kulmineer in meer gevorderde orkesaktiwiteite: strykers, houtblasers, koperblasers, 'n blaasorkes of soms selfs 'n simfonieorkes.

(f) Die skeppende aktiwiteite word in die onderskeie leergange geïntegreer met die ander ervaringsgebiede van musiek, veral met sangaktiwiteite, instrumentale aktiwiteite en teoretiese aktiwiteite.

(g) In die onderskeie leergange word die teoretiese materiaal ondergeskik aan en in diens van die praktiese beoefening van musiek gestel. Dit wil sê materiaal moet eers as musiek belewe word voordat die onderwyser sodanige materiaal in sy teoretiese verband verduidelik. Uit die aard van die musiekbelewing en die soort praktiese musiekbeoefening groei die behoefte tot teoretiese kennis en die begeerte om sodanige kennis in diens van musiek te stel.

B. SUID-AFRIKAANSE LEERGANGE: TRANSVAAL, VRYSTAAT, KAAPLAND EN NATAL.

1. Inleiding.

(a) Die verskillende Leergange wat vir hierdie studie gebruik is.

(i) Transvaal: a) Voorgestelde Leergang vir Musiek (Interim) vir die Middelbare Skool (Standerds VI, VII en VIII) 1957.

b) Leerplanne vir die Middelbare Skool, Handboek, 1952: Musiekleergang vir nie-eksamendoeleindes, Standerds VI, VII en VIII (dieselfde as die 1948-leergang).

(ii) Vrystaat: Leerplan vir die Middelbare Klasse (Standerds VI - X) in Sang, 1955.

(iii) Kaapland: Departement van Openbare Onderwys:

a) Junior Sekondêre Kursus, 1953.

b) Senior Sekondêre Kursus, 1956.

(iv) Natal: Leerplan vir Musiek: Standerds I tot VIII, 1951.

(b) Opmerkings.

(i) Die onderskeie provinsies gee aparte leergange vir Musiek as eksamenvak en vir Musiek as kulturele vak vir nie-eksamendoeleindes.

(ii) In Transvaal vind ons 'n leergang vir Musiek as kulturele vak vir Standerds VI, VII en VIII asook 'n leergang vir Musiek vir Standerds IX en X vir eksamendoeleindes. Op die oomblik is daar dus geen leergang vir Musiek vir Standerds IX en X vir nie-eksamendoeleindes nie.

(c) Werkwyse.

Ons sal die verskillende leergange aan die hand van die volgende hoofpunte bestudeer en vergelyk:

(i) Doelstellings.

(ii) Vokale Aktiwiteite.

(iii) Luisteraktiwiteite.

(iv) Instrumentale Aktiwiteite.

(v) Skeppende Aktiwiteite.

(vi) Ritmiese Aktiwiteite.

(vii) Teoretiese Aktiwiteite.

2. Doelstellings.

(a) Ooreenstemmende oogmerke.

In verskillende woorde word die volgende aspekte in 'n mindere of meerdere mate beklemtoon:

(i) Geleenthede vir aktiewe musiekbeoefening deur sang, instrumentale aktiwiteite, skeppende en ander musikale bedrywighede.

(ii) Geleenthede vir musiekwaardering: die ontwikkeling van die vermoë van die leerlinge om intelligent na musiek te luister.

(iii) Die ontwikkeling van die vermoë om musiek te lees.

(iv) Die ontwikkeling van 'n belangstelling en liefde vir goeie musiek.

(b) Kommentaar.

(i) Die Transvaalse leergang van 1952 beklemtoon die estetiese doelstellings van musiek, terwyl die ander leergange hierdie oogmerk nie so sterk onderstreep nie.

(ii) Westerse opvoedkundiges beklemtoon ook die fisiologiese, die sosiologiese en psigologiese doelstellings van musiek. Die leergange van die vier provinsies toon 'n leemte in hierdie verband.

(iii) Waar feitlik alle Westerse lande, asook Natal, die Vrystaat en Kaapland 'n besondere plek aan luisteraktiwiteite gee, daar maak die Transvaalse leergang (interim) geensins voorsiening daarvoor nie.

3. Vokale Aktiwiteite.

(a) Ooreenstemmende tendense.

(i) In die leergange van die vier provinsies word die volgende sangmateriaal in mindere of meerdere mate beklemtoon: kanons, diskante, eenstemmige liedere, tweestemmige liedere vir gelyke stemme en meerstemmige sang vir gemengde stemme.

(ii) Die veranderende stem moet oordeelkundig behandeling ontvang. Keuse van liedere vereis daarom sorgvuldige oorweging.

(iii) By die keuse van liedere word melding gemaak van die volgende aspekte: geskikte omvang; 'n wye verskeidenheid van liedere met betrekking tot periode, stemming en styl; voldoende volksliedere asook liedere van ander lande.

(iv) In 'n mindere mate word die sing van religieuse liedere, liedere van moderne komponiste en klassieke liedere van die groot meesters beklemtoon.

(b) Kommentaar.

(i) Oor die algemeen neem vokale aktiwiteite net soos by die Westerse lande waarna ons verwys het, 'n sentrale plek in die onderskeie leergange van die vier provinsies in.

(ii) In vergelyking met die leergange van Westerse lande soos in die vorige gedeelte uiteengesit, is daar in 'n groot mate ooreenstemmende tendense te bespeur, behalwe dat die sing van volksliedere en verteenwoordigende liedere van ander volke wat deur die eeue tradisioneel en populêr geword het, veel sterker in die betrokke oorsese lande beklemtoon word.

4. Luisteraktiwiteite.

(a) Ooreenstemmende tendense.

(i) In al vier provinsies word luistermateriaal ter illustrasie van die verskillende instrumente van die orkes gegee.

(ii) Die Transvaalse leergang van 1952 en die Kaapse leergang beklemtoon luistermateriaal ter illustrasie van die verskillende stemtipes, veral met die doel om die kind tot kennis en begrip aangaande die klankkleure van die onderskeie stemsoorte te lei.

(iii) Luistermateriaal ter illustrasie van die verskillende musiekvorme word in mindere of meerdere mate in die vier provinsies beklemtoon.

(iv) Luistermateriaal ter illustrasie van die verskillende elemente van musiek, dit wil sê materiaal wat die leerlinge sal lei tot 'n dieper insig in en ryper waardering van ritmiese, melodiese, harmoniese en polifoniese progressies, word in al vier provinsies beklemtoon, hoewel in sommige gevalle, byvoorbeeld Transvaal, dit in geringer mate die geval is.

(b) Kommentaar.

(i) In die leergange van alle Westerse lande deur ons bestudeer, vind ons 'n soortgelyke beklemtoning van bogenoemde luistermateriaal.

(ii) Die meeste Westerse lande gee doelbewus aandag aan die onderskeiding van die klankkleure van die verskillende orkesinstrumente en stemtipes. Met uitsondering van die Transvaalse leergang van 1952, gee die vier provinsies te min doelbewuste aandag aan hierdie aspek.

(iii) Westerse lande beklemtoon luistermateriaal in sy historiese verband, dit wil sê materiaal gekies om bepaalde style en tipes van musiek, bepaalde interessante fasette daarvan, binne chronologiese historiese tydperke te leer ken,

veral waar die stemming en inhoud ook die tydperk waarin dit gebore is, reflekteer. Oor die algemeen word daar ten opsigte van hierdie aspek te min doelbewuste leiding deur die onderskeie provinsies gegee. Die korrelasiebeginsel wat so sterk in Westerse lande benadruk word, geniet ten opsigte van musiek weinig aandag in die vier provinsies.

5. Instrumentale Aktiwiteite.

Al noemenswaardige besonderhede aangaande instrumentale aktiwiteite as klasbedrywigheid word in die leergange van Transvaal (interim) en Natal gevind. Die Transvaalse leergang beklemtoon die noodsaaklikheid van die invoering van blokfluite waar moontlik. Die speel van eenvoudige liedjies en die sing van liedjies met blokfluitbegeleiding word sterk aanbeveel. Orkeswerk word ook aangemoedig. Natal wil die volgende aspekte onder instrumentale musiek op skool insluit: slagorkes, blokfluite, die maak en bespeling van bamboesfluite, strykinstrumentklasse, orkeste en blaasorkeste. Dit is feitlik al besonderhede wat ons aangaande instrumentale aktiwiteite as klasbedrywigheid kon inwin. Dit blyk duidelik dat die bespeling van 'n musiekinstrument, gewoonlik net die klavier, as die uitsonderlike voorreg van enkele leerlinge beskou moet word. Hierdie leerlinge neem individuele klavierlesse met die oog op eksamens.

Indien ons die opvoedingswaarde van instrumentale aktiwiteite in ag neem, soos dit wel in ander Westerse lande gedoen word, dan kom ons onder die indruk van 'n leemte in Suid-Afrikaanse leergange met betrekking tot hierdie bedrywighede. Ons dink hier bv. aan die wyse waarop instrumentale aktiwiteite in die middelbare skole van Amerika, die musieklewe van die land as sodanig gestimuleer het.

6. Teoretiese Aktiwiteite.

Soos in die geval van die meeste Westerse lande vind ons

dat die bekendstelling van teoretiese beginsels en kennis in die vier provinsies met behulp van die relatiewe solfasisteem in kombinasie met die absolute sisteem van nootname plaasvind. Algemene aandag word gegee aan: die inskerping van toonladders; ritmiese en melodiese diktee; ritmiese en melodiese vorming deur improvisasie; harmoniese vorming; die herkenning van intervalle.

In die Westerse lande waarvan ons die leergange nagegaan het, word die funksionele waardes verbonde aan teoretiese aktiwiteite sterk beklemtoon. Teoretiese kennis moet daar positief funksioneer in die musikale bedrywighede van die leerlinge en aansluit by die belewing van musiek. In die vier provinsies, met Kaapland in 'n mate die uitsondering, word hierdie aspek nie genoeg beklemtoon nie en is daar beslis 'n leemte.

Westerse opvoedkundiges benadruk by die keuse van teoretiese aktiwiteite, die gedagte van aansluiting by die bekende: materiaal gekies uit bekende liedere, toepaslike frases, lewende musiek, waaruit dan sekere teoretiese beginsels, wetmatighede en reëls ontdek word. Sodanige benadering skemer nie sterk genoeg deur in die onderskeie leergange van die vier provinsies nie. Alhoewel alle teoretiese aspekte nie noodwendig uit die lewende musiek geken word nie, moet die musikale frase uitgangspunt bly. Talle Westerse opvoedkundiges waarsku teen oorevaluering van teoretiese aktiwiteite, iets wat in sommige provinsies te bespeur is, waar die teoretiese aktiwiteite, in stede van 'n middel tot 'n doel te wees, self die doel word. Hierdeur verloor die leerlinge hulle belangstelling in die werk.

7. Skeppende Aktiwiteite.

In 'n mindere of meerdere mate word hierdie aktiwiteite in die leergange van al vier provinsies betrek, gewoonlik opgesluit in en gekorreleer met die ander ervaringsgebiede van musiek, naamlik sang, teoretiese en ritmiese aktiwiteite. Dit is veral

die twee Transvaalse leergange wat in ooreenstemming met leergange van ander Westerse lande in 'n redelike mate aan hierdie aktiwiteite 'n geregverdigde plek toeken.

Die skepping van ritmiese en melodiese frases, die voltooiing van ritmiese en melodiese frases en die skepping van oorspronklike melodieë word in hierdie twee leergange aanbeveel. As gevolg van die beperkte instrumentale aktiwiteite, soos reeds aangetoon, gaan 'n waardevolle medium om in hierdie rigting te eksperimenteer verlore.

8. Ritmiese Aktiwiteite.

Die Vrystaat en Kaapland maak in hierdie verband slegs melding van gevorderde ritmiese oefeninge. Klaarblyklik wil hulle in hierdie stadium al die tegniese aspekte van maat en ritme, soos maatstrepe, maatvoortekens, maatsoorte, die verskillende nootwaardes plus hulle onderlinge verhoudings en bepaalde ritmiese figure afgehandel hê.

Die ander leergange (Transvaal, Natal) verlang in standerd VI eers finale afronding van sekere tegniese aspekte van maat en ritme: rustekens, maattekens, oefeninge in maatverdeling, hersiening van nootwaardes, gepunteerde note, bepaalde ritmiese figure (stralende figuur, hopfiguur, triool), saamgestelde mate. In standerds VII en VIII word daar dan, in ooreenstemming met Vrystaatse en Kaaplandse leergange, veral klem gelê op gevorderde ritmiese oefeninge, sinkopeeroefeninge, ritmiese diktee en ritmiese improvisasie, hoofsaaklik gebaseer op bekende werk.

Die Transvaalse leergang van 1952, vind geen rede waarom die slagorkeste tot junior afdelings beperk moet word nie. Sodanige instrumente kan tereg voordelig benut word om ouer kinders die besondere hoedanighede van ritme, frasering en vertolking beter te laat waardeer. Die Natalse leergang beklemtoon ook die waarde van volkspele in bogenoemde verband, in soverre dit

as hulpmiddel tot die ontwikkeling van die ritmiese sin dien. In al die leergange word die ritmiese aktiwiteite uiteraard in al die ander ervaringsgebiede van musiek betrek. In vergelyking met die leergange van ander Westerse lande, maak die vier provinsies sover dit die ontwikkeling van die ritmiese sin van die leerlinge betref, wesenlik van dieselfde ritmiese materiaal gebruik.

9. Voorgestelde Musiekleergang vir Standerds VI, VII en VIII: Transvaalse skole (1959).

Opmerking: Hierdie leergang het verskyn nadat die voorgaande gedeeltes van hierdie proefskrif alreeds afgehandel was. Aangesien hierdie leergang voorgestel is vir toekomstige gebruik in Transvaalse skole, verdien dit ons noukeurige aandag. Die betrokke stuk sal bestudeer word ooreenkomstig die verskillende ervaringsgebiede van musiek:

(a) Vokale Aktiwiteite.

(i) Inhoud: Daar word voorsiening gemaak vir eenstemmige liedere; tweestemmige liedere; kanons; liedere met diskante; volksliedere; klassieke liedere en moderne liedere. In standerd VII word driestemmige liedere bygevoeg en in standerd VIII word meerstemmige sang beklemtoon. Daar word spesiaal melding gemaak van liedere in die majeur- en mineurtoongeslagte, terwyl liedere ter illustrasie van chromatiese verandering ook benut word.

(ii) Kommentaar: Spesifieke doelstellings in verband met vokale aktiwiteite word nie genoem nie. Die volgende sangmateriaal word ook nie spesifiek genoem nie: religieuse liedere: psalms en gesange; duo's; trio's; kwartette; volksliedere van ander lande; liedere in ander tale; liedere verteenwoordigend van 'n verskeidenheid van ervaringsgebiede veral ten opsigte van periode, stemming en styl; liedere met geskikte omvang vir veranderende stemme. Die wyse

waarop die leergang daarna strewe om positiewe korrelasie tussen vokale aktiwiteite en instrumentale aktiwiteite te bewerkstellig, is aanprysenswaardig.

(b) Luisteraktiwiteite.

(i) Inhoud: Die volgende aspekte word in hierdie verband beklemtoon: die verskillende stemtipes; die verskillende instrumenttipes; musiekvorme, naamlik die dansvorme, die rondo, tema en variasie, sonatevorm, ouverture, simfonie, concerto, opera en oratorium; die komponiste en voordraers wat met genoemde aspekte verband hou.

(ii) Kommentaar: Spesifieke doelstellings in verband met luisteraktiwiteite word nie genoem nie. Die volgende luistermateriaal word ook nie spesifiek genoem nie: materiaal met 'n programmatiese inhoud; materiaal ter illustrasie van twee- en drieledige liedvorme, die menuet, die kunslied, die fuga, marse, volksmusiek (uit eie bodem sowel as van ander lande). Dat luistermateriaal van 'n gewyde aard of van 'n programmatiese inhoud, sowel as volksmusiek nie genoem word nie, is beslis 'n leemte. Die beklemtoning van die verskillende stem- en instrumenttipes, afsonderlik en in kombinasie, is 'n positiewe verbetering op die interimleergang van 1957. Die meeste leerkragte sou spesifieke voorbeelde van luistermateriaal, ooreenkomstig vasgestelde kriteria, verwelkom het.

(c) Instrumentale Aktiwiteite.

(i) Inhoud: In hierdie verband word die volgende aktiwiteite genoem: blokfluite en ander instrumente, sonder om laasgenoemde te spesifiseer. Waar moontlik, moet instrumentale aktiwiteite met sang gekorreleer word.

(ii) Kommentaar: Spesifieke doelstellings ontbreek, terwyl daar, behalwe in die geval van die blokfluite, geen besliste spesifisering van instrumente, bv. die Orff-instrumentarium of melodiese slagwerk is nie. Geskikte mate-

riaal vir die blokfluit word ook nie gegee nie. Die korrelasie-beginsel ontvang die gewenste aandag.

(d) Teoretiese Aktiwiteite.

(i) Inhoud: In hierdie verband word die volgende aspekte beklemtoon:

a) Standerd VI: i) Liedontleding: Die vier kadanse, reëlmatige en onreëlmatige frases, musikale tekens en terme.

ii) Intervalle: Die herkenning, plasing en skrywe van die volgende intervalle: majeur- en mineur-tweedes; majeur- en mineur-derdes; die rein-vierde. Verder word primêre drieklanke en hulle omkerings beklemtoon. Die inskerping van voorgaande aspekte deur middel van liedere, handtekens, diktee en notasie word ook beklemtoon.

b) Standerd VII: Diatoniese intervalle tot en met die rein-vyfde, die vergrote tweede en vierde en die verminderde vyfde word beklemtoon. Verder word die volgende aspekte genoem: opheldering van diatoniese en chromatiese melodie; die funksie van molle en kruise; herstellingstekens. Diktee gebaseer op genoemde aspekte word ook genoem.

c) Standerd VIII: Die volgende aspekte word genoem: diatoniese intervalle tot en met die oktaaf; chromatiese en harmoniese intervalle; die heletoons-toonleer; vergelyking van solfa- en alfabetname; modulasies na die dominant en die subdominant; toonsoortvoortekens; diktee en bladlees gebaseer op genoemde aspekte.

(ii) Kommentaar: Spesifieke doelstellings in verband met teoretiese aktiwiteite ontbreek. Die volgende aspekte word nie na wense beklemtoon nie: die funksionele waardes verbonde aan teoretiese aktiwiteite; die frase as uitgangspunt; materiaal uit die lewende musiek; ritmiese notasie en die afbakening van ritmiese materiaal; die bekendstelling van

die F-sleutel. Korrelasie met skeppende aktiwiteite is op 'n besonder positiewe wyse beklemtoon.

(e) Ritmiese Aktiwiteite.

(i) Inhoud: Daar word slegs melding gemaak van die skepping en notering van ritmiese patrone, veral deur die benutting van saamgestelde tyd.

(ii) Kommentaar: Die volgende aspekte word nie na wense beklemtoon nie: die korrelasie van die ritmiese aktiwiteite met die ander ervaringsgebiede van musiek; die ritmiese frase as uitgangspunt; ritmiese volksliedjies; speelliedere; volkspele; marse; slagorkes; melodiese slagwerk; gevorderde ritmiese oefeninge.

(f) Skeppende Aktiwiteite.

(i) Inhoud: a) Standerd VI: Die skepping van melodieë met benutting van reeds aangeleerde toonlere, intervalle, en nootpatrone; voltooiing van frases; toonsetting van gedigte; skepping van ritmiese frases.

b) Standerd VII: Die skepping van melodieë na aanleiding van gegewe ritmiese frases; toonsetting van kort gedigte.

c) Standerd VIII: Variasies, sekwense en imitasie word benut vir skeppende werk; skepping van melodieë na aanleiding van 'n gegewe nootpatroon, byvoorbeeld G A B C, met A as tonika; transponering van bekende liedere.

(ii) Kommentaar: Hierdie werk toon ooreenstemming met die algemene tendense soos in die reeds bestudeerde leergange gevind is.

HOOFSTUK III.

EISE VIR DIE SAMESTELLING VAN 'N LEERGANG IN MUSIEK.

A. DIE MIDDELBARE LEERLING EN DIE PLEK VAN MUSIEK IN SY ONTWIKKELING.

1. Karakteristiek van die Adolessent.

Die vasstelling van die karakteristiek van die adolessent en wel t.o.v. sy liggaamlike ontwikkeling, sy ken-, gevoels- en strewingslewe en sy persoonlikheid gee aan die opvoeder daar- die insiggewende kennis wat so nodig is om doeltreffende leerstof voor te skryf. Sodanige kennis stel die opvoeder ook in die vermoë om die betekenis van musiek in die lewe van die adolessent beter te begryp.

(a) Liggaamlike ontwikkeling.

As gevolg van die verhoogde werking van die endokrienkliere, word die periode van adolessensie onder andere gekenmerk deur snelle fisiologiese veranderinge soos 'n toename in lengte en gewig, 'n versterking van die spiere, verandering in die bloedsomloop, groei van die hart en longe, harigwording en verandering van die stem.[1] Die longe ondergaan die volgende veranderings: 'n toename in sowel volume as gewig, 'n versterking van die spiere om sodoende tred te hou met die hoër werkverrigting wat vereis word. Uiteraard sal die asemhalingskapasiteit dienooreenkomstig verbeter.[2]

Van besondere belang is die verandering van die stem. Ons het hier te doen met die oorgang van die stem van die seun na die laer register en kwaliteitsverandering by die stem van die dogter.[3] Stemverandering by seuns begin gewoonlik met 'n kenmerkende skorheid en gebrek aan stembeheer vanaf ongeveer die veertiende, vyftiende jaar.

---

1) McKinney: Psychology of Personal Adjustment, 200 - 201.
2) Forest: Child Development, 212 - 214.
3) Cole : Psychology of Adolescence, 73.

(b) Ken-, gevoels- en strewingslewe.

(i) Kenlewe: Kenners is dit eens dat die leerlinge gedurende die adolessensie noemenswaardige vordering toon ten opsigte van hulle waarnemingslewe, opmerksaamheid, geheue, denke en verstand.[1] In verband met die waarnemingslewe, in hierdie geval die hoër gewaarwordings van gesig en gehoor, blyk dit duidelik dat die sintuiglike skerpte met die jare toeneem.[2] Die waarneming van toonhoogte gee baie moeilikheid tot die 10de, 11de jaar.[3] Gedurende die periode van adolessensie ontwikkel die krag van opmerksaamheid aanmerklik, maar dit is veral die vermoë tot volgehoue aandag wat baie toeneem.[4] Betreffende die geheue en veral die denkproses, toon navorsing oor die middelbare skoolkind baie duidelik noemenswaardige vooruitgang. Van jaar tot jaar word sy redenering noukeuriger, terwyl hy algaande groter beheer oor logiese begrippe uitoefen:

„That intelligence, understood as the ability to do abstract thinking, manipulate verbal and numerical symbols, follow directions, and so on, does develop continuously throughout .... adolescence, is a fact well established through the widespread testing of students."[5]

Die adolessent is dus wat sy algemene denkvermoë betref, in groeiende mate in staat tot begripsvorming, oordeelvelling en redenering.

---

1) Cole: Psychology of Adolescence, 477.
Schneiders: Psychology of Adolescence, 477.
2) Coetzee: Algemene Empiriese Opvoedkunde, 150.
3) Ibid., 150.
4) Ibid., 157.
5) Schneiders: The Psychology of Adolescence, 478.

(ii) Gevoelslewe: Die vroeë adolessensie vorm een van die hoogtepunte in die emosionele ontwikkeling van die mens.[1] Die jongmens het alreeds allerlei gevoelens soos jammerte, toorn, vrees, angs, verdriet, skaamte, simpatie en vreugde deurleef, en as gevolg van 'n sekere beheer daaroor, 'n opmerklike standvastigheid bereik. Desondanks is daar tog emosionele veranderinge en steuringe, asook sekere opstuwings van gevoelens waarmee die opvoeder rekening moet hou.

In die eerste plek is daar die fisiologiese veranderinge wat dikwels tot emosionele steurings lei. Indien hierdie toestand gepaard gaan met gebrekkige voorligting, lei dit verder tot emosionele onsekerheid.[2] Tweedens is daar die faktor van onbestendigheid, van veranderlikheid, wat so kenmerkend van die adolessent is: 'n uiterse verskeidenheid van belangstellings, wense en ambisies wat gedurig verander. Die entoesiasme van vandag verander môre in verveeldheid. Hierdie variasies in stemming, sentiment en begeerte lei dikwels tot emosionele terneergedruktheid.[3] Derdens is daar die gevoel van minderwaardigheid, dikwels die gevolg van seksmoeilikhede, wat lei tot 'n onstabiele emosionele lewe. Die minderwaardigheid mag ook die gevolg van onvoldoende bevrediging van die strewe na status, erkenning, goedkeuring en sekuriteit wees. Die mislukking van nagestrewe ideale of wense, of die onvermoë om in 'n groep opgeneem te word, lei ook tot emosionele verwarring, swartgalligheid en twyfel.[4] Brooks noem ook nog faktore soos wantroue, onregverdige of ook gewaande onbillike optrede van volwassenes, skuldgevoel, eensaamheid en fynge-

---

1) Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 309.
2) Schneiders: Psychology of Adolescence, 326.
3) Ibid., 327.
4) Ibid., 327.

voeligheid as belangrike oorsake van emosionele onbestendigheid van die adolessent.[1)]

(iii) Strewingslewe: In hierdie verband wil ons aandag skenk aan die volgende drie aspekte: die begeerte en strewe van die adolessent om deel te word van die groep,[2)] die belangstellingsrigtings van die adolessent en sy estetiese sin.

Afgesien van die ontdekking van die Ek, is daar ook by die adolessent 'n soeke na aanpassing by die buitewêreld te bespeur. Die middelbare leerling se gedrag word nou deur sosiale en selfs super-sosiale neigings en begeertes bepaal:

„In order to accept himself, he needs social backing and approval just as the very little child needs the affection and support of his parents."[3)]

Die adolessente jare is by uitstek 'n periode van sosiale aanpassing en ontwikkeling. In groeiende mate word die kind bewus van sosiale verpligtinge en verwantskappe. Hy het ook nou ontwikkel tot 'n stadium waar hy in die vermoë is om onafhanklik op te tree. Die gevolg is uithuisigheid op 'n groot skaal. Hy word in hierdie stadium bewus van die teenoorgestelde geslag en van sy eie geslag. Dit gee hom 'n nuwe „status" waarvoor hy graag erkenning wil hê. Hierdie nuwe oriëntering in die adolessent se lewe bring 'n wye variasie van sosiale aktiwiteite mee. Intellektueel is hy ook selfstandiger as die laerskoolkind en kan hy nie anders as om gedurig bewus te wees van sy status in die sosiale lewe van die skool nie. Hy sal ook alles doen om opgeneem te word in

---

1) Brooks : The Psychology of Adolescence, 235 - 236.
2) Ibid., 193.
3) Forest: Child Development, 223.

die bepaalde sosiale groepe en om deel te hê aan die groep se aktiwiteite.[1)]

Die adolessent stel uiteraard in baie dinge belang: spele, atletiek, boeke, radio, bioskoop, politiek en die wetenskap, om maar sekere rigtings te noem.[2)] Alhoewel dogters gedurende die rypingsjare meer belangstelling in musiek toon as die seuns, vind opvoedkundiges[3)] tog 'n opmerklike belangstelling by beide geslagte betreffende ligte musiek, orkesmusiek, populêre liedere en in 'n mindere mate klassieke musiek.

Die adolessent openbaar 'n groot belangstelling vir die skone in die lewe. Daar is 'n besliste behoefte aan die ontwikkeling van sy skoonheidsin. Vandaar ook sy belangstelling in musiek, letterkunde en beeldende kuns.

(c) Persoonlikheidsvorming.

Volgens Coetzee[4)] is die volgende belangrike persoonlikheidstrekke kenmerkend gedurende die verskillende fases van persoonlikheidsvorming: onafhanklikheid, selfvertroue, selfbeheer, selfhandhawing, selfonderwerping, introversie, ekstroversie en gelukkigheid. Nou is die adolessente periode by uitstek 'n tydperk waarin die jongeling na sodanige persoonlikheidstrekke soos onafhanklikheid, selfvertroue, selfbeheer en selfhandhawing strewe.[5)]

---

1) Cole: Psychology of Adolescence, 261.

2) Ibid., 535.
Brooks: The Psychology of Adolescence, 287.

3) Cole: Psychology of Adolescence, 539 - 541.

4) Coetzee: Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, 231.

5) Cole: Psychology of Adolescence, 6.

2. Opvoedkundige Implikasies.

(a) Liggaamlike ontwikkeling.

In hierdie verband is daar 'n behoefte aan aktiwiteite wat verband hou met die ontwikkeling en oefening van die longe, borskas, asemhalingstelsel en motoriese vermoëns. Ten opsigte van laasgenoemde geld vingervaardigheid, handvaardigheid, armvaardigheid en koördinasie van brein, spiere en senuwees. Aktiwiteite wat verband hou met die oordeelkundige gebruik van die stem, of met die probleem van stemverandering, of wat stemforsering voorkom en heenlei tot suksesvolle stembeheersing, is ook noodsaaklik.

(b) Kenlewe.

Dit omvat aktiwiteite wat verband hou met die adolessent se behoefte om sy waarnemingslewe, opmerksaamheid, geheue, denke en verstand in te span. Daar is 'n behoefte aan die verdere ontwikkeling en gebruik van die hoër gewaarwordings van gesig en gehoor, veral waar sodanige aktiwiteite ook 'n beroep op die leerling se geheue en verstand doen. Die adolessent moet ook geleentheid kry tot abstrakte denke; tot die herkenning en definiëring van 'n probleem; tot die versameling van gegewens, die analisering en vertolking daarvan, die maak van gevolgtrekkings en die toepassing daarvan.

(c) Gevoelslewe.

In hierdie verband moet daar geleenthede gegee word tot sodanige aktiwiteite waardeur 'n minderwaardigheidsgevoel bestry word; emosionele terneergedruktheid opgehef word; eensaamheid verdryf word; geestelike spanning, verwarring, twyfel en swartgalligheid sover moontlik uit die weg geruim word. Die adolessent moet ook geleentheid kry om binne 'n groep op te tree, saam met ander en voor ander bepaalde aktiwiteite te verrig. Ten slotte is die bevrediging van die estetiese sin van die

adolessent 'n belangrike faktor waarmee die opvoeder rekening moet hou. Daar moet geleenthede geskep word vir die waardering van die dinge wat göed, skoon en waar is.

(d) Persoonlikheidsvorming.

In hierdie verband moet daar voorsiening gemaak word vir aktiwiteite waardeur die adolessent 'n goeie houding, selfverantwoordelikheid, selfvertroue, 'n sin vir diensvaardigheid en 'n gevoel van regmatige trots sal ontwikkel. Daar moet geleenthede wees tot selfstandige optrede, tot beoefening van selfbeheer en tot selfhandhawing. Aktiwiteite moet ingestel wees op die ontwikkeling van sulke deugde soos kameraadskap, dissipline, persoonlike inisiatief, verantwoordelikheid, hulpvaardigheid en die vermoë om saam te werk. Ten slotte het die adolessent ook behoefte aan leiding met betrekking tot vryetydsbesteding.

B. EISE VAN DIE VAK MUSIEK.

Seashore[1] beweer tereg dat musiek fundamenteel en in die eerste plek 'n spel met klanke is. Klank moet dus die uitgangspunt vorm by die benadering van musiek. Neem klank weg uit musiek en wat bly oor? Hierdie standpunt word duideliker wanneer ons dink aan al die instrumente waarmee musiek geskep word. Almal, die stem, die houtblasers, koperblasers, strykers en perkussiegroep is in die eerste plek ingerig om klank te produseer. Ons mag daarom beweer dat musiek basies 'n spel van klanke is en dat die kind slegs deur kennismaking met die klankbron tot bewuswording van musiek kom. Musiek vereis in hierdie verband van die leerling die volgende fundamentele werksaamhede van sintuie en gees: sintuiglik, die ouditiewe waarneming van musikale klanke; en geestelik, die interpretering van die sinvolle daarin.

---

1) Seashore: Psychology of Music, 2 - 3.

Met musikale klanke as uitgangspunt moet die leerlinge nou deur ouditiewe waarneming sekere dinge onderskei. Wat moet die oor dan leer onderskei? Wesenlik is daar net vier fundamentele hoedanighede wat deur die oor waargeneem kan word en die herkenning van en onderskeiding tussen hierdie vier basiese hoedanighede is van primêre belang in die musikale opvoeding van die leerling.[1] Wanneer die opvoeder hom deeglik oriënteer ten opsigte van hierdie vier hoedanighede, word die taak van leergangsamestelling makliker. Die vier fundamentele hoedanighede van musikale klanke is die volgende: toonhoogte, toonkleur, toonintensiteit en ritme.[2]

1. Toonhoogte.

Dit is 'n onbetwisbare feit dat ons bekoor word deur die daling en styging van melodie, met ander woorde wysiging van toonhoogte.[3]

„The matter of discrimination of pitch has played a large role in the psychology of music. Psychologists and musicians have both placed great emphasis on such an ability as a necessary attribute for musicianship."[4]

As een van die wesenlike hoedanighede van musikale klanke, verwys toonhoogte na wat ons kan noem die musikale begrippe van hoog en laag: hoër en laer toonhoogtes van bepaalde klanke. Klanke met 'n hoër aantal frekwensies per sekonde word na verwys as verteenwoordigend van hoër toonhoogtes, terwyl die met minder frekwensies bestempel word as verteen-

---

1) Seashore: Psychology of Music, 2.
Fishburn: Fundamentals of Music Appreciation, 11.
2) Seashore: Psychology of Music, 76.
3) Ratner: Music: The Listener's Art, 18 - 19.
4) Lundin: An Objective Psychology of Music, 19.

woordigend van laer toonhoogtes.[1] 'n Intelligente benadering van musiek vereis onder andere die geleidelike inskerping en, gepaard daarmee, interpretering van die sinvolle in die spel van musikale klanke soos verteenwoordig deur 'n bepaalde opeenvolging van hoër en laer toonhoogtes. Sonder sodanige inskerping, bewuswording en interpretering van sinvolle opeenvolgende hoër en laer toonhoogtes is musiekopvoeding onmoontlik.

Die gedagte van die „sinvolle" in opeenvolgende hoër en laer toonhoogtes moet beklemtoon word. Alhoewel daar in die eerste plek tussen verskillende toonhoogtes onderskei word, vind werklike musiekbelewing eers plaas wanneer opeenvolgende toonhoogtes in 'n sinvolle verband gewaardeer word. Die skoonheid van 'n gedig bestaan nie uit die blote sameflansing van lettergrepe nie. Dis ook die geval met musiek: beide gedig en musiek vind wesenlik hulle bestaan in die struktuur van sinvolle frases. Intelligente musiekbelewing vra dus wel onderskeiding van toonhoogtes, maar dan wel soos gemanifesteer in die musikale sinvolle frase. 'n Begrip van die musikale frase is van fundamentele belang; dis 'n noodsaaklike voorvereiste vir musiekbeoefening.[2]

2) <u>Ritme</u>.

Die musikale frase is egter meer as 'n opeenvolging van toonhoogtes, want deel van die sinvolle in die musikale frase word bewerkstellig deur ritme, een van die essensiële bestanddele van musiek en een van daardie elemente wat bydra tot die skoonheid en uitdrukkingskrag van musiek.[3] Ons kan wel ritme

---

1) Lundin: An Objective Psychology of Music, 17.
2) Mursell en Glenn: The Psychology of School Music Teaching 146.
3) Mursell: Music and the Classroom Teacher, 254.
Fishburn: Fundamentals of Music Appreciation, 95 - 96.

losmaak van musiek en op sigself laat bestaan,[1] maar ons kan nie musiek van ritme losmaak en dit op sigself laat bestaan nie. Waarneming en interpretasie van sinvolle musikale klanke, frases en melodieë kan slegs moontlik word indien die ritmiese element opgeneem is in en deel is van die klankbron.

Elke musikale frase bevat ook 'n sekere ritmiese struktuur, onafhanklik van die melodiese dalings en stygings, „but which is an essential component of its unity."[2]

Musiekbeoefening vereis die bewuswording en interpretering van die sinvolle in die spel van musikale klanke, soos onder andere verteenwoordig deur die ritmiese frasering, ritmiese kontrastering en terugkerende ritmiese polsslag.[3]

3. Klankkleur.

Klankkleur word bepaal deur die aantal, die intensiteit en verskeidenheid van die meeklinkende harmoniese deeltone.[4] Anders gestel: klankkleur is afhanklik van die aard en samestelling van die vibrerende medium. Wanneer 'n noot van dieselfde toonhoogte op twee verskillende instrumente gespeel word, kan ons op grond van klankkleur duidelik tussen hulle onderskei. Ook die verskillende stemtipes word op grond van klankkleur onderskei.

Buiten toonhoogte en die ritmiese element, is klankkleur dus ook een van die wesenlike hoedanighede van die musikale frase. 'n Groot deel van die bekoring van musiek word gevind in hierdie hoedanigheid van klank:

„It is the most fascinating of all fields in the

---

1) Mursell en Glenn: The Psychology of School Music Teaching, 182.

2) Ibid., 148.

3) Ibid., 109 en 199.

4) Lundin: An Objective Psychology of Music, 45.
N.S.S.E.: Thirty-Fifth Yearbook, Part II, 36.

psychology of music, for exact scientific work which has the most far-reaching significance in the understanding of music, musical education, the evaluation and construction of musical instruments and musical criticism. It certainly is one of the four corner stones of the psychology of musical esthetics."[1]

Volgens Seashore[2] beskik die mens oor 'n ingebore sin om bepaalde toonkleure te onderskei en te evalueer. Ons kan in hierdie verband wel praat van 'n „toonkleur-sin" wat langs bepaalde bane geleidelik ontwikkel en tot volle ontplooing kom.[3] Werklike skoonheidsbelewing en waardering van musiek vereis bewuswording en interpretering van die skone en sinvolle in die spel van musikale „toonkleure", soos verteenwoordig in sy ryke en pragtige verskeidenheid van stemtipes en instrumenttipes.[4]

4. Klankintensiteit.

Hier het ons te doen met die dinamiese aspek van musiek, wat ons hoofsaaklik kan reduseer tot die verskillende grade van klankintensiteite soos gemanifesteer in die verskeidenheid van sagte en harde klanke afkomstig uit die klankbron:

„The builder of instruments, the musical critic, the teacher, and scientist dealing with the art of music must develop a more conscious recognition of the role of intensity than that which now prevails in judging the beauty of music. The student must become aware, not only of principles of dynamics in music, but also of his own sensitivity and power of discrimination ..... in controlling, modifying, and utilizing loudness characteristics in tone production."[5]

---

1) Seashore: Psychology of Music, 100.
2) Ibid., 3.
3) Mursell en Glenn: The Psychology of School Music Teaching, 24.
4) Ibid., 24.
5) Seashore: Psychology of Music, 77.
Ratner: Music: The Listener's Art, 48 -49.

Elke musikale frase vereis dus, en omskrywe ook, bepaalde dinamiese skakeringe van harder of sagter klanke om sodoende sekere stemminge en 'n bepaalde gevoelstoon te skep.[1] Sonder hierdie medium sou geen voordraer of komponis in staat wees om werklik musiek voort te bring nie.[2] Die bewuswording en interpretering van die sinvolle en die skone in die spel van dinamiese skakeringe, soos verteenwoordig in die ryke verskeidenheid van musikale frases,[3] is 'n ander voorvereiste tot intelligente musiekbelewing.

5. Samevatting.

Seashore stel sy uitgangspunt besonder duidelik: „There are four- and only four- fundamental things to be learned.... the hearing of pitch, intensity, time and timbre."[4] Met die tonale, die dinamiese, die temporale en die kwalitatiewe hoedanighede as uitgangspunt kom ons tot 'n bepaalde sisteem en klassifikasie van musiekfenomene: Die tonale aspekte groei uit die hoedanighede van toonhoogte en toonkleur (timbre); die dinamiese aspekte word gewoonlik gereduseer tot intensiteit (pp, p, f, ff); die temporale omvat die ritmiese hoedanighede van musiek, terwyl die kwalitatiewe uiteraard met die klankkleur van bepaalde toonhoogtes te doen het. Nou beskik die mens oor ingebore hoedanighede, naamlik 'n sin vir ritme en vir toonhoogte en toonkleur, wat aansluiting vind by die tonale, temporale, dinamiese en kwalitatiewe dimensies van musiek. Die harmoniese aansluiting tussen potensie en dimensie en geleidelike ontwikkeling van bogenoemde hoedanighede, is 'n vereiste vir musiekbelewing.

---

1) Lundin: An Objective Psychology of Music, 41.
2) Seashore: Psychology of Music, 29 - 30.
3) Ibid., 367 - 368.
4) Ibid., 157.

C. DOELSTELLINGS VAN SKOOLMUSIEK AAN DIE MIDDELBARE SKOOL.

1. Formulering van die Algemene Doelstellings van die Opvoeding.

(a) Inleiding.

Uit 'n pedagogiese oogpunt beskou is dit noodsaaklik dat die opvoeder en die samesteller van die leergang 'n insiggewende en heldere besef van die doelstellings van die opvoeding sal hê.[1] Charters,[2] Hopkins[3] en Romine[4] stel sistematies geformuleerde doelstellings, waar standpunt vanaf 'n bepaalde uitgangspunt ingeneem word, as onmisbare vereiste by die keuse, ordening en keuring van leerstof. Sodanige doelstellings gee rigting aan aktiwiteite van die leerling, bewerkstellig kontinuïteit en dien as motivering in die leerproses. Leerkursusse moet dus in ooreenstemming met die doelstellings van die opvoeding opgestel word.

Namate die mens die lewe en die wêreld leer ken en begryp, ontwikkel hy deur sy ervaring en onder invloed van ander 'n bepaalde lewensbeskouing. Na gelang van hierdie besondere lewensbeskouing sal ook sy opvatting of beskouing van die opvoeding bepalend beïnvloed word. Daar bestaan inderdaad 'n hegte band tussen lewensbeskouing en opvoedingsdoel. Sonder die doelgerigtheid en steunende krag van 'n lewensbeskouing is geen ware opvoeding moontlik nie. Doelstellings moet gefundeer wees op 'n helder en vaste lewens- en wêreldbeskouing. Elke opvoedingsdoel verteenwoordig dus 'n bepaalde opvoeding-

---

1) Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 267.
2) Charters: Curriculum Construction, 5.
3) Hopkins: Curriculum Principles and Practices, 422.
4) Romine: Building the High School Curriculum, 158.

stelsel met 'n bepaalde vaste lewensbeskouing.[1] Die inhoud van daardie bepaalde lewensvorm waarna ons strewe, en wat dus ook ons opvoedingsdoel beliggaam, moet volgens 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing beslis word. Ons neem standpunt in vanaf 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing en sal dus uiteraard die geformuleerde doelstellings van toonaangewende Christelike opvoedkundiges as grondslag gebruik.

(b) Doelstellings volgens Christelike denkers.

Waterink[2] gee sy beskouing met betrekking tot die Calvinistiese opvoedingsdoel. Hy definieer opvoeding „als de vorming van de mens tot selfstandige, God naar Zijn Woord dienende persoonlikheid, geschikt en bereid al de gaven, die hij van God ontving, te besteden tot Gods eer en tot heil van het schepsel, in alle levensverbanden, waarin God hem plaatst."

Bavinck[3] stel die doel van die opvoeding soos volg: „Want het doel van alle opvoeding bestaat naar het schoone woord van den apostel Paulus daarin, dat de mensch Gods volmaak zij, tot alle goed werk volmaaktelijk toegerust, 2 Tim. 3:17."

Prof. Coetzee[4] benader die opvoedingsdoel soos volg: „Die mens vind sy oorsprong, wese en bestemming alleen in God. Die finale, beslissende verhouding van die mens lê nie in sy persoonlike vervolmaking nie, maar alleen in sy kindskap teenoor God. God is die einddoel van sy lewe en is ook die eind-

---

1) N.S.E.: Twenty-Sixth Yearbook, Part II, 59.
2) Waterink: Theorie der Opvoeding, 114.
3) Bavinck: Paedagogische Beginselen, 30.
4) Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 282.

deel van die opvoeding."

Ook Greyling[1] glo dat die doelstellings van die opvoeding aan die eise van Gods Woord moet voldoen. Volgens Keyter[2] lê die opperste doelstelling van die opvoeding in die vorming van die persoonlikheid en die gewete in ooreenstemming met Gods wil.

Volgens voorgenoemde omskrywings is dit duidelik dat die opvoeder geroepe is om alles wat die Skrif ons as doel van die opvoeding voorhou, in ons opvoedingsideale op te neem. Volgens 'n helder en vaste lewens- en wêreldbeskouing moet alle doelstellings, nabysynde en verwyderde, in ooreenstemming wees met en heenlei tot die verwesenliking van bogenoemde verhewe einddoel.[3] En wat is nou die nabysynde en verwyderde doelstellings wat moet heenlei tot die bereiking van die einddoel?

Waterink gee in sy omskrywing van die doel van die opvoeding blyke van 'n besondere insig.[4] In die eerste plek gebruik hy die woord „vorming", aanduidende dat die opvoeding gerig moet wees op die vorming, die realisering van die moontlikhede wat God in elke kind as Sy skepsel gelê het. Hierdie vorming moet op Christelike grondslag geskied. Maar hy beklemtoon ook die vorming van die persoonlikheid,[5] en om dit in die vormingsproses te bereik vereis harmoniese organisasie van die verskillende aanlegstrukture en die verskillende fisiese inhoude aanwesig by die mens. Die voorstellingslewe,

---

1) Greyling: Godsdiensonderwys in die Skool, 141.
2) Keyter: Opvoeding en Onderwys, 136.
3) Du Plessis, Pedagogiek as Wetenskap, 118.
4) Waterink: Theorie der Opvoeding, 114 - 119.
5) Ibid., 114.

die emosionele lewe, gevoelshoedanighede, dryfvere, drifte, begeertes, wense, strewings, met ander woorde die totale inhoud van die psigiese lewe moet op harmoniese wyse georden word, ter wille van die vorming van 'n ewewigtige persoonlikheid. Die doel van die opvoeding lê dus ook wel deeglik in die vorming van 'n geïntegreerde en gereguleerde persoonlikheid gewortel in Christelike grondslag.[1] Die vorming van 'n sodanige persoonlikheid is dan 'n voorvereiste vir die lewe wat in gehoorsame onderwerping aan Gods Woord sy aardse bestaan wil inrig. En watter doelstellings dra nou by tot die vorming van so 'n geïntegreerde persoonlikheid?

Die opvoeder met 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing strewe in bogenoemde verband na die volgende: hy wil die opvoedeling liggaamlik versorg en toerus; hy wil die opvoedeling verstandelik tot volwassenheid laat ontwikkel; deur onderrigting en voorligting wil hy hom tot sosiale bruikbaarheid vorm, hom oplei tot goeie burgerskap om sodoende te voldoen aan die eise van 'n geordende staatkundige gemeenskap; hy wil die opvoedeling sedelik vorm tot 'n karaktervolle mens gewillig om sy medemens te dien en te help; hy wil die opvoedeling ook lei tot kennis van en liefde en waardering vir die skone in die skepping; hy wil die opvoedeling ook filosofies vorm, sodat hy in staat sal wees om verskynsels in die lewe van die mens te verklaar en deur te dring tot die wese van die werklikheid; en dit alles moet dan heenlei tot ware Godsvrug.[2] Eweso onderskei Coetzee,[3] naas die uiteindelike doelstelling, tussen estetiese, etiese en filosofiese as verwyderde doelstellings; en biologiese, fisiologiese, psigolo-

---

1) Waterink: Theorie der Opvoeding, 116.

2) Verslag van Provinsiale Onderwyskommissie, Provinsie Oranje Vrystaat 1951, 19 - 20.

3) Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 269.

giese, sosiologiese, politiese en logiese as nabysynde doelstellings van die opvoeding.

Samevattend strewe ons dus na die vorming van 'n geïntegreerde en gereguleerde persoonlikheid, gewortel in Christelike grondslag; 'n harmoniese ordening van die totale fisiese, sosiale, estetiese en psigologiese hoedanighede van die leerlinge, ooreenkomstig 'n duidelike lewens- en wêreldbeskouing.[1]

2. Doelstellings van Skoolmusiek in die Middelbare Skool.

(a) Inleidend.

By die formulering van die doelstellings van Skoolmusiek in die middelbare skool moet die opvoedkundige met die volgende aspekte rekening hou: die karakteristiek van die adolessent, die eise van die vak Skoolmusiek en die algemene opvoedingsdoel. Uiteraard moet die onderrig in Skoolmusiek by die algemene opvoedingsdoel inpas en besondere aspekte daarvan beklemtoon.[2] Met bogenoemde drie faktore voor oë wil ons dan oorgaan tot die formulering van die doelstellings van Skoolmusiek.

(b) Musiek en die einddoel van die opvoeding.

Die einddoel van die opvoeding is die religieuse vorming van die mens,[3] d.w.s. toerusting van die leerling op so 'n wyse dat hy daardeur tot kennis, liefde, diens en vrese van die Here kom. Musiekbeoefening en musiekwaardering kan met die regte voorligting by die leerlinge 'n geestesgesteldheid en gesindheid skep wat tot ware godsvrug en diensbetoning lei, veral met betrekking tot die adolessent wat gedurig besig is

---

1) Saylor en Alexander: Curriculum Planning for better Teaching and Learning, 82.
Whitney: The Elements of Research, 243.

2) Glenn: Teaching Music in Our Schools, 72.

3) Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 282.

om hom toe te rus vir die geloofslewe. In sy toepassinge in die godsdiens ervaar hy gedurig skommelinge in die gemoedslewe,[1] geloof teenoor ongeloof, vreugde teenoor verdriet. Die besondere wyse waarop musiek gemoedsrus bring, is bekend uit die geskiedenis van Saul en Dawid. In die mens se soektog na geestelike en morele waardes in die lewe, kan musiek 'n verdienstelike rol speel.[2]

Volgens die lering van die Skrif wil God dit so hê dat musiek en sang in die eredienste van alle gelowiges 'n positiewe funksie moet vervul. Nadat Dawid Jerusalem ingeneem het, het hy die verbondsark laat haal. Ons lees hieroor in 1 Kronieke 13:8: „En Dawid en die hele Israel het voor die aangesig van God met alle mag gespeel, sowel met liedere as met siters en harpe, en tamboeryne en simbale en trompette." Asaf en sy kore het ook 'n belangrike aandeel in die inwyding van die tempel van Salomo gehad. Onderwyl die kore met musiek en sang die gewyde lied van Dawid „Loof die Here" aangehef het, is die huis van die Here vervul met 'n wolk wat alles oordek het. Voorbeelde in die Skrif van die belangrike funksie van musiek by godsdiensoefening is veelvuldig[3] en dien op sigself as genoegsame motivering vir die insluiting van musiek in die opvoedingsprogram.

Die kind moet leer om as skepsel van God sy Maker te verheerlik met musiek en sang. Indien die Christelike opvoedingsdoel as uiteindelike aanvaar word, dan moet musiek, nie net ter wille van sy funksie in die erediens nie, maar ook as gevolg van sy diepgaande invloed op die siel van die mens,[4] 'n

---

1) Bingle: Metodiek van Godsdiensonderrig, 3.
2) MENC.: Music in American Education, 7.
3) Joubert: Godsdiensonderwys in die Laerskool, 80.
4) Mursell: Music in American Schools, 113.

plek in die opvoedingsprogram hê. Kenners beklemtoon dan ook die bydrae van musiek tot geestelike verdieping, tot opbouing van heilsame geestesgoedere en tot religieuse vorming van die mens.[1] Daar is byvoorbeeld die musiek wat verband hou met Paasfees, met die Kruisiging en met die Opstanding. Daar is die bedevaart- en lofpsalms van Dawid:

„Loof hom oor sy magtige dade,
Loof Hom na die volheid van sy grootheid,
Loof hom met basuingeklank
Loof Hom met harp en siter.....
Laat alles wat asem het, die Here loof,
Halleluja."[2]

Vir die gelowige opvoeder het musiek wat skoon is, 'n verhewe doel, naamlik om Gods glorie te besing: „God self is die bron van die skone en alles waarvan Hy die bron is, is van fundamentele betekenis in lewe en opvoeding."[3] Kultuur en kuns, en in hierdie geval musiek, as vormende handeling van die mens, vind sy grondslag in die Godheid.[4] Ook die skone in musiek kom in die laaste instansie uit God, die opperste Kunstenaar. „Elk cultuurobject komt van God",[5] en moet dus ook God dien.

Die waarderende of skeppende kunstenaar skep nie werklik iets nuut nie; hy is slegs besig om die skeppingsrealiteite soos deur God daar gestel, in hulle sinvolle skoonheid te ontdek en in bepaalde verwantskappe te stel. Hy kan slegs „met het in de schepping aanwezige materiaal zo werken, dat hy resultaten verkrijgt, die cultuurbezit heten kunnen."[6] Slegs

---

1) Squire: Introduction to Music Education, 25.
MENC : Music in American Education, 7.
2) Psalm 150.
3) Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 160.
4) Waterink: Theorie der Opvoeding, 337 - 338.
5) Ibid., 338.
6) Ibid., 337.

hy wat wandel in die lig van die Woord van God, kan tot kennis kom van die skone in die skepping. Eers daarna sal hy in sy skeppingsdade sy innerlike so kan vergestalt dat die goeie en die skone ervaar en belewe kan word, tot eer van God. Dit is daarom ook in die eerste plek die doel van musiekonderwys om die kind deur voorligting en toerusting langs bogenoemde bane te lei.

Aansluitend by voorgenoemde aspekte dra musiekbeoefening ook by tot persoonlikheidsvorming. Musiek speel 'n rol in die adolessent se ontwakende bewuswording van 'n eie individualiteit. MENC [1] gee onder andere die volgende redes vir die insluiting van Musiek as vak in die program van die junior hoër skool: Musiek ontwikkel selfvertroue, 'n goeie houding 'n sin vir verantwoordelikheid en diensvaardigheid, asook 'n gevoel van regmatige trots. Selfstandige optrede word dikwels vereis by musiekbeoefening en dit oefen die selfbeheer, maar gee ook genoeg geleentheid vir selfhandhawing.

(c) Die estetiese doelstellings van musiek.

Hierdie aspek sluit mooi aan by die vorige gedagtes in verband met God as die bron van die skone, want God gee ook aan die mens die vermoë om die skone te waardeer. Elke kind besit 'n aangebore skoonheidsin wat deur musiekwaardering en musiekbeoefening tot volle ontplooiing kan kom. Coetzee[2] beweer dan ook tereg dat die mens alleen volkome toegerus kan wees vir sy lewenstaak as hy geleer het om die skone te ken en te soek, te waardeer en te bemin. Waterink betreur die feit dat daar „op schier geen terrein de opvoeding zozeer tekort is geschoten als op het erf van de aesthetische opvoeding."[3]

---

1) MENC : Music in American Education, 105.

2) Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 160.

3) Waterink: Theorie der Opvoeding, 504.

Die estetiese opvoedingsideale beklee 'n besondere plek in die Musiekleergang, veral omdat musiek by uitstek in staat is om die skoonheid in die skepping te vertolk. Deur middel van musiek kan die mens die skone leer ken en waardeer, maar meer nog, hy kan ook deur musiek die skoonheid van die skepping besing. Die mens het dan ook 'n aangebore skoonheidsin, „and an immediate response to it."[1] Hierdie inherente skoonheidsin kan by uitstek deur die musiek ontwikkel word, veral deur benutting van die leerlinge se skeppende vermoë: „De scheppingsdrang is het eerste reëls gegeven waarvan iedere aesthetische vorming moet uitgaan."[2]

Ook Grant[3] stel die estetiese doelstelling eerste in sy uiteensetting van die opvoedingsideale van musiek. Die waardering en beoefening van musiek ontwikkel nie slegs die aangebore skoonheidsin nie, maar bring ook 'n verdieping en verheffing van die emosies, en dit veredel die mens. Dit spreek vanself dat hier slegs sprake is van „goeie musiek," want die skoonheid kan nooit los van die waarheid en die goedheid staan nie. Slegs goeie musiek kan skone musiek wees: „De ware kunst heeft als einddoel dus altijd de genieting van de schoonheid, die God schonk."[4] Die estetiese belewing van musiek is ook in die laaste instansie 'n gawe van God, die opperste Kunstenaar. Heerkens[5] beklemtoon ook die gedagte, naamlik dat dit wat

---

1) State Department of Education: Music for Florida Children, 4.

2) Carpay: De Muzikale Vorming Op De Volksschool, 6.

3) Grant: Music for Elementary Teachers, 7.

4) Waterink: Theorie der Opvoeding, 332.

5) Heerkens: Over Schoolmuziek; Deel IV, 10.
Beattie, McConathy en Morgan: Music in the Junior High School , 121.
Ward: Music Education for High Schools, 176.

gespeel en na geluister word, van hoë gehalte moet wees, want slegs dan kan deur estetiese belewing die lewe van die kind werklik verryk word.

Ons stel dan die estetiese doelstellings van Musiek aan die middelbare skool soos volg:

(i) Aangesien die adolessent in sy strewingslewe 'n opmerklike belangstelling in die skone van die lewe openbaar, is ons ideaal die verdere ontwikkeling daarvan: deur geleenthede te skep vir die ontwikkeling van sy musikale fantasie, sy musikale waarnemings- en voorstellingsvermoë en musikale smaak; deur aan hom die nodige kennis van die musikale elemente en hulle verbindinge te gee, 'n insig in die musikale verskynsels om sodoende te kom tot musikale begrip, en daardeur tot die vermoë om die skone te waardeer.[1)]

(ii) Gedagtig aan die eise wat vir die vak Musiek gestel word, gee ons die kind ook die volgende: Leiding en voorligting tot skerping en ontwikkeling van die gees tot vatbaarheid vir die skone in die enkele toon; die skone in die assosiasie van opeenvolgende tone; die skone in die melodiese en ritmiese frase; die argitektoniese skoonheid van voortdraende ritmiese opvolgings; en die skone in die kontrastering van klankintensiteite en klankkleure.[2)] Die uitbouing van bogenoemde sensitiewe hoedanighede is die taak van die onderwyser.

(d) <u>Die sosiale doelstellings van musiek</u>.

Naas die estetiese doelstellings van musiek, word die sosiale doelstellings van musiek deur talle kenners beklemtoon. Die adolessente jare is, soos reeds aangetoon, by

---

1) Ministerie van Onderwijs, Kunsten en Wetenschappen: Mededelingen, 155.

2) Mursell en Glenn: The Psychology of School Music Teaching, 108 - 114.
Lundin: An Objective Psychology of Music, 165 - 169.

uitstek 'n periode van sosiale aanpassing en ontwikkeling. Nou is musiek in bogenoemde verband ongetwyfeld 'n integrerende faktor in die lewe van die middelbare leerling. Musiekbeoefening bring verskillende groepe spontaan bymekaar, laat nuwelinge tuis voel, verskaf gemeenskaplike genot en beklemtoon die waarde van, soos Benfield dit noem, „co-operative action."[1)]

Begryplikerwys beklemtoon Amerikaanse opvoedkundiges die sosiale doelstellings van musiek. Die waarde van musiek as 'n sosiale opvoedingsmiddel, as 'n georganiseerde geleentheid vir sosiale ervaring, as 'n dryfkrag om persone te verenig tot sosiale bruikbaarheid en burgerskap, word onderskeidelik deur Domingo San ta Cruz,[2)] Mursell,[3)] Gelber[4)] en MENC [5)] beklemtoon. Groepaktiwiteite deur middel van musiekbeoefening bied ideale geleenthede vir die ontwikkeling van sosiale deugde soos kameraadskap, samewerking, dissipline, persoonlike inisiatief, individuele verantwoordelikheid en hulpvaardigheid.[6)] Optrede voor 'n gehoor en musiekbeoefening saam met ander sal uiteraard die volgende sosiale deugde aankweek: 'n goeie houding, selfvertroue, vrymoedigheid, verantwoordelikheid, en soos Mursell dit stel: „valuable lessons of co-operation."[7)] In laasgenoemde verband dink ons aan die wye verskeidenheid van musiekaktiwiteite waardeur die adolessent geleentheid kry om in 'n groep opgeneem te word: volksang, volkspele, gesamentlike sang,

---

1) Benfield, H.: Music in a Leeds secondary modern school. Journal of Education, August 1952, 368 - 369.

2) Unesco: Music in Education, 7.

3) N.S.S.E.: Thirty-Fifth Yearbook, Part II, 7.

4) Unesco: Music in Education, 179.

5) MENC : The Function of Music in the Secondary School Curriculum, 5.

6) MENC : Music in American Education, 10.

7) N.S.S.E.: Thirty-Fifth Yearbook, Part II, 7.

koorsang, orkes, konserte en kunsfeeste. Dit is juis aan die middelbare skool dat musiekbeoefening 'n besondere funksie in die sosiale ontwikkeling van die leerling vervul.[1)]

„In de adolescentie - periode ligt wel het beslissend moment voor de vraag of iemand sociaal aangepast sal zijn."[2)]

In hierdie voltrekking van die aanpassing van die adolessente persoonlikheid aan die gemeenskap, kan Musiek, miskien meer as enige ander middelbare skoolvak, 'n positiewe rol speel. In geen ander stadium van die skoollewe „do we find so general and ardent a tendency toward all forms of musical expression."[3)]

(e) Die psigologiese doelstellings van musiek.

Dat musiek 'n bydrae kan lewer tot die vorming en ontwikkeling van die psigiese vermoëns en hoedanighede van die middelbare leerling, soos dit geopenbaar word in sy ken-, gevoels- en strewingslewe, is nie te betwyfel nie.

(i) Kenlewe: Die noodsaaklikheid van die ontwikkeling van die waarnemingslewe, opmerksaamheid, geheue, denke en verstand van die adolessent is alreeds beklemtoon.[4)] Die opvoedkundige implikasies wat daarmee gepaard gaan en wel ten opsigte van musiek is ook aangetoon.[5)] Met hierdie twee aspekte as uitgangspunt mag ons die volgende as doelstellings van musiek met betrekking tot die kenlewe stel:

Bevrediging van die adolessent se behoefte om sy waarnemingsvermoë, opmerksaamheid, geheue, denke en verstand in te

---

1) Dykema en Gehrkens: High School Music, 4.
2) Waterink: Theorie der Opvoeding, 531.
3) MENC : Music in American Education, 105.
4) Kyk bl. 70.
5) Kyk bl. 74.

span en te ontwikkel en wel met behulp van bladlees, van die blad sing, memorisering van musiek, teoretiese oefeninge, vormleer, musiekgeskiedenis en musiekwaardering. Die Onderwysdepartement van Florida[1] stel die saak soos volg:

„Twentieth century music educators have extended the range of activities and demonstrated that information, understanding, investigation, and the drawing of conclusions are elements in making music."

Die hoër gewaarwordings van gesig en gehoor kry uitstekende oefening deur onder ander van die blad te sing, en deur die onderskeiding van toonhoogtes. Musiekbeoefening doen herhaaldelik 'n beroep op die leerling se geheue, terwyl die belangstelling van die adolessent in abstrakte denke deeglik benut kan word in byvoorbeeld musiekwaardering asook in die bestudering van sekere teoretiese aspekte. Die vormende waarde van musiek met betrekking tot die kenlewe word te dikwels onderskat:

„Music study offers the child a possibility of working with material of real and high intrinsic value, through the apprehending of which invaluable, mental training is afforded."[2]

By die bestudering van musiek kry die leerling dikwels te doen met die herkenning en definiëring van 'n probleem; met die versameling van gegewens; met die analisering en die vertolking daarvan; met die maak en toepassing van gevolgtrekkings. Die intellektuele behoeftes van die adolessent word in 'n groot mate deur musiekbeoefening bevredig.

(ii) <u>Gevoelslewe</u>: Die gevoelslewe en emosionele ontwikkeling van die adolessent, sowel as sy behoeftes in die

---

1) State Department of Education: Music for Florida Children, 4.

2) Squire: Introduction to Music Education, 21.

verband, en die opvoedkundige implikasies met betrekking tot musiek is alreeds geskets.[1] Met hierdie twee aspekte as uitgangspunt mag ons die volgende doelstelling van musiek met betrekking tot die gevoelslewe formuleer:

Die benutting van musiekbeoefening en musiekwaardering ten einde die emosionele lewe van die adolessent soos gemanifesteer in emosionele onsekerheid, onbestendigheid, minderwaardigheid, verwarring, eensaamheid en fyngevoeligheid, gunstig en positief te beïnvloed. L. Gerber beklemtoon in 'n artikel „The Role of Music in General Education" hierdie doelstelling: musiek dien as afleidingskanaal vir emosionele spanninge: „a vehicle of inner life."[2]

Besliste gevoelsmomente word by die aanhoor of beoefening van musiek uitgelok. Selfs in die vroegste tye is Saul gunstig beïnvloed deur die harpspel van Dawid. Musiek kan gewis benut word om die emosionele lewe van die adolessent positief en gunstig te beïnvloed: emosionele terneergedruktheid kan verlig word; minderwaardigheid kan deur praktiese musiekbeoefening verhelp word; eensaamheid kan verdryf word; 'n sekere status kan bereik word. Musiek kan juis as gevolg van sy unieke aansluiting by die gevoelslewe veel beteken vir die adolessent wat aan emosionele verwarring, twyfel en swartgalligheid onderhewig is. As uitingsmiddel vir emosionele spanninge, dien musiek 'n voortreflike doel, veral in die lewe van die adolessent.

(f) Musiek en die fisiologiese doelstellings van die opvoeding.

Die snelle fisiologiese veranderinge gedurende adolessensie, sowel as die behoeftes wat daaruit voortspruit, is

---

1) Kyk bl. 74.

2) Unesco: Music in Education, 175 - 176.

reeds aangedui.[1] Met hierdie twee aspekte as uitgangspunt mag ons die volgende doelstelling in bogenoemde verband nastrewe: die ontwikkeling van sekere motoriese vermoëns en vaardighede; die ontwikkeling van die longe, borskas en asemhaling; die ontwikkeling van die stem in sy verskillende fases van verandering, en wel deur die bespeling van instrumente waar motoriese vaardighede benut word, die bespeling van blaasinstrumente en die sing van geskikte liedere. MENC [2] en Grant[3] beklemtoon genoemde aspekte en wys veral op die koördinerende funksie van musiek, waar die brein, die spiere en die senuwees met die uiterste presiesheid moet saamwerk. In 'n artikel „Principles of Music Education" maak Mursell[4] melding van die veranderinge, fisiologies en emosioneel, wat in die menslike gestel onder die invloed van musiek teweeggebring word:

„changes .... that are .... concomitants of emotional states. It directly influences the distribution and pressure of the blood, the heartbeat, the action of the respiratory and digestive organs, and of the endocrine mechanism; it increases sensory keenness."

(g) Spesifieke doelstellings.

Die bereiking van die ideale soos in die vorige paragrawe beskrywe, is slegs moontlik wanneer ons die volgende spesifieke doelstellings nastrewe:

(i) Die aankweek van 'n belangstelling in en liefde

---

1) Kyk bl. 74.
2) MENC : Music in American Education, 10.
3) Grant: Music for Elementary Teachers, 9.
4) N.S.S.E.: Thirty-Fifth Yearbook, Part II, 6.

vir goeie musiek.[1)]

(ii) Die aankweek van 'n gesonde waarderingsin ten opsigte van goeie musiek.[2)]

(iii) Die ontwikkeling van die musikale vermoëns van die leerlinge sodat hulle in groeiende mate in staat sal wees tot aktiewe musiekbeoefening: sang, bespeling van instrumente, improvisasie en skeppende aktiwiteite.[3)]

(iv) Insig in die musikale verskynsels van 'n teoretiese aard, dit wil sê kennis van die musikale elemente en hulle verbindinge deur die musikale verskynsels te ontleed, saam te vat, te beskou en te beoordeel.[4)]

(v) Geleenthede aan elke kind om in verhouding tot sy aanleg en vermoëns deel te hê aan die musiekprogram.[5)]

(vi) Die ontdekking en uitbouing van die gawes van die musikaal begaafde kind, as toekomstige voordraer en skeppende kunstenaar.[6)]

(vii) Om deur musiekbeoefening en waardering die kind te bring tot gesonde vrugbare vryetydsbesteding.[7)] Die adolessent het 'n behoefte aan en soek na geskikte stokperdjies.

---

1) Dykema en Gehrkens: High School Music, Introduction, XXIII.
MENC : Music in American Education, 104.

2) Heerkens: Over Schoolmuziek; Deel II, 40.

3) Ontario Department of Education: Outlines of Courses for Experimental Use (Intermediate Division), 236.
Heerkens: Over Schoolmuziek; Deel II, 38.

4) MENC : The Function of Music in the Secondary School Curriculum, 21.
Ministerie van Onderwijs, Kunsten en Wetenschappen: Mededelingen, 151.

5) MENC : The Function of Music in the Secondary School Curriculum, 7.

6) MENC : Music in American Education, 104.

7) N.S.S.E.: Thirty-Fifth Yearbook, Part II, 21.

D. KRITERIA VIR LEERSTOFKEUSE.

1. Inleiding.

Die moderne opvoedkunde bied 'n verskeidenheid van kriteria aan om die geskiktheid al dan nie van leerstof in die leergang te bepaal. So byvoorbeeld kan daar pertinente kriteria geformuleer word deur sorgvuldige oorweging van die algemene doelstellings van die opvoeding, die aard en behoeftes van die opvoedeling en die aard van die opvoedkundige proses.[1] Kenners beklemtoon oor die algemeen die volgende aspekte as bepalend vir leerstofkeuse:[2] Eerstens die fundamentele elemente noodsaaklik vir 'n effektiewe sosiale lewe; tweedens die aard van die leerling; derdens die wette van die leerproses; vierdens die onderwyser en sy hoedanighede; vyfdens die gesindhede, bronne en beperkinge van die gemeenskap. Na gelang van sy besondere vak, noem elke navorser gewoonlik daardie kriteria wat hy as belangrik beskou. Met inagneming van voornoemde beskouings en die bestudering van die standpunte van Whitney,[3] Saylor en Alexander,[4] Coetzee,[5] Schutte[6] en Preller,[7] formuleer ons die kriteria vir leerstofkeuse soos volg:

---

1) Romine: Building the High School Curriculum, 197.
2) Saylor en Alexander: Curriculum Planning for better Teaching and Learning, 14 - 15.
3) Whitney: The Elements of Research, 349 - 351.
4) Saylor en Alexander: Curriculum Planning for better Teaching and Learning, 15.
5) Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 315 - 327.
6) Schutte: Probleme in verband met die Aansluiting van Skeikunde op die Middelbare Skool en op die Universiteit, 196 - 215.
7) Preller: Die Transvaalse Biologieleergang, 91 - 93.

2. Keuse van leerstof in ooreenstemming met die doelstellings.

Die leerstof moet die doelstellings wat vir die opvoeding gestel word, dien. Whitney,[1] Saylor en Alexander,[2] Romine[3] en Coetzee[4] beklemtoon die gedagte dat leerstofkeuse in die lig van geformuleerde doelstellings moet geskied. Volgens 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing strewe ons, soos reeds aangedui, na die ontwikkeling van 'n ewewigtige, geïntegreerde persoonlikheid, wat enersyds as gevolg van sy religieuse, estetiese, sosiale en psigologiese vorming, en andersyds as gevolg van sy biologiese, fisiologiese vorming volkome toegerus is in die diens van God.

In ooreenstemming met die doelstellings moet die Musiekleergang die volgende leerstof insluit:

(a) Religieuse en gewyde musiek.

Soos reeds aangetoon[5] bring musiekbeoefening en musiekwaardering, waar dit verband hou met gewyde musiek, 'n geestesgesteldheid en gesindheid wat tot ware godsvrug en diensbetoning mag lei. Musiek en sang vervul 'n positiewe funksie in die erediens en die Christelike opvoeder moet dienooreenkomstig by die keuse van sy leerstof gewyde sangmateriaal insluit, om daardeur die opvoedeling geleidelik toe te rus vir positiewe deelname aan die erediens, tot eer van God.

---

1) Whitney: The Elements of Research, 349.
2) Saylor en Alexander: Curriculum Planning for better Teaching and Learning, 15.
3) Romine: Building the High School Curriculum, 197.
4) Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 319.
5) Kyk bl. 85.

(b) Leerstof wat die estetiese doelstellings dien.

Die ware kuns het as einddoel die genieting van die skoonheid wat deur God aan die mens geskenk is. Leerstof wat die estetiese doelstellings dien, dui dus op die keuse van werklik goeie musiek: musiek van die groot meesters in sy ryke verskeidenheid van vokale en instrumentale toonsettings; musiek wat gebore is uit die skone en mooie van die volksiel soos geopenbaar in die ryke verskeidenheid van volksliedere, volkspele, patriotiese liedere en piekniekliedjies; musiek wat gebore is uit die skone en mooie in die lewe van ander volke en juis daardeur tradisioneel en ontsterflik geword het; musiek wat die skone in die musikale klankwêreld onderstreep: die ryke verskeidenheid van kleur soos gemanifesteer in die verskillende instrumentsoorte, die verskeidenheid van stemminge soos vertolk deur bepaalde klankintensiteit en besondere ritmiese karakter; en ten slotte musiek wat die argitektoniese skoonheid soos geopenbaar in die karakteristiek van die musikale frase, die golwing van die melodiese lyn en die dinamiese krag van 'n Beethoven-tema, benut, veral met behulp van die volmaakte struktuur van die sonatevorm.

(c) Leerstof wat die sosiale doelstellings dien.

Hier moet die leerstof gekies word om aan te pas by die vereistes van 'n besondere gemeenskap. Die leerstof moet rekening hou met die struktuur en behoeftes van die maatskappy.[1] Die wyse waarop musiek aan die vereistes van die sosiale doelstellings voldoen, is reeds uiteengesit.[2] Daarvolgens moet ons die volgende leerstof beklemtoon: sangmateriaal met die oog op die gebruikswaarde daarvan binne 'n groep: duo's, trio's, kwartette, een-, tweestemmige en meerstemmige liedere, beurt-

---

1) Saylor en Alexander: Curriculum Planning for better Teaching and Learning, 14.
Coetzee: Moderne Opvoeding, 40 - 43.
Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 200.

2) Kyk bl. 90.

sange en kanons; instrumentale komposisies met die oog op die gebruikswaarde daarvan binne 'n groep; leerstof wat die ontwikkeling van vaardighede om instrumente te bespeel bevorder; leerstof ter bevordering van vokale vaardighede en aktiwiteite; en ten slotte geleenthede tot musiekbeoefening voor 'n groep en in samewerking met 'n groep: instrumentale aktiwiteite, vokale aktiwiteite, volkspele en luisteraktiwiteite.

(d) Leerstof wat die psigologiese doelstellings dien.

Die leerstof moet van so 'n aard wees dat dit 'n gebalanseerde ontwikkeling van die psigiese vermoëns van die adolessent, soos geopenbaar in sy ken-, gevoels- en strewingslewe, ten gevolge sal hê. Binne die perke van opvoedbaarheid moet aan elke leerling die geleentheid gegee word vir die bes moontlike ontwikkeling van sy potensialiteite en geestesvermoëns. Die wyse waarop musiek aan die psigologiese doelstellings voldoen, is reeds uiteengesit.[1] Daarvolgens moet ons die volgende leerstof beklemtoon: Ten opsigte van die kenlewe: leerstof wat die waarnemingslewe, die opmerksaamheid, geheue, denke en verstand ontwikkel: geleenthede vir bladlees, van die blad sing, notasie en aanverwante teoretiese probleme, harmonie, kontrapunt, vormleer, memorisering van musiek, musiekgeskiedenis en -waardering. Ten opsigte van die gevoelslewe: leerstof wat aansluiting vind by die wisselende emosionele stemminge van die adolessent: vrolike musiek, treurige musiek, gewyde musiek, sekulêre musiek, programmusiek, absolute musiek, marsmusiek, romantiese musiek en patriotiese musiek. Ten opsigte van die strewingslewe: 'n wye verskeidenheid van musiekmateriaal waaruit die adolessent volgens sy belangstellingsrigtings kan kies om sodoende die gewenste positiewe houdings en gesindhede teenoor hierdie vak te ontwikkel. Oordeelkun-

---

1) Kyk bl. 92.

dige keuse van leerstof in hierdie verband mag daartoe lei dat musiek as stokperdjie beoefen word.

(e) Leerstof wat die fisiologiese doelstellings dien.

Sodanige leerstof sal voorsiening moet maak vir geleenthede tot vokale en instrumentale aktiwiteite.[1)]

3. Keuse van die leerstof volgens die aard en behoeftes van die adolessent.

Leerstof moet volgens alle opvoedkundiges rekening hou met die geestesvermoëns, behoeftes, belangstellingsrigtings en kenmerke van die adolessent.[2)] Die rypheid van die kind, die chronologiese, anatomiese, fisiologiese, intellektuele, sosiale, emosionele en opvoedkundige „leeftye" is belangrike en beslissende faktore by die keuse van leerstof.[3)] Die opvoeder moet 'n mate van buigbaarheid in die leergang bring om soveel moontlik aansluiting te vind by die behoeftes en belangstellings van die adolessent. Sonder die nodige belangstelling ontstaan 'n geestesgesteldheid wat die doelgerigte waarneming en opneming van leerstof belemmer en die memorisering daarvan bemoeilik. Gevolglik ontstaan 'n noodgedwonge negatiewe gesindheid teenoor die betrokke vak.

Soos alreeds aangedui, stel die adolessent belang in sosiale aangeleenthede en verhoudings; handhawing van die eie persoonlikheid binne die groep; fisiese en geestelike gesondheid; bevrediging van die estetiese sin en die nuttigheidswaarde van leerstof. Ten slotte is die adolessent aangetrokke

---

1) Kyk bl. 94.

2) Saylor en Alexander: Curriculum Planning for better Teaching and Learning, 14 - 15.
Whitney: The Elements of Research, 362.
Kuhlen: The Psychology of Adolescent Development, 495.

3) Coetzee: Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, 131 - 132.

tot abstrakte denke; hy wil graag dink, redeneer, gevolgtrekkings maak, sy eie besluite neem en oordele vorm. By die keuse van leerstof vir die musiekprogram moet die opvoeder met bogenoemde belangstellingsrigtings rekening hou.[1)]

Die leerstof moet ook met die ontwikkelingspeil van die adolessent rekening hou.[2)] Die leerstof moet beslis 'n uitdaging en prikkeling vir die adolessent inhou om sy beste te lewer, maar moet ook binne die vermoëns en potensies van die leerlinge lê en maklik aanpasbaar by individuele verskille wees. Die Musiekleergang moet voorsiening maak vir die begaafde leerlinge, die normale en ook die minder begaafde groep leerlinge.

4. Keuse van leerstof volgens pedagogiese beginsels.

By die keuse van die leerstof moet daar nie slegs van die opvoedeling se kenmerkende eienskappe kennis geneem word nie, maar ook van sekere bekende pedagogiese beginsels soos die volgende: aansluiting by bekende leerstof; beklemtoning van verwantskappe; gebalanseerde benutting van die verskillende leersoorte; oordrag van oefening; voorsiening vir selfwerksaamheid; geleenthede vir die benutting van induktiewe en deduktiewe metodes en veral die korrelasie met ander vakke. Die leergangsamesteller moet integrasie tussen Musiek en ander vakke of afdelings van bepaalde vakke bewerkstellig.[3)]

5. Keuse van leerstof volgens ander algemene eise.

(a) Keuse van leerstof volgens die vereistes van die vak.

Die leergangsamesteller moet sorg dat die vereistes van die vak Musiek in ag geneem word. Die eenheid van die vak en sy soewereniteit moet gehandhaaf word deur die gedurige

---

1) Kuhlen: The Psychology of Adolescent Development, 495.

2) T.O.D.: Verslag oor Gedifferensieerde Middelbare Onderwys, 79.
Cole: Psychology of Adolescence, 335.

3) Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 322.

onderlinge saamsnoering van die wesenlike hoedanighede van die vak.[1] Ten einde hierdie logiese eenheid en selfstandigheid van Musiek as vak te handhaaf moet daar aan die volgende twee vereistes voldoen word: slegs die wesenlike hoedanighede of elemente, naamlik toonhoogte, ritme, klankkleur en klankintensiteit moet as basiese leerstof ingesluit word. Tweedens moet die onderlinge verhoudinge en afhanklikheid van hierdie vier hoedanighede tot mekaar deur logiese aaneenskakeling en korrelasie aangetoon word. In die plek van losstaande onsamehangende leerterreine, stel die leergangbeplanner samehangende, verwante terreine waardeur veral assosiasievorming in die hand gewerk word.

(b) Ooreenstemming tussen leerplanne.

Uiteraard moet die opvoeder by die keuse van sy leerstof aandag gee aan leerplanne wat alreeds in die praktyk beproef is.[2] Hier word dus aan die historiese kriterium voldoen, waar die toekomstige leergange onder andere op die beproefde grondslae van die verlede bou. Leerstof wat oor die algemeen in die verskillende leergange ooreenstem, kan nouliks deur die leergangsamesteller oor die hoof gesien word. Daarby is hierdie leergange gewoonlik verteenwoordigend van die sienswyses van bekende opvoedkundiges en gesaghebbendes op die betrokke gebied.

E. RANGSKIKKING VAN LEERSTOF.

1. Die leerstof moet volgens 'n vaste plan ingedeel word.

Die organisasie en rangskikking van leerstof moet uiteraard langs logiese en psigologiese bane gelei word, met inagneming van die belange van die vak sowel as die kind.

---

1) Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 322.

2) Sandiford: Educational Psychology, 370.

In hierdie verband kan die belangrikste rangskikkingsmetodes, naamlik die logiese, die psigologiese en die logies-psigologiese indelingsplanne genoem word.

Die logiese indelingsplan strewe in die eerste plek na 'n rangskikking van leerstof waardeur verwante aspekte benadruk word en wel by wyse van 'n logiese, sistematiese verdeling en omlyning van leerstof in sy bepaalde afdelings en onderafdelings. Ons het dan hier te doen met 'n ordelike logiese rangskikking van feitekennis, vaksentries ingerig, met 'n oorsigtelike beeld oor die geheel van die leerstofgebied.

Die psigologiese indelingsplan neem die belange, behoeftes en vermoëns van die opvoedeling as uitgangspunt en is dus pedosentries georiënteer. Ons het dus hier 'n gradering van leerstof vanaf maklik na moeilik, bekend na onbekend, eenvoudig na ingewikkeld, konkreet na abstrak, vanaf die alledaagse lewe na die vreemdsoortige, vanaf die geheel na die dele. Die leerstof moet verder, volgens die psigologiese plan, op so 'n wyse gerangskik word dat die leerlinge daardeur geprikkel en aangemoedig word om die problematiese aan te durf, selfwerksaamheid te beoefen en selfs inspannende arbeid te verrig.

Die logies-psigologiese indelingsplan strewe daarna om tesame met 'n sistematiese, logiese uiteensetting en oorsig van leerstof in bepaalde verwantskappe volgens vakvereistes, sover moontlik ook wel deeglik rekening te hou met 'n ordening van leerstof volgens psigologiese vereistes. Skoolmusiekopvoedkundiges behoort bogenoemde logies-psigologiese plan te volg.

2. <u>Die leerstof moet in 'n bepaalde vorm gegiet word</u>.

In bogenoemde verband is daar eerstens die tradisionele vorm van die leerplan waar die leerstof slegs in breë trekke uiteengesit is deur die blote vermelding van onderwerpe wat bestudeer moet word sonder enige verwysing na byvoorbeeld hulpmiddels, werkopdragte, spesifieke doelstellings met

bepaalde leerstof, wenke en naslaanwerke.

Tweedens is daar die uitgebreide moderne vorm van die leerplan waar die onderwerpe en beginsels in voller besonderhede uiteengesit is; doelstellings duidelik geformuleer is; tydindeling benader is; noodsaaklike wenke aangestip is; en hulpmiddels, werkopdragte en naslaanwerke gespesifiseer is. Laasgenoemde leergangvorm is uiteraard vir die jong en onervare onderwyser van groot nut en behoort in die geval van Musiek, waar daar 'n behoefte aan behoorlik opgeleide onderwysers is, van onskatbare waarde te wees. Hierdie leergang gee aan die onderwyser noodsaaklike inligting en voorligting oor die voordeligste wyse waarop die leerstof benut kan word, tot voordeel van die leerlinge, en is dus besonder aanbevelenswaardig.

F. FINALE SAMEVATTING VAN KRITERIA VIR DIE SAMESTELLING VAN 'N MUSIEKLEERGANG.

Samevattend is die volgende die vernaamste eise waaraan die Musiekleergang van die middelbare skool dus moet voldoen:

1. Die leerstof moet voldoen aan die eise soos gestel deur die doelstellings van Musiek:

(a) Religieuse eis: Musiekleerstof van religieuse en gewyde aard vir volledige toerusting en diensbetoning, ook in die erediens, tot eer van God.[1)]

(b) Estetiese eis: Musiekleerstof van sodanige skoonheid en verhewe kwaliteit dat dit die estetiese doelstellings dien.[2)]

(c) Sosiale eis: Musiekleerstof wat voldoen aan die vereistes van 'n besondere sosiale struktuur soos geopenbaar deur 'n bepaalde gemeenskap.[3)]

---

1) Kyk bl. 98.
2) Kyk bl. 99.
3) Kyk bl. 99.

(d) Psigologiese eis: Musiekleerstof wat voldoen aan die vereistes vir die vorming en ontwikkeling van die psigiese vermoëns en hoedanighede van die middelbare leerling soos geopenbaar in sy ken-, gevoels- en strewingslewe.[1)]

(e) Fisiologiese eis: Musiekleerstof wat lei tot die ontwikkeling van sekere motoriese vermoëns en vaardighede en tot koördinering van die denke met die senuwees en spiere.[2)]

2. Die leerstof moet behoorlik ag slaan op die aard en behoeftes van die adolessent.[3)]

3. Die leerstof moet behoorlik rekening hou met sekere belangrike pedagogiese beginsels.[4)]

4. Die leerstof moet voldoen aan die vereistes vir die vak Musiek.[5)]

5. Die leerstof moet die ooreenstemming tussen leergange in ag neem.[6)]

6. Die leerstof moet in 'n bepaalde vorm en volgens 'n vaste plan aangebied word; gefundeer word op logiese en psigologiese beginsels; behoorlik geordeen word.[7)]

---

1) Kyk bl. 100.
2) Kyk bl. 101.
3) Kyk bl. 101.
4) Kyk bl. 102.
5) Kyk bl. 102.
6) Kyk bl. 103.
7) Kyk bl. 103.

HOOFSTUK IV.

VOORGESTELDE LEERGANG: STANDERD VI - X.

A. INLEIDENDE OPMERKINGS.

1. Wyse van benadering.

Hierdie leergang is die natuurlike uitvloeisel van die beginsels in die vorige hoofstukke uiteengesit. In besonder is daar gebruik gemaak van die wenke, beskouings en benaderings van die verskillende Westerse opvoedkundiges soos in hoofstuk twee weergegee.

2. Rangskikking van die leerstof.

Die leerstof is ooreenkomstig die algemeen aanvaarde ervaringsgebiede van musiek gerangskik. Ons kry dus die volgende afbakening van die leerstof gebied: vokale aktiwiteite, luisteraktiwiteite, teoretiese aktiwiteite, instrumentale aktiwiteite, ritmiese en skeppende aktiwiteite.[1)]

Die leerstof is ook ooreenkomstig die opvoedkundige beginsels van korrelasie, koördinasie en kontinuïteit gerangskik. Hieruit volg dat bogenoemde ervaringsgebiede steeds in koördinerende verwantskap tot mekaar gestel is. Gehrels praat dan ook tereg van die integrering van die verskillende ervaringsgebiede tot 'n gedifferensieerde eenheid.[2)]

Sekere psigologies-opvoedkundige rangskikkingseise is ook in ag geneem: vanaf die geheel na die dele; vanaf die bekende na die onbekende; vanaf die konkrete na die abstrakte; vanaf die eenvoudige na die ingewikkelde, en wel op so 'n wyse dat kontinuïteit en logiese verwantskappe bewaar is.

---

1) Rafferty, S.M. en Michael, L.S.: Scheduling the music program in a large senior high school. Music Educators Journal, February 1955, 43 - 44.

2) Gehrels: Algemeen Vormend Muziekonderwijs, 11.

Met betrekking tot die aanbiedingswyse is daar, met enkele uitsonderings, van die volgende indelingsplan gebruik gemaak:

(a) Spesifieke oogmerke.

(b) Soorte van aktiwiteite.

(c) Keuse van leerstof ooreenkomstig reeds vasgestelde kriteria.

(d) Afbakening van die leerstof vir die onderskeie standerds.

B. VOKALE AKTIWITEITE.

1. Spesifieke oogmerke.

(a) Bevordering van die algemene opvoedingsdoelstellings van musiek soos alreeds uiteengesit.[1)]

(b) Die opbou van 'n wye reportoire van goeie liedere met die doel om die algemene musikale vorming van die leerlinge op 'n hegte grondslag te plaas.[2)] Sang as uitgangspunt en middelpunt in die voorgestelde program van musiekaktiwiteite.

(c) Oordeelkundige ontwikkeling van die stemme en die sanggewoontes van die leerlinge:[3)] 'n strewe na goeie toon en balans tussen die verskillende stemme; duidelike uitspraak; 'n oordeelkundige afwisseling van toonsterkte, toonkleur en tempo; netjiese aanpak en afsluit van toon; mooi frasering en sinvolle vertolking.

(d) 'n Geleidelike en oordeelkundige inleiding tot meerstemmige sang om ook daardeur doeltreffende kanale te skep waarlangs die leerlinge uiting kan gee aan hulle gevoelslewe.

---

1) Kyk Hoofstuk III, bl. 85.

2) Gehrels: Algemeen Vormend Muziekonderwijs, 16.

3) Glenn: Teaching Music in our Schools, 83.

(e) Die integrering van die vokale aktiwiteite met die ander ervaringsgebiede van musiek: teoreties (sing vanaf die notebalk); instrumentaal (sang met instrumentale begeleiding); skeppend (sing van eie skeppinge); ritmies (volkspele en volksang).

2. Soorte vokale aktiwiteite.

(a) Gemeenskaplike sang deur die skool as groep: gesamentlike sang van die leerlinge by godsdiensoefening; by die opening en sluiting van die skool; by funksies en ander spesiale geleenthede.

(b) Algemene klassang: die sangaktiwiteite van die leerlinge in die onderskeie klasse as deel van die lesrooster.

(c) Koorsang: verskillende groepe kan as deel van hul buitemuurse aktiwiteite koorsang beoefen.

(d) Sanggroepe vir kunsfeeste, konserte, operettes en ander skoolfunksies met die oog op die heilsame uitwerking daarvan op die algemene gees van die skool.[1)]

3. Keuse van leerstof ooreenkomstig reeds vasgestelde kriteria.

(a) Religieuse eis.[2)]

Insluiting van die volgende sangmateriaal: psalms, gesange, meerstemmige verwerkings van psalms en gesange, (ook met geskikte diskante), lofliedere, gewyde koorwerke en ander geskikte religieuse sangmateriaal soos deur die groot meesters aan ons nagelaat.

(b) Estetiese eis.[3)]

Die estetiese karakter van musiek vereis sangmateriaal van 'n goeie en verhewe kwaliteit: sangmateriaal waarin die

---

1) Dykema en Gehrkens: High School Music, 70.
2) Kyk hoofstuk III, bl. 98.
3) Kyk hoofstuk III, bl. 99.

ritme, die melodie, die harmonie en die vorm, voldoen aan tradisioneel goedgekeurde en aanvaarde beginsels van komposisie. Nie soseer ingewikkelde skeppinge nie, maar veel eerder samehangende, betekenisvolle, en egte musiek, ook in die eenvoud van uitdrukkingskrag.[1] Die volgende materiaal sou in voornoemde verband besonder klem regverdig: tradisioneel geworde volksliedere verteenwoordigend van 'n verskeidenheid van stemminge; tradisionele volksliedjies uit ander lande; liedere van die groot meesters; liedere van erkende moderne komponiste. Uiteraard sal ook alle ander sangmateriaal wat volgens ander eise voorgestel word, in die eerste plek aan die estetiese eis moet voldoen.

(c) Sosiale eis.[2]

Hier word sangmateriaal vereis wat geleentheid bied tot optrede saam met ander en ook voor ander. Die volgende sangmateriaal regverdig in hierdie verband besondere aandag: die sing van duo's, trio's, kwartette, beurtsange, kanons, eenstemmige en meerstemmige liedere, volkspeleliedjies, speelliedere en gemeenskaplike liedere.

(d) Psigologiese eis.[3]

(i) Kenlewe: In die eerste plek word sangmateriaal vereis wat vanaf gehoor („rote") aangeleer kan word vir die ontwikkeling van: die gehoor; die ouditiewe verbeeldingskrag; die waarnemingsvermoë; die konsentrasievermoë; die musikale geheue en opmerksaamheid.[4] Tweedens word sangmateriaal vereis in korrelasie met die notebalk met die oog

---

1) Myers: Teaching Music in the Elementary School, 39.
Pretorius: Suid-Afrika Sing, Inleiding.

2) Kyk hoofstuk III, bl. 99.

3) Kyk hoofstuk III, bl. 100.

4) Onderwysdepartement O.V.S.: Leerplan vir die Middelbare Klasse in Sang, Sts. VI - X, 16.
Department of Education; New South Wales: Alternative Curriculum for use in Secondary Schools, 158.

op die ontwikkeling van die waarnemingsvermoë, die opmerksaamheid, geheue, denke en verstand.

(ii) Gevoelslewe: In hierdie verband word die volgende sangmateriaal vereis: vrolike liedere, treurige liedere, patriotiese liedere, somber liedere, romantiese liedere en blymoedige liedere.

(iii) Strewingslewe: Die volgende liedere word voorgestel: heimatliedere, feesliedere, liedere van die jaargetye, natuurliedere, speelliedere, arbeidsliedere, marsliedere, oggendliedere, aandliedere, volksliedere en religieuse liedere.

(e) Eise van die adolessent.[1)]

(i) Al die leerstof onder die vorige punte genoem.

(ii) Sangmateriaal wat by die leerlinge se musikale bevattingsvermoë sowel as uitvoerende bekwaamheid aansluiting vind. Liedere met geskikte omvang vir die verskillende stemme; liedere met geskikte intervalspronge; liedere wat nie te hoë eise aan die memoriseervermoë van die leerlinge stel nie; liedere waarvan die ritme vloeiend is; liedere van 'n geskikte lengte en 'n sinvolle en aantreklike melodiese inhoud; liedere waarvan die teks geskik is; die woorde moet maklik sing en saamvloei met die melodie; die leerlinge moet van die lied hou en genot skep uit die sing daarvan. Onder voornoemde eise is die in verband met geskikte omvang vir die verskillende stemme baie belangrik, veral waar ons aan die middelbare skool met veranderende stemme te doen het. Klassifisering volgens stemomvang, en dan voorsiening van geskikte sangmateriaal dienooreenkomstig, is broodnodig.[2)] Die volgende

---

1) Kyk hoofstuk III, bl. 101.

2) N.S.S.E.: Thirty-Fifth Yearbook, Part II, 63.

omvange vir die verskillende stemme word oor die algemeen aanvaar:


a) Eerste-Soprane:

b) Tweede Soprane:

c) Alte:

d) Tenore:

e) Basse:



In verband met die veranderende stem moet daar veral gewaak word teen forsering in die hoër of laer registers.[1] Die volgende fases van stemverandering word oor die algemeen onderskei,[2] en dit is die taak van die onderwyser om die seunstemme gedurig te toets vir klassifikasie in een van die registers en dienooreenkomstig sangmateriaal te verskaf:



(f) Eise van die pedagogiek.[3]

Bekende liedere uit die vorige jare; liedere ter illustrasie van die verskillende toonladders; die verskillende intervalle; die verskillende toongeslagte; liedere in verskillende tale; liedere begelei deur instrumente; kanons

---

1) Beattie, McConathy en Morgan: Music in the Junior High School, 111.

2) Department of Education; New South Wales: Alternative Curriculum for use in Secondary Schools, 155 - 156.

3) Kyk bl. 102.

as eerste vorm van meerstemmigheid; volksliedere uit eie bodem; volksliedere van ander lande; moderne liedere; en ten slotte populêre liedjies volgens die keuse van die leerlinge.

(g) Eise van die vak.[1)]

Liedere ter illustrasie van bepaalde ritmiese insettinge; ter illustrasie van verskillende melodiese lyne; ter opheldering van bepaalde harmoniese opvolginge; en ter illustrasie van die verskillende liedvorme.

4. Sangmateriaal vir die onderskeie standerds.

Opmerking: Die skreiende tekort aan verteenwoordigende sangmateriaal uit eie bodem, asook die tegniese moeilikhede verbonde aan die beskikbaarstelling van Afrikaanse bladmusiek, bring mee dat leerlinge jaar na jaar dieselfde liedere tot vervelens toe sing, met noodwendige verslapping van belangstelling. Vokale aktiwiteite vorm die kern van die leergang, en 'n verskeidenheid van goeie sangmateriaal waaruit die onderwyser na goeddunke, ooreenkomstig sy klas se besondere behoeftes 'n keuse kan maak, is 'n dringende noodsaaklikheid. Om aan hierdie vereiste te voldoen, sal daar, as gevolg van die ernstige tekort aan 'n ryk verskeidenheid van sangmateriaal uit eie bodem, noodwendig van geskikte sangmateriaal uit die stamlande gebruik gemaak moet word. Gelukkig is musiek in sekere opsigte internasionaal en kan daar met behulp van geskikte vertalinge gebruik gemaak word van pragtige, dikwels tradisionele liedere uit ander lande. In die hoër standerds kan daar ook, anders as by die laer skool, doeltreffende korrelasie tussen musiek en die ander vakke wees: ons dink aan die sing van liedere in ander tale, veral die tweede taal, asook korrelasie met bv. Geskiedenis, Aardrykskunde en Volkekunde. By die keuse van

---

1) Kyk hoofstuk III, bl. 102.

sangmateriaal het ons daarna gestrewe om van die beste liedere uit eie bodem en die stamlande voor te stel. As ons ons moes beperk tot slegs Afrikaanse liedere, sou daar nie aan al die vereistes vir leerstofkeuse voldoen kon word nie.

(a) Standerd VI.

Let Wel: Vir spesifieke liedvoorbeelde verwys ons na bladsy 117.

(i) Van die bekendste en polulêrste liedere uit die laerskoolreportoire. Die leerlinge behoort self 'n keuse te maak.

(ii) 'n Aantal goeie eenstemmige liedere. Die besondere vaardigheid wat die klas in die sing van eenstemmige liedere bereik, behoort as maatstaf vir aanvangswerk met tweestemmige liedere te dien.

(iii) Die sing van kanons: twee- en driestemmig.

(iv) Tweestemmige liedere vir gelyke stemme: eerste en tweede soprane.

(v) Liedere met gepaste en interessante diskante.

(vi) Volksliedere: uit eie bodem en van ander lande.

(vii) Liedere van die groot meesters en van moderne komponiste.

(viii) Religieuse liedere.

(ix) Liedere ter illustrasie van teoretiese aspekte.

(x) Liedere wat 'n wye verskeidenheid van ervaringsgebiede dek: feesliedere, natuurliedere, arbeidsliedere, heimatliedere, oggendliedere, aandliedere, liedere van die jaargetye, speelliedere, vrolike liedere, treurige liedere, liefdesliedjies.

(b) Standerd VII.

(i) Van die bekendste en populêrste liedere

uit die vorige jaar.

(ii) Goeie eenstemmige liedere. Die belangstellingsrigtings van die seuns en dogters loop gedurende hierdie stadium uiteen. Die seuns hou veral van speelliedere en manlike liedere soos arbeidsliedere, en marsliedere.

(iii) Meerstemmige sang: tweestemmige en oordeelkundig gekose driestemmige liedere, kanons en diskante. Betreffende driestemmige werk word liedere met 'n geskikte baritonomvang vir seuns, asook baspartye wat slegs van tonika, subdominant en dominant gebruik maak, voorgestel. Ook driestemmige werk vir dogters (S.S.A.) word vir hierdie leerjaar aanbeveel.

(iv) 'n Groeiende aantal liedere in die mineurtoongeslagte, asook 'n paar geskikte liedere in die ou kerktoonaarde word aanbeveel.

(v) Verder soos vir standerd VI.

(c) Standerd VIII.

(i) 'n Groeiende aantal meerstemmige liedere, gemeenskapsliedere, asook liedere met geskikte baspartye vir seuns met veranderende stemme. Die musikale waarde van die liedere word hier al hoe meer 'n belangrike oorweging.

(ii) Liedere met die wysie in die baspart, asook liedere waar die baspart in tonika, subdominant en dominant die res begelei.

(iii) In stygende mate moet die volgende benut word: volksliedere van ander lande, liedere van die groot meesters, liedere van moderne komponiste en liedere in ander tale.

(iv) Verder soos vir standerd VII.

(d) Standerd IX en X.

(i) Toepaslike sangmateriaal uit die vorige jare, verteenwoordigend van 'n verskeidenheid van ervarings-

gebiede.

(ii) Meer aandag moet gegee word aan die opbou van 'n reportoire van liedere gekies uit die liedereskat van die groot meesters.

(iii) Liedere van moderne komponiste: Debussy, Strawinsky, Strauss, Ravel en Elgar.

(iv) Liedere van Afrikaanse komponiste.

(v) Beklemtoning van liedere in ander tale. Korrelasie met ander vakke soos Geskiedenis, Aardrykskunde en Volkekunde is moontlik.

(vi) Meerstemmige sang in sy ryke verskeidenheid van vorme en besettings: liedere vir gemengde stemme; liedere vir meisiestemme; liedere vir seunstemme; twee-, drie- en vierstemmige liedere al na gelang van besondere omstandighede. Indien hierdie vorm van sang in die vorige standerds tot sy reg gekom het, oordeelkundig gekombineer was met die lees van musiek binne redelike perke, dan is die moontlikhede van meerstemmige sang tot voordeel en genot van almal 'n positiewe vooruitsig.

(vii) Hierdie groep gee die toon aan in die skool: hulle inisiatief en leiding het onteenseglik 'n beslissende invloed op die gees van die skool in die algemeen. Die stigting van koorgroepe volgens belangstellingsrigtings en volgens beskikbare talent, asook sanggroepe vir kunsfeeste, konserte en operettes is noodsaaklik. Geskikte sangmateriaal vir voornoemde aktiwiteite word in Bylae A aangedui.

(viii) Sangmateriaal van 'n gewyde en religieuse aard moet ook beklemtoon word: geskikte meerstemmige toonsettings van psalms en gesange; gewyde koorwerke; uittreksels uit die werke van Händel en Bach; geskikte gedeeltes uit oratoriums.

(ix) Sangmateriaal soos gekies deur die leerlinge volgens hulle besondere smaak: geskikte materiaal uit

eie volksbodem; uit ander lande; uit operas en operettes. Geleenthede vir solosang, duo's, trio's en kwartette moet ook gegee word, asook geleenthede vir onbegeleide koorsang. Geskikte toonsettings vir stemme gekorreleer met blokfluite kan die sanggenot ih 'n groot mate bevorder.

(e) Spesifieke Liedvoorbeelde.

Opmerking: Daar is duidelik eenstemmigheid onder opvoedkundiges in verband met die vereistes of kriteria vir die keuse van sangmateriaal, maar met betrekking tot spesifieke liedvoorbeelde behoort die onderwyser volgens persoonlike smaak en volgens die behoeftes van die klas uit 'n verskeidenheid van goeie sangmateriaal self 'n keuse te maak. Die volgende liedvoorbeelde dien dan ook slegs as leidrade en verteenwoordig goeie sangmateriaal soos gekies ooreenkomstig ons vasgestelde kriteria vir leerstofkeuse. Voorts word daar verwys na Bylae A waarin daar geskikte voorbeelde genoem word van sangbundels wat met vrug in die middelbare skool benut kan word. Geskikte liedere, ook die wat met instrumentale aktiwiteite gekorreleer kan word, is in die bylae opgeneem. Geskikte vertalings van die Duitse liedere wat voorgestel word, is beskikbaar.[1)]

(i) Standerd VI.

a) Van die bekendste en populêrste liedere uit die laerskoolreportoire: As inleiding tot die jaarprogram beveel ons die sing van tipies Afrikaanse volksliedjies soos die volgende aan: „Daar kom Tant Alie", „Wat maak Oom Kalie daar?", „Pollie ons gaan Pêrel toe" en „Jan Pierewiet". Hierdie liedjies sal die belangstelling vir sang prikkel.

b) 'n Aantal goeie eenstemmige liedere:

Voorbeelde	Komponis of Samesteller van bundel	Bundel.
Ek sing van die Wind -	Walter Spiethoff	F.A.K.-Volksangbundel.

1) Dr. E.F. Woehler: Onderwyskollege, Potchefstroom.

Voorbeelde		Komponis of Samesteller van bundel.	Bundel.
Blou Gebergtes, Bos en Klowe	-	Mendelssohn	F.A.K.-Volksangbundel.
Kom Afrikaners sing nou Luid	-	Schumacher	F.A.K.-Volksangbundel.
Die Erntekrone	-	Krause en Oberborbeck	Muzik in der Schule, Band 2.
Der Winter ist Vergangen	-	Krause en Oberborbeck	Musik in der Schule, Band 2.
Trariro, der Sommer, der ist do	-	Krause en Oberborbeck	Musik in der Schule, Band 2.
Kaperliedjie	-	Willem Gehrels	50 Liederen Voor De School En Daarbuiten.
The Little Butcher	-	Fiske en Dobbs	Oxford School Music Books
Early One Morning	-	Leslie Woodgate	The Penguin Song Book.
A Song of the Fighting-Men		Tatton	Year Book Press.
Bingo	-	John Hornby	The Joyous Book of Singing Games.

c) Tweestemmige, driestemmige en vierstemmige kanons (die syfer tussen hakies dui die aantal stemme aan):

Voorbeelde		Komponis of Samesteller van bundel.	Bundel.
Hoe kaler jonker	(4)	Pretorius	Suid-Afrika Sing, Deel VIII.
Goue Appels	(3)	Pretorius	Suid-Afrika Sing, Deel VIII.
Die Wysneus	(3)	Pretorius	Suid-Afrika Sing, Deel VIII.
Marscanon	(4)	Gehrels	50 Canons Voor De School En Daarbuiten.
Nu gaan we na buiten	(3)	Gehrels	50 Canons Voor De School En Daarbuiten.
Trara zo klinkt Hoorngeschal	(4)	Gehrels	50 Canons Voor De School En Daarbuiten.
Vader Jakob: Variasie in F mineur	(2)	Gehrels	50 Canons Voor de School En Daarbuiten.
Liewe Lente, kom tog spoedig	(3)	Sondorp en Pienaar	36 Kanons vir Kinders.
Licht mus wieder werden	(3)	Wolters	Musik in der Schule, Band 2.

Lachend kommt der Sommer	(3)	Bresgen, C.	Musik in der Schule, Band 2.
Tanz, Kindlein, tanz	(2)	Bornefield, H.	Musik in der Schule, Band 2.
Wachet auf	(2)	Wachsmann, J.	Musik in der Schule, Band 2.
Come, Follow Me	(3)	Hilton, J.	Oxford School Music Books.

d) 'n Aantal tweestemmige liedere vir gelyke stemme (eerste en tweede soprane):

Voorbeelde		Komponis of Samesteller van bundel	Bundel of Uitgewer.
Die Lorelei	-	Duitse Volkslied	Liedere vir gebruik in skole (T.O.D.).
O Boereplaas	-	Verwerk deur John Connell	Liedere vir gebruik in skole (T.O.D.).
Moederswiegeliedjie	-	Joubert, J.	Afrikaanse Sangklas-Musiek.
Die aandklokke lui in die Verte	-	Van Rennes, C.	F.A.K.-Volksangbundel.
Awendblik	-	Richfield, S.	Mackay Bros.
Der Wächter auf dem Türmlein	-	Volksliedjie	Musik in der Schule, Band 2.
Grüss Gott, du Schöner Maien	-	Volksliedjie	Musik in der Schule, Band 2.
Die Lust hat mich bezwungen	-	Heinrich Albert	Musik in der Schule, Band 2.
The Dancing Maiden	-	Sweedse Volksliedjie	World Music Horizons.
All Glory, Laud and Honor	-	Bach	World Music Horizons.
For Equal Voices	-	12 Two-Part Songs	Boosey.
Two-Parters: A Collection	-	No. 6350	Curwen.

e) Liedere met gepaste en interessante diskante: Geskikte doeltreffende Afrikaanse liedere kon net nie vir hierdie doel gevind word nie. Die volgende Engelse sangbundels bevat liedere met uitstekende diskante:

New National and Folk Song Book - Part I - MacMahon Nelson.

Descant Series - Oxford University Press.

Descant Series - Cramer.

National Songs with Descants - Eight Sets — Novello.

f) Volksliedere:

Voorbeelde		Komponis of Samesteller van bundel.	Bundel of Uitgewer.
Suid-Afrika let op u saak	-	Pretorius, S.M.	Suid-Afrika Sing, Deel VIII.
Paul Kruger	-	Pretorius, S.M.	Suid-Afrika Sing, Deel VIII.
Vryheidslied	-	Pretorius, S.M.	Suid-Afrika Sing, Deel VIII.
Vlaglied	-	Joubert, F.J.	F.A.K.-Volksangbundel.
Die Ontroue Sannie	-	Volkswysie	Ons Singende Jeug.
Uit my Kindertyd	-	Radecke, R.	F.A.K.-Volksangbundel.
Vegkop	-	Richfield, S.	Nasionale Pers.
Our Land	-	Finse Nasionale Lied	World Music Horizons.
Komm doch, lieber Frühling	-	Heinz Lau	Musik in der Schule, Band 1.

g) Liedere van die meesters (uiteraard kan slegs twee of drie aangeleer word):

Heidenröslein	-	Schubert, F.	Oxford School Music Books en F.A.K.-Volksangbundel.
Ask If Yon Damask Rose Be Sweet	-	Händel, G.F.	Oxford School Music Books.
The Fisherman	-	Schubert, F.	Oxford School Music Books.

h) Geskikte Psalms en Gesange: 'n Strewe om ook die minder bekende psalms en gesange aan die leerlinge bekend te stel.

(ii) Standerd VII.

a) Bekende liedere: 'n Paar van die bekendste en populêrste liedere uit die vorige jaar.

b) Eenstemmige liedere:

Voorbeelde		Komponis of Samesteller van bundel	Bundel of Uitgewer.
Gods weldade	-	Pretorius, S.M.	Suid-Afrika Sing, Deel VIII.
Danklied	-	Pretorius, S.M.	Suid-Afrika Sing, Deel VIII.
Waar die Ruimtes Roep	-	Mendelssohn, F.	F.A.K.-Volksangbundel.
Plompaart (mineur)	-	Gehrels, W.	50 Liederen Voor De School en Daarbuiten.
De Kadulletjies	-	Gehrels, W.	50 Liederen Voor De School en Daarbuiten.
The Tyrolese are Jolly	-	Hornby, J.	The Joyous Book of Singing Games.
There were Three Jolly Fishermen	-	Hornby, J.	The Joyous Book of Singing Games.
Polly-Wolly-Doodle	-	Woodgate, L.	Penguin Song Book.
Die güldene Sonne	-	Krause en Oberborbeck	Musik in der Schule, Band 2.

c) Kanons:

Môrestond	(4)	Pretorius, S.M.	Suid-Afrika Sing, Deel VIII.
Treinrit	(2)	Pretorius, S.M.	Suid-Afrika Sing, Deel VIII.
Geniet van die Lente	(2)	Gehrels, W.	50 Canons Voor De School en Daarbuiten.
De Lente Komt	(2)	Gehrels, W.	50 Canons Voor De School en Daarbuiten.
Vrede op Aarde	(4)	Gehrels, W.	50 Canons Voor De School en Daarbuiten.

d) Tweestemmige liedere:

Voorbeelde	Komponis of Samesteller van bundel	Bundel of Uitgewer.
Die Nag	- Lemmer, P.J.	„Die Vlakte"-reeks, Bundel 1.
Motte	- Lemmer, P.J.	F.A.K., Johannesburg.
Die Nachtegaal	- Veldhuyzen, M.	De Toorts, Heemstede.
Lentebode: vier-tweestemmige liedere	- Appeldoorn, D.	Wagenaar, Utrecht.
River Song	- Alec Rowley	Arnold.
Beauty Lately	- Händel	Oxford University Press.
Lieb Nachtigall, Wach Auf	- Krause en Oberborbeck	Musik in der Schule, Band 2.
Herbstlied	- Krause en Oberborbeck	Musik in der Schule, Band 2.

e) Drie stemmige liedere:

Stille Nag	- Lemmer, P.J.	-
Die Veepos	- Eyssen, S.	-
Als de grote klokke luidt	- Veldhuyzen, M.	De Toorts, Heemstede.
Komt nu met Zang	- Annie Langelaar	De Toorts, Heemstede.
't Haasken	- Annie Langelaar	De Toorts, Heemstede.
Deutscher Hausspruch	- Krause en Oberborbeck	Musik in der Schule, Band 4.
Nun ruhen alle Wälder	- Krause en Oberborbeck	Musik in der Schule, Band 4.
O lovely night	- Praetorius, M.	Novello.
A Cradle Song	- Walford Davies	Novello.

f) Liedere in die mineurtoongeslagte:

Gods weldade	- Pretorius, S.M.	Suid-Afrika Sing, Deel VIII.

Far-Away Valley	- Finse Volksliedjie	World Music Horizons.
Highland Harry	- Fiske en Dobbs	Oxford School Music Books.
Frau Mutter Tylochin	- Krause en Oberborbeck	Musik in der Schule, Band 1.

g) Volksliedere:

Besinning	- Pretorius, S.M.	Suid-Afrika Sing, Deel VIII.
Danklied	- Pretorius, S.M.	Suid-Afrika Sing, Deel VIII.
Bosveld toe en twee-ander liedere	- S. le Roux Marais	
Vegkop	- Barton	Nasionale Pers.
Henry Martin	- Gould en Sharp	English Folk-Songs for Schools.
Dabbling in the Dew	- Gould en Sharp	English Folk-Songs for Schools.
Down by the Salley Gardens	- Ierse Volksliedjie	Oxford School Music Books.
The Sierras of Chiapas	- Spaanse Volksliedjie	World Music Horizons.

h) Liedere van die meesters:

Evening Hymn	- Purcell, H.	Oxford University Press.
Sunrise	- Händel, G.F.	Oxford University Press.
Butterfly	- Schumann, R.	Curwen.
The Lord is My Shepherd	- Schubert, F.	Novello.

i) Liedere met blokfluitbegeleiding: In hierdie verband verwys ons na Bylae A waar toepaslike voorbeelde verskyn.

j) Geskikte Psalms en Gesange: Die aanleer van minder bekende psalms en gesange soos in die vorige jaar gedoen is.

(iii) Standerd VIII.

a) Bekende liedere: Van die bekendste en populêrste liedere uit die vorige jaar volgens die keuse van die leerlinge.

b) Eenstemmige liedere:

Voorbeelde	Komponis of Samesteller van bundel	Bundel of Uitgewer.
Gelukkig is die land	- Pretorius, S.M.	Suid-Afrika Sing, Deel VIII.
Die Visser	- Manca, J.S.	Müller, Kaapstad.
Lob der Kartoffel	- Krause en Oberborbeck	Musik in der Schule, Band 2.
Auf, du junger Wandersmann	- Krause en Oberborbeck	Musik in der Schule, Band 2.
Loch Lomond	- Lady John Scott	Penguin Song Book.
Orpheus with his Lute	- Sullivan	Novello.
Doors of Morning	- John Hornby	The Joyous Book of Singing Games.
He Shall Feed His Flock	- Händel, G.F.	Schirmer.

c) Kanons:

Pryslied	(3)	Pretorius, S.M.	Suid-Afrika Sing, Dee. VIII.
Jaglied	(4)	Pretorius, S.M.	Suid-Afrika Sing, Deel VIII.
Paaskanon	(3)	Pretorius, S.M.	Suid-Afrika Sing, Deel VIII.
Dona Nobis Pacem	(3)	Gehrels, W.	50 Canons Voor De School en Daarbuiten.
O Klaag tog niet	(2)	Gehrels, W.	50 Canons Voor De School en Daarbuiten.
Wacht auf, der Tag bricht aan	(3)	Krause en Oberborbeck	Musik in der Schule, Band 2.
Wachet auf, ruft uns die Stimme	(4)	Krause en Oberborbeck	Musik in der Schule, Band 2.

d) Tweestemmige liedere:

Voorbeelde		Komponis of Samesteller van bundel	Bundel of Uitgewer.
Man en Vrou	-	Roode, M.C.	„Die Vlakte"-reeks, Bundel 1.
Bergrivier	-	Lemmer, P.J.	F.A.K., Johannesburg.
Molen, Wind en Graan	-	Gilson, P.	Het Muziekfonds, Antwerpen.
Levenslust	-	Van Rennes, C.	Wagenaar, Utrecht.
Come Ever Smiling Liberty	-	Händel, G.F.	Novello.
To Daffodils	-	Thiman, E.H.	Novello.
The Gardener	-	Brahms, J.	Novello.

e) Driestemmige liedere:

Klein Ondeug	-	Roode, D.J.	
Ik zeg adieu	-	Veldhuyzen, M.	Toortsbladen.
Die meine	-	Carla Kohnstamm	Toortsbladen.
Abendgesänglein	-	Kindermann, J.E.	Toortsbladen.
Der Kühle Maien	-	Schein, J.H.	Toortsbladen.
Kom nu met Zang	-	Annie Langelaar	Toortsbladen.
Der Mai, der Mai, der Lustige Mai	-	Krause en Oberborbeck	Musik in der Schule, Band 4.
Es singt wohl ein Vöglein	-	Krause en Oberborbeck	Musik in der Schule, Band 4.
The Chestnut Tree	-	Schumann, R.	Aschenbrenner, Carl Fischer.
Old Man River	-	Kern	T.B. Harms.
Dreams	-	Parry	Novello.

Let Wel: Die meeste van bogenoemde liedere is gekies met die oog op die veranderende stem. Veral die volgende bundel verdien in hierdie verband besondere vermelding :

The S.A.B. Books, I & II - Winn, C. Boosey.

f) Volksliedere:

Voorbeelde		Komponis of Samesteller van bundel	Bundel of Uitgewer.
Gelukkig is die Land	-	Pretorius, S.M.	Suid-Afrika Sing, Deel VIII.
Gebed vir die Vaderland	-	Pretorius, S.M.	Suid-Afrika Sing, Deel VIII.
Und in dem Schneegebirge	-	Krause en Oberborbeck	Musik in der Schule, Band 2.
Mein Stimme klinge	-	Krause en Oberborbeck	Musik in der Schule, Band 2.
Morning	-	Italiaanse Volksliedjie	World Music Horizons.
Moo-Lee-Hua	-	Sjinese Volksliedjie	World Music Horizons.
Strawberry Fair	-	Gould en Sharp	English Folk-Songs for Schools, Curwen Edition.
The Coasts of Barbary	-	Gould en Sharp	English Folk-Songs for Schools, Curwen Edition.

g) Liedere van die meesters:

Hark, Hark the Lark - Schubert.

Song of India - Rimsky-Korsakov.

The Organ-Grinder - Schubert.

Shepherd, Shepherd - Purcell.

Pluck ye roses - Schumann.

h) Liedere in die mineurtoongeslagte:

Die beste Zeit im Jahr ist mein	-	Krause en Oberborbeck	Musik in der Schule, Band 2.
Spring Breezes	-	Fiske en Dobbs	Oxford School Music Books, Part I.
When That I Was	-	Fiske en Dobbs	Oxford School Music Books, Part I.
High Germany	-	Gould en Sharp	English Folk-Songs for Schools.

i) Liedere gekorreleer met instrumentale aktiwiteite (Blokfluite, die Orff-instrumente en ander melodiese slagwerk): In hierdie verband verwys ons na Bylae A waar toepaslike voorbeelde verskyn.

j) Geskikte Psalms en Gesange: Die aanleer van minder bekende psalms en gesange.

(iv) Standerds IX en X.

a) Bekende liedere: Volgens die keuse van die leerlinge word van die bekendste en populêrste liedere uit die vorige jare gesing. Liedere vir sanggenot mag nie nagelaat word nie. In hierdie verband word die sing van tradisionele volksliedjies beklemtoon.

b) Kanons:

Voorbeelde		Komponis of Samesteller van bundel	Bundel of Uitgewer.
By die dood van 'n skoolmaat	-	Pretorius, S.M.	Suid-Afrika Sing, Deel VIII.
Drie Ganzen in 't haverstro	-	Gehrels, W.	50 Canons Voor De School en Daarbuiten.
Zomercanon	-	Gehrels, W.	50 Canons Voor De School en Daarbuiten.
Ter Begroeting	-	Gehrels, W.	50 Canons Voor De School en Daarbuiten.
Miserere (dubele kanon)	-	Krause en Oberborbeck	Musik in der Schule, Band 2.
Bona Nox	-	Krause en Oberborbeck	Musik in der Schule, Band 2.

c) Ander meerstemmige liedere (die syfer tussen hakies dui die aantal stemme aan):

Sluimerlied (4)	-	Lemmer, P.J.	Nasionale Pers.
Voortrekkerkoor (4)	-	Lemmer, P.J.	F.A.K., Johannesburg.

Moedertaal	(4)	Kühn, G.W.	Afrikaanse Liederekrans
Die Meul	(4)	Matthews, H.	S.A. Musiek Kie.
Sarie Marais	(4)	Matthews, H.	S.A. Musiek Kie.
Sneeu	(4)	Roode, M.C.	Vlakte-reeks, Nasionale Pers.
Es ist ein Ros entsprungen	(4)	Krause en Oberborbeck	Musik in der Schule, Band 2.
Brüder, Reicht die Hand zum Bunde	(4)	Krause en Oberborbeck	Musik in der Schule, Band 2.
Der Morgenstern	(4)	Krause en Oberborbeck	Musik in der Schule, Band 3.
Aller Augen warten auf dich	(4)	Krause en Oberborbeck	Musik in der Schule, Band 3.
An hellen Tagen	(4)	Krause en Oberborbeck	Musik in der Schule, Band 3.
In Stiller Nacht	(4)	Brahms	The Penguin Part Song Book.
O Come All Ye Faithful	(4)	Woodgate, L.	The Penguin Part Song Book.
Welcome Happy Morning (met 'n diskant)	(4)	Sullivan, A.S.	World Music Horizons.
Now Thank We All Our God	(4)	Crüger-Bach	World Music Horizons.
Lullaby	(4)	Brahms	Novello.
Spring her Lovely Charms Unfolding	(4)	Haydn	O.U.P.
Golden Slumbers	(4)	Wood, C.	Arnold.
Come, Gentle Spring	(4)	Haydn	O.U.P.
Lift Thine Eyes (Elijah)	(3)	Mendelssohn	Novello.
Come, Follow Me	(3)	Purcell, H.	Oxford.
The Blackbird's Song	(3)	Buck, P.C.	Novello.
Jingle Bells	(3)	Pierpent	G. Schirmer, Inc.
Alphabet	(3)	Mozart	G. Schirmer, Inc.
Cradle Song	(3)	Moore	B.F. Wood Music Company.

d) Volksliedere:

Nimmer of Nou	-	Morgan, J.L.	Curwen.
Afrikaanse Volkslied	-	Volkswysie	F.A.K.-Volksangbundel.
Dierbaar Suid-Afrika	-	Flemming	F.A.K.-Volksangbundel.
Oranje-Blanje-Blou	-	Pierson, H.H.	F.A.K.-Volksangbundel.
Transvaalse Volkslied	-	Van Rees, C.F.	F.A.K.-Volksangbundel.
Die Stem van Suid-Afrika	-	De Villiers, M.L.	F.A.K.-Volksangbundel.
The Recruit (spesiaal vir basstemme)	-	Parker, H.	World Music Horizons.
Timber Song	-	Amerikaanse Volksliedjie	World Music Horizons.
Jutlandish Dance Song	-	Deense Volksliedjie	World Music Horizons.

Let Wel: Vir soortgelyke volksliedere van ander lande raadpleeg Bylae A.

e) Liedere van die meesters:

Fairy Folk	-	Händel	O.U.P.
O Lovely Peace	-	Händel	Patersons.
Come unto Him	-	Händel	Novello.
Sacred Duets	-	Bach	Bosworth
My heart ever faithful	-	Bach	Novello.
The Blacksmith	-	Brahms	Curwen.
If with all your hearts	-	Mendelssohn	Novello.
Ten Songs by Händel	-	Somervell	Curwen.
Twenty Favourite Songs by Purcell	-	Purcell	Augener.

f) Psalms en Gesange:

Gesang 12 (diskant)	-	Roode, M.C.	F.A.K., Johannesburg.
Psalm 40 (diskant)	-	Roode, M.C.	F.A.K., Johannesburg.

Psalm 78 (diskant)	Roode, M.C.	F.A.K., Johannesburg.
Psalm 90 (diskant)	Roode, M.C.	F.A.K., Johannesburg.
O Mensch, bewein (4) dein Sünde gross (Psalm 68)	Hassler, H.L.	Bärenreiter Ausgabe.
Vom Himmel hoch (4) da komm ich her (Psalm 104)	Hassler, H.L.	Bärenreiter Ausgabe.
Ein feste Burg ist(4) unzer Gott (Psalm 46)	Osiander, L.	Bärenreiter Ausgabe.
Wenn mein Stünd- (4) lein vorhanden ist (Gesang 23)	Hassler, H.L.	Bärenreiter Ausgabe.
Wachet auf, ruft (4) uns die Stimme (Gesang 32)	Praetorius, J.	Bärenreiter Ausgabe.

Let Wel: Die aanleer van minder bekende psalms en gesange soos in die vorige jare gedoen is, behoort ook in standerds IX en X die aandag te geniet.

g) Liedere vir koorgroepe: Die stigting van koorgroepe met die oog op kunsfeeste, konserte en die opvoering van operettes is alreeds beklemtoon. Geskikte sangmateriaal vir hierdie doel is in Bylae A opgeneem. Ook in hierdie verband moet daar gesoek word na sangmateriaal wat 'n wye verskeidenheid van ervaringsgebiede dek.

C. LUISTERAKTIWITEITE.

1. Bepaalde oogmerke met luistermateriaal.

(a) 'n Strewe om ook met behulp van luisteraktiwiteite ons algemene opvoedingsideale te bevorder.

(b) Deur die skepping van geleenthede om na goeie musiek te luister, wil ons aan die leerlinge estetiese genot verskaf en hulle prikkel tot belangstelling in en liefde vir musiek. In die luisteraktiwiteite tree die estetiese oogmerke sterk na vore.

(c) Met die ouditiewe vermoë van die leerlinge as uitgangspunt, moet die leerlinge gelei en voorgelig word tot sinvolle interpretasie en waardering van goeie musiek. Die vorming van die leerlinge tot intelligente luisteraars van musiek bly een van die belangrikste take van die onderwyser.

(d) Luisteraktiwiteite dui geensins op 'n passiewe benadering van musiek nie. Inteendeel, ons strewe veel eerder na geestelike aktiwiteite, 'n herskepping en belewing van die komponis se skeppingsdaad waardeur die luisteraar se emosies gelei word langs dieselfde bane as wat die skeppende kunstenaar gevolg het. Ons strewe dus hier na die aanwending en benutting van ons kennis, emosionele struktuur en geestelike vermoëns op so 'n wyse „that it frequently involves more of the spiritual and emotional being of an individual than performing does."[1] Uiteraard sal luisteraktiwiteite in die middelbare skool 'n veel belangriker plek as in die laer skool inneem.

(e) Luisteraktiwiteite dien ook 'n kulturele doelstelling: die opvoeding van ons jeug tot die toekomstige luisteraarspubliek. Sodoende verseker ons die erkenning van ons kunstenaars en hulle skeppinge, en word ons Afrikaanse musiekkultuur ontwikkel. Die moderne eeu bring met sy tegniese

---

1) Dykema en Gehrkens: High School Music, 280.

prestasies 'n ryke verskeidenheid van goeie musiek na die huis van elke burger. Deur doeltreffende voorligting en leiding wil ons die leerlinge lei om daarvan vrugbare gebruik te maak.

(f) Belangstelling in musiek deur middel van luisteraktiwiteite lei ook tot vrugbare vryetydsbesteding. Deur middel van die radio, konserte, operas, plateprogramme en musiekklubs wil ons die leerlinge van ongewenste plekke af weghou.

(g) Ten slotte strewe ons ook na die integrering van luisteraktiwiteite met die ander ervaringsgebiede van musiek: luister hoe vokale en instrumentale werke uitgevoer moet word; uitvoering van vokale of instrumentale werke met geskikte plaatopnames as begeleiding; die lees van eenvoudig gerangskikte partituurvoorbeelde terwyl die opname gespeel word, en ten slotte ook ritmiese begeleiding van toepaslike opnames.

2. Soorte luisteraktiwiteite.

(a) Programme soos opgestel en aangebied deur die uitsaaiwese.

(b) Programme aangebied met behulp van die grammofoon of gramradio.

(c) Programme aangebied deur besoekende kunstenaars.

(d) Die bywoning van konserte.

(e) Programme aangebied deur die onderwyser as voordraer.

(f) Programme aangebied deur leerlinge van die skool.

(g) Programme aangebied met behulp van die film- en bandopnametegnieke.

3. Keuse van leerstof volgens reeds vasgestelde kriteria.

(a) Religieuse eis.[1)]

Luistermateriaal van 'n gewyde en religieuse aard: psalms, gesange, gewyde koorwerke, lofliedere, die motet, die koraal, die kantate, die oratorium en ander geskikte kerk-

---

1) Kyk hoofstuk III, bl. 98.

musiek, veral soos weerspieël in die werke van Palestrina, Bach, Händel, Praetorius, Haydn, Mozart en Mendelssohn.

(b) Estetiese eis.[1]

Die estetiese karakter van musiek vereis luistermateriaal van 'n goeie en verhewe kwaliteit: die puber is besonder ontvanklik vir die stemminge en seggingskrag van musiek; daarom moet ons des te meer luistermateriaal voorsien wat werklik goed, skoon en genotvol is.

(c) Sosiale eis.[2]

Luistermateriaal wat aan groepe geleenthede bied om saam na musiek te luister en dit te waardeer: luister na die gramradio; plateklubs; uitvoerings van besoekende kunstenaars; besoeke aan konserte; bywoning van simfoniekonserte; operettes en operas.

(d) Psigologiese eis.[3]

(i) Kenlewe: herkenning van ritmiese en melodiese frases; ontleding van bepaalde musiekvorme; vergelyking van style en tegnieke; evaluering van voorgespeelde werke; onderskeiding tussen stemtipes en instrumenttipes; memorisering van temas en intelligente bespreking van die inhoud van 'n bepaalde werk teen 'n bepaalde historiese agtergrond ten opsigte van sekere styleienskappe. Luistermateriaal moet dan ook gekies word met die oog op voorgenoemde aktiwiteite (ontwikkeling van die waarnemingsvermoë, opmerksaamheid, geheue, verbeelding, denke en verstand).

(ii) Gevoelslewe: Luistermateriaal verteenwoordigend van verskillende stemminge: vrolike musiek, treurige musiek, gewyde musiek, patriotiese musiek, somber musiek, romantiese musiek en blymoedige musiek.

---

1) Kyk hoofstuk III, bl. 99.
2) Ward: Music Education for High Schools, 177.
3) Kyk hoofstuk III, bl. 100.

(e) Eise van die adolessent.[1]

(i) Al die leerstof in die vorige paragrawe beskrywe.

(ii) Luistermateriaal wat by die leerlinge se musikale bevattingsvermoë en belangstellingsrigtings aansluit en geneem is uit 'n wye verskeidenheid van ervaringsgebiede: marsmusiek; programmusiek; absolute musiek; vokale musiek; instrumentale musiek; musiek in sy historiese verband; musiek ter illustrasie van die bou en vorm van 'n bepaalde komposisie; komponiste en hulle werke; musiek van ander volke.

(f) Eise van die pedagogiek.[2]

Luistermateriaal wat die verskillende musiekvorme vanaf die eenvoudige na die meer ingewikkelde illustreer: die frase, die sin, die tweeledige en drieledige liedvorme, menuet, rondo, sonate, simfonie, concerto, en dan die ontleding in fyner besonderhede van die sonatevorm (vanaf die geheel na die dele). Geleenthede om herhaalde kere na sekere komposisies te luister. Luistermateriaal waarna geluister kan word met behulp van partituurvoorbeelde (korrelasie). Luistermateriaal, vokaal en instrumentaal, wat later deur die leerlinge self uitgevoer kan word (korrelasie). Neerskrywe van temas uit voorgespeelde werke (selfwerksaamheid). Luistermateriaal met 'n programmatiese inhoud (vanaf bekende na die onbekende). Luistermateriaal wat die verskillende stem- en instrumenttipes illustreer (beklemtoning van verwantskappe en benutting van induktiewe en deduktiewe metodes).

(g) Eise van die vak.[3]

Luistermateriaal wat die volgende aspekte illustreer: die kwaliteit van klank (kleur, toonhoogte, intensiteit); die

---

1) Kyk hoofstuk III, bl. 101.
2) Kyk hoofstuk III, bl. 102.
3) Kyk hoofstuk III, bl. 102,

kwaliteit van beweging (vinnig, stadig, reëlmatig, onreëlmatig, gespanne, ontspanne); die karakteristiek van die melodie (intervalle, dalings, stygings, herhalings, variasies, kontraste, melodiese ontwikkeling); die karakteristieke van die ritmiese inkleding (tweeslag, drieslag, saamgesteld, reëlmatig, swaar, lig, gesinkopeerd, eenvoudig); die besondere tekstuur van die komposisie (enkelvoudig, met begeleiding, polifonies, nabootsend); sekere dinamiese effekte (p, pp, f, ff); die harmoniese inkleding van die werk (modulasie, kadanse); en ten slotte 'n opheldering van die besondere vorm waarin die werk gegiet is.[1] Uit bogenoemde aspekte word dit ook duidelik waarom luisteraktiwiteite so 'n belangrike plek in die leergang inneem; op 'n besondere wyse word daar aan die vereistes van die vak voldoen.

4. Luistermateriaal vir die onderskeie standerds.

(a) Standerd VI.

(i) Die bekendstelling van stemtipes: Die volgende stemtipes word bekend gestel: sopraan, contralto, tenoor en bas. Die klankkleure van die onderskeie stemtipes moet afsonderlik geïllustreer word en daarna in hulle verskillende groeperinge: duo, trio, kwartet en koor. As inleiding en vir die algemene bekendstelling van die stem kan die volgende uitstekende opname gedraai word:

Songs for Children: Victor - 20737. Die volgende werke word gehoor: Brahms: „Lullaby" en „The Little Dustman".

Schumann: „Hey Baloo".

Schubert: „The Linden Tree."

Stemtipe: Sopraan (Anna Howard).

Let Wel: Die Afrikaanse vertalings van bg. liedere, met die

---

1) Ratner: The Listener's Art, 73 - 74.

uitsondering van Schumann se liedjie, verskyn in die F.A.K.-Volksangbundel. Ter illustrasie van die ander stemtipes word die volgende opnames aanbeveel:

Contralto: „My Old Kentucky Home" en „Carry Me Back to Old Virginny" gesing deur Marian Anderson: Vic. LM - 1703.

Tenoor: „Beautiful Dreamer" en „Jeannie with the Light Brown Hair" van Foster gesing deur Richard Crooks: H.M.V. D.A. - 1599; of „Santa Lucia" gesing deur Caruso: H.M.V. D.B. - 2991.

Bas: „Song of the Volga Boatmen" van Koeneman gesing deur Chaliapin: H.M.V. D.B. - 1103; of „Heidenröslein" van Schubert gesing deur Alexander Kipnis: Col. L.X. - 665.

Bogenoemde liedere sluit aan by die belangstellingsrigtings van die leerlinge, is tradisioneel en ryk in verskeidenheid, en word deur die wêreld se beroemdste stemme voorgedra - vandaar hulle insluiting. Genoemde voorbeelde dien slegs as leidrade, en die onderwyser kan uit 'n ryke bron van voorbeelde sy eie keuse maak (Bylae C).

(ii) Bekendstelling van instrumenttipes: In hierdie leerjaar word die perkussiegroep aan die leerlinge bekend gestel, en wel om die volgende redes:

a) Die logiese verwantskap met die reeds bekende slagorkes.

b) Die besondere belangstelling van veral die seuns in hierdie groep instrumente.

c) Die besondere klankkleur van die groep instrumente - as deel van die orkes maklik herkenbaar.

d) Die besondere geleenthede tot korrelasie met die slagorkes: begeleiding van sekere geskikte opnames deur die slagorkes.

Eerstens word die instrumente wat geen bepaalde toonhoogte

speel nie, gedemonstreer: bastrom, sytrom, simbale, tamboeryne, kastanjette, driehoeke, rammelklokkies en die ghong. Tweedens word die instrumente wat 'n bepaalde toonhoogte weergee, gedemonstreer: keteltrom, buisvormige klokke, „glockenspiel", xilofoon, celesta en die smidsaambeeld. Die keteltrom behoort die meeste aandag te geniet. Die volgende opnames illustreer bogenoemde instrumente en hulle onderskeie klankkleure doeltreffend:

„Instruments of the Orchestra" - Col. MX 250

„Young Person's Guide to the Orchestra" - Col. ML 4197.

„The Symphony Orchestra" - Decca-Album A. 93.

„Instrumental Combinations - Bells and Celesta" - Victor-19926.

„Xilofoon" - „Dans Macabre" van Saint Saëns - D.B. 3077.

„Celesta" - „Dance of the Sugar Plum Fairy" van Tschaikowski-Col. DX 1342.

„Staalklokke" - Ouverture van Tschaikowski - H.M.V. D.B. 1663 - 4.

Ander voorbeelde:

„Finlandia" - Sibelius - H.M.V. C.1827 (keteltromme).

„Finale" - Koraalsimfonie van Beethoven - H.M.V. D.B. 2333 (bastrom).

„Scheherazade" - Rimsky-Korsakov - H.M.V. D.B. 2586 (simbale).

„Habanera" - Bizet - H.M.V. C.2313 (tamboeryne).

„Crown of India-Suite" - Elgar - H.M.V. D.1900 (ghong).

(iii) Bekendstelling van musiekvorme: As inleiding tot vormbewusmaking word daar in die eerste plek hersiening gedoen van die twee- en drieledige liedvorme. Leerlinge in standerd VI stel meer belang in korter komposisies omdat hulle die strukturele samestelling van sodanige werke makliker kan begryp en interpreteer. In hierdie verband word die volgende illustrerende materiaal aanbeveel:

a) Tweedelige liedvorm: Uit „Suid-Afrika Sing" Deel I en II (Pretorius) kan doeltreffende voorbeelde verkry word. Die „Wiegeliedjie" van Brahms en „Vrolikheid" van Jandrell, beide uit die F.A.K.-Volksangbundel, kan ook benut word.

b) Driedelige liedvorm: Die volgende toepaslike voorbeelde word voorgestel: „O Boereplaas"; „Skemeraand"; „Sarie Marais"; „Een triomfantlik lied van de Zilvervloot".

c) Ander voorbeelde: Die volgende materiaal is uitstekend ter aanvulling en vir verdere opheldering van twee- en drieledige liedvorme (luister en ontleed): „Heidenröslein" van Schubert; „The Lass with the Delicate Air" van Arne; „Scenes from Childhood" van Schumann. In laasgenoemde geval wil ons die volgende voorbeelde spesifiek noem: „A Curious Story"; „Catch me if you can"; „Entreating Child" en „The Important Event." Van Grieg kan die volgende benut word: „Album-leaf" Opus 12, nr. 7.

d) Die menuet: Eerstens in sy eenvoudigste vorm in aansluiting by voorgenoemde voorbeelde:

„Menuet in G" - Paderewski - Victor Rhythm Band Album, Vic. 490131.

„Menuet in G" - Beethoven - Victor WEPR - 29

„Menuet" (Don Giovanni) Mozart - Victor 20990.

„Menuet" (Derde beweging, Simfonie nr. 39) Mozart - Vic, Rhythm Album, Vol.4.

„Menuet" (Simfonie in G) Haydn - Benut die klavier.

(iv) Ons luister na marsmusiek: Die belangstelling van die leerlinge neig in hierdie rigting; boonop is daar voldoende geleentheid tot korrelasie: perkussie-instrumente en ritmiese aktiwiteite met marsmusiek. Die volgende luistermateriaal dien as voorbeelde:

„Stars and Stripes Forever" - Sousa - RCA-V-47-4154.

„War March of the Priests" - Mendelssohn - RCA-V-49-0292.

„Marche Slave" - Tschaikowski - Col. AAL-24.

„Marche Militaire" - Schubert - E. 73.

„Festival" (Tannhäuser) - Wagner - E. 81.

„Marche Carnival" - Schumann - E. 75.

„Coronation March" - Walton - H.M.V. D.B. 3164.

„Pomp and Circumstance March" - Elgar - H.M.V. D.B. 1801.

„Radetzky March" - Strauss - Col. DX 1156.

„Grand March" - Uit „Aida" van Verdi - Vic. Rhythm Album, Vol. 4.

„Marche of the Three Kings" - Bizet - Vic. Rhythm Album, Vol. 4.

„March" (Ballet: The Sleeping Princess) - Tschaikowski - Col.DX 1282.

(b) Standerd VII.

(i) Die bekendstelling van stemtipes: In aansluiting by die werk van die vorige jaar word die verskillende kwaliteite van die sopraanstem geïllustreer. Daar word voorsiening gemaak vir geleenthede om na die Coloratuursopraan, die Liriese-sopraan en die Dramatiese-sopraan te luister.

(a) Coloratuursopraan:

„Lo, Hear the Gentle Lark" - Bishop (Galli Curci) - H.M.V. D.B.1278.

„Hymn to the Sun" - Rimsky-Korsakov (Pagliughi) - Parlophone E. 11317.

(b) Liriese-sopraan:

„Der Jungling an der Quelle" - Schubert (E. Schumann) - H.M.V. D.A. 1521.

„Ständen" - Strauss (E. Schumann) - H.M.V. D.B. 1010.

„Ave Maria" - Verdi (T. Lemnitz) - H.M.V. D.B. 9595.

„Willow Song" - Verdi (T. Lemnitz) - H.M.V. D.B. 4595.

„Claire de Lune" - Debussy (M. Teyte) - H.M.V. D.B. 5937.

c) Dramatiese-sopraan:

„King of Thule" - Gounod (E. Rethberg) - H.M.V. D.B. 1456.

„Elegie" - Massanet (R. Ponsella) - H.M.V. D.B. 1052.

Let wel: Waar dit enigsins moontlik is behoort voorgenoemde stemtipes met behulp van die kunstenaar self geïllustreer te word. Die hoofklem moet op die onderskeiding van die verskillende klankkleure val.

(ii) Die bekendstelling van instrument-tipes: In aansluiting by die perkussiegroep wat die vorige jaar behandel is, word die strykgroep en die houtblasers gedurende hierdie leerjaar bekend gestel.

a) Die strykgroep: Gee 'n kort beskrywing van elke instrument ten opsigte van bou, funksie en plek in die orkes. Illustreer die klankkleur van elke instrument afsonderlik en daarna in die verskillende groeperinge. Vergelyk ook die onderskeie klankkleure van die strykers met die van die verskillende stemtipes. Die volgende luistermateriaal kan benut word:

i) Viool:

„Humoreske" - Dvorak (Kreisler) - H.M.V. D.B. 1091.

„Concerto vir viool en orkes" - Mendelssohn (Andante) - MM 577.

ii) Altviool:

„Song without Words" - Mendelssohn - Col. D.B. 855.

„Minnelied" - Brahms - Col. D.B. 637.

„Liebestraum" - Liszt - Col. D.X. 313.

„Ave Maria" - Schubert - Col. D.X. 720.

iii) Tjello:

„Die Swaan" - Saint-Saëns - H.M.V. D.A. 776.

„Largo" - Händel - Col. L. 2046.

„Variasies op 'n tema van Mozart" - Col. 7369.

iv) Basviool:

„Karnaval van die Diere" (Die Olifant) - Col. 9519.

v) Strykkwartet:

„Kwartet nr. 2 in D-majeur" - Borodin - Col. L.X. 201.

vi) Strykorkes:

„Eine Kleine Nachtmusik" - Mozart - H.M.V. C. 1655 - 6.

b) Die houtblaasgroep: Gee 'n kort beskrywing van die volgende instrumente ten opsigte van bou, funksie en plek in die orkes: piccolo, fluit, hobo, klarinet en fagot. Die volgende opnames illustreer die onderskeie klankkleure van die instrumente doeltreffend:

i) Piccolo:

„The Nut-cracker Suite" - Tschaikowski - Col. D.X. 43.

„Prins Igor" - Dans nr. 17 - Borodin - Col. L. 1811-2.

ii) Fluit:

„Peer Gynt Suite" - Grieg - H.M.V. 1298.

„Andante vir fluit en orkes" - Mozart - Col. 9653.

„Dans van die fluite" (Suite Casse-Noisette) Tschaikowski - H.M.V. C. 3836.

iii) Hobo:

„Dance of the Swan Queen" - Tschaikowski - H.M.V. C. 2619.

„Hobo kwartet in F-majeur" - Mozart - Col. L.X. 256-7.

„Liebeslied" - Kreisler - H.M.V. D.B. 768.

iv) Klarinet:

„Klarinetconcerto" - Mozart - Col. D.B. 834.

„Bluebird Dance" (Ballet: Sleeping Princess) Tschaikowski - Decca A.K. 1525.

v) Fagot:

„Dragons d' Alcala" (Carmen) Bizet - Col. L.X. 823.

„Peer Gynt Suite" - Grieg - H.M.V. 1298.

„L'Apprentice du Sorcier" - Dukas - Col. L.X. 653-4.

„Meistersinger Overture" - Wagner - H.M.V. D. 1924.

vi) Houtblaasfamilie:

„Tannhäuser Overture" - Wagner - H.M.V. D. 1138.

„The Symphony Orchestra" - Woodwind Family - Decca Album A-91.

(iii) Bekendstelling van musiekvorme: Na die opheldering van die twee- en drieledige liedvorme, soos in die vorige jaar gedoen, is die leerlinge ryp vir die bestudering van die rondovorm en wel met behulp van die volgende materiaal:

„Fairy Queen" - Purcell.

„Entr'acte" (Rosamunde) Schubert.

„Sonate in D-majeur" (Gipsy Rondo) Haydn.

Opnames:

„Eine Kleine Nachtmusik" - Mozart - H.M.V. C. 1656.

„Rondo" - Schubert - H.M.V. B.D. 1047.

„Turkse Rondo" - Mozart - V49-0597.

(iv) Dansvorme: In aansluiting by die leerlinge se belangstellingsrigtings kan 'n keuse uit die volgende voorbeelde gemaak word:

„Bolero" - Ravel - H.M.V. D. 1859 - 60.

„Gavotte" - Bach - H.M.V. E. 489.

„Watermusiek" - Händel - H.M.V. C. 3306-7.

„Music for the Royal Fireworks" - Händel - Col. D.X. 1494-5.

„Wals" (Valse Triste) Sibelius - H.M.V. C. 1995.

„Peer Gynt Suite" - Grieg - H.M.V. C. 2933 - 4.

„Valse des Fleurs" - Tschaikowski - H.M.V. D.B. 2524.

(v) Beskrywende en Verhalende Musiek: Die leerlinge sal uiteraard gedurende die periode van adolessensie belang stel in hierdie soort musiek: dit wil sê musiek wat gedigte, verhale en gebeurtenisse in toonkleure beskryf.[1)]

---

1) Bender : Vir die Musiekleier, 113 - 127.

Al voldoen hierdie tipe musiek nie altyd aan die hoogste eise wat die kuns stel nie, help dit tog die leerlinge om met behulp van die programmatiese die nabootsende eienskappe van musiek beter te volg. Vir die leerlinge is dit die begin van 'n blywende belangstelling in musiek. Uit die volgende voorbeelde kan die onderwyser na goeddunke 'n keuse maak:

„L'Apprentice du Sorcier" - Dukas - D.B. 3533-4.

„Dans Macabre" - Saint-Saëns - D.B. 3077.

„Karnaval van die Diere" - Saint-Saëns - D.B. 5942-4.

„Nacht op den kalen Berg" - Mussorgsky - D.B. 5900.

„Pieter en die Wolf" - Prokofiev - D.B. 3900-2.

„Scheherazade" - Rimsky-Korsakov - D.X. 1-6.

„Finlandia" - Sibelius - H.M.V. D.B. 1584.

„Huweliksdag" - Grieg - H.M.V. E. 529.

„Willem Tell Ouverture" - Rossini - H.M.V. B. 8693-94.

„Pacific 231" - Honegger - H.M.V. D. 2030.

„The Top" - Bizet - Decca AK 1845-6.

„Speelgoed-Simfonie" - Haydn - Col. D.X. 311.

„Hebrides" - Mendelssohn - H.M.V. D.B. 2100.

„Die Elwekoning" - Schubert - Col. 9128.

„Song of India" - Rimsky-Korsakov - Vic. 49-1445.

„Valse Triste" - Sibelius - V-9-1168.

(c) <u>Standerd VIII</u>.

(i) <u>Volksliedere en volksdanse</u>: Voornoemde liedere en danse kan met vrug in hierdie leerjaar benut word, en wel om die volgende redes:

a) Korrelasie met die vokale aktiwiteite.

b) Alhoewel dikwels eenvoudig, het ons hier goeie musiek wat in sy ryke verskeidenheid van aanbiedingsvorme in die hoogste mate aansluit by die belangstellingsrigtings van die leerlinge sonder om afbreuk te doen aan hulle estetiese vorming.

c) Deur middel van die volkslied wat uit die volksbodem groei, leer die leerlinge om die skone en die mooie in die volkstradisies (ook van ander volke) te waardeer; gevolglik bereik ons 'n hoër waardebepaling van die volkskultuur.

d) Alhoewel die leerlinge self baie volksliedere moet sing, moet hulle ook die geleentheid kry om te hoor hoe die volksliedere uit eie bodem en van ander lande klink as dit werklik goed gesing word.

e) Hierdie tipe luistermateriaal bied bowendien uitstekende geleenthede tot die evaluering van die elemente van musiek (ritme, melodie en harmonie) soos dit uit spontane volksang na vore tree. Hierdie liedere het ook 'n eie seggingskrag en karakter soos blyk uit die swaar en somber liedere van Rusland, die blymoedige en gelukkige liedere van Engeland, die liriese in die liedere van Ierland, die pikante effekte van die Franse volksliedere, die ritmiese liedere van Skotland en die hartlike, spontane liedere uit Duitsland.[1)]

Die Diskoteek van die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap bied 'n aantal opnames waaruit daar met betrekking tot volksliedere uit eie bodem 'n doeltreffende keuse gemaak kan word (Bylae C). In verband met volksliedere uit ander lande gee ons die volgende voorbeelde as leidrade:

„Songs of Norway" - Grieg - Columbia Album M-562.

„Volksang uit Roemenië" - EQ 1295.

„Volksang uit Portugal" - EQ 346.

„Volksang uit Duitsland" - Col. EG-2922.

„Volksang uit Rusland" - Col. DL-15.

„English Folk-Song Suite" - Col. D.B. 1930-1.

---

1) Lemmer: Hoe Luister Ons, 13 - 14.

„Foster Gallery" - Stephen Foster - Victor Album M-727.

„Sea Shanties" - H.M.V. B. 2698.

„Ye Banks and Braes" - Skotland - Victor-4083.

„Come Lasses and Lads" - Engeland - R.C.A. Vic. E-73.

In verband met volksdanse dien die volgende doeltreffende voorbeelde as leidrade (ook geskik as hulpmiddels by die inskerping van ritmiese materiaal):

„Britse Volksdanse" - Col. D.B. 1796.
Col. D.B. 2294.
Col. D.B. 2256.

„Amerikaanse Danse" - Col. D.B. 1850.

„Skandinawiese Volksdanse" - H.M.V. B.8838-40.

„Deense Volksdanse" - Col. D.B. 1799.

„Italiaanse Volksdanse" - Col. D.B. 1653.

„Franse Volksdanse" - Col. D.B. 1655.

„Volksdanse uit Oostenryk" - Col. DV-536.

„Volksdanse uit Griekeland" - Col. D.B. 8001-2.

„Hongarye" (Czardas) - Col. D-844 .

„Volksdanse uit Pole" - Col. 13355/56.

„Volksdanse uit Spanje" - Col. RS-658.

„Volksdanse uit Switzerland" - Col. D-2260.

(ii) Die koperblaasgroep: Eerstens is 'n kort beskrywing van die instrumente t.o.v. bou, funksie en plek in die orkes noodsaaklik. Die volgende opnames kan vir die doeltreffende illustrasie van die onderskeie klankkleure van die instrumente benut word:

a) Horing:

„Midsummernight's Dream" (Nocturne) Mendelssohn - H.M.V. D.A. 1318.

b) Trompet:

„Trumpet shall sound" (Messias) Händel - H.M.V. C. 1786.

„Siegfried's Funeral March" - Wagner - H.M.V. D. 1585.

c) Skuiftrompet:

„Rit van die Walkure" - Wagner - H.M.V. D.1815.

„Preludium" (Lohengrin: derde bedryf)-Wagner - H.M.V. D.B. 1557.

d) Tuba:

„Trumpet Voluntary" - Purcell - Col. L. 1986.

„Ouverture" (Meistersinger)-Wagner - H.M.V. C. 2808.

e) Koperblaasfamilie:

„The Symphony Orchestra" - Brass Family - Decca Album A-92.

(iii) Bekendstelling van Kunsliedere: Na 'n kort uiteensetting van die aard en wese van die kunslied, kan daar uit die volgende voorbeelde 'n keuse gemaak word;

„Ave Maria" - Schubert - H.M.V. D.B. 1570.

„Who is Sylvia" - Schubert - H.M.V. B. 9106.

„The Erl King" - Schubert - H.M.V. B.D. 1068.

„Songs my Mother Taught me" - Dvorak - H.M.V. B. 8830.

„The Two Great Grenaders" - Schumann - H.M.V. D.B. 933.

„The Lotus Flowers" - Schumann - H.M.V. D.A. 1569.

„Lullaby" - Brahms - H.M.V. B.D. 1007.

„Lullaby" - Mozart - H.M.V. E. 555.

(iv) Bekendstelling van Operette, Opera en Oratorium: Die leerkrag het hier 'n geleentheid om uit 'n pragtige verskeidenheid materiaal aansluiting te vind by die belangstellingsrigtings van die leerlinge. Die leerlinge se gemoedere is ontvanklik vir die hoër vorme van kunsuiting soos weerspieël in musiek-, woord-, drama- en voordragkuns. In hierdie verband doen die onderwyser baanbrekerswerk in sy pogings om die toekomstige luisteraarspubliek van ons land op te voed. Hier is dan ook genoeg geleenthede vir korrelasie met ander vakke. Die volgende

voorbeelde dien as leidrade:

a) Operette en Opera:

„Ouverture" (The Battered Bride) Smetana - Vic. 4498.

„Ouverture" (Merry Wives of Windsor) Nicola - Vic. 11836.

„Ouverture" (Barbier van Seville) Rossini - Col. 70704-D.

„Ouverture" (Tannhäuser) Wagner - Victor M/DM-530.

„Ouverture" (Freischutz) Weber - Col. 68986-D.

„The Gondoliers" - Sullivan - H.M.V.

„Hänsel und Gretel" - Humperdinck - H.M.V.

„Willem Tell" - Rossini - H.M.V.

„Der Freischutz" - Weber - H.M.V.

„Oberon" - Weber - H.M.V.

b) Oratorium:

„The Heavens are Telling" (Skepping) Haydn - V-LM-1117.

„He Shall Feed His Flock" (Messias) Händel - WE-86.

„Hallelujah Chorus" - Händel - Col. D.X. 635.

„Worthy is the Lamb" - Händel - Col. D.X. 635.

„Lift up your Heads" - Händel - Col. D.X. 634.

„And the Glory of the Lord" - Händel - Col. D.X. 634.

„Oh Rest in the Lord" (Elijah) Mendelssohn - V-lm-1111.

„God so Loved the World" - Stainer - V-ERA-44.

(v) Bekendstelling van musiekvorme: In aansluiting by die vorige jaar se werk, word die volgende belangrike musiekvorme met behulp van geskikte en toepaslike voorbeelde geïllustreer:

a) Die Fuga:

„Fuga nr. 1 in C-majeur" - Bach - Col. D.B. 505.

b) Tema met Variasies:

„Variasies op 'n tema van Haydn" - Brahms - Col. Album X-181.

„Variations Symphoniques" - César Franck - H.M.V. D.B. 2185-86.

c) Simfonie: Gee 'n kort uiteensetting van die bou van die simfonie: 'n komposisie bestaande uit vier bewegings geskrywe vir die volle orkes. Uit die volgende simfonie kan toepaslike gedeeltes voorgespeel word:

„Surprise Symphony" - Haydn - Col. Album MM-363.

d) Sonate: Gee 'n kort uiteensetting van die bou van die sonate: 'n komposisie bestaande uit drie of vier bewegings geskrywe vir solo-instrumente. Deur die benutting van Haydn se sonates kan 'n toepaslike keuse uit 'n groot aantal voorbeelde voorgespeel word.

e) Concerto: Verduidelik kortliks die bou van die concerto: 'n komposisie bestaande uit drie bewegings vir orkes met solo-instrument. Die volgende voorbeelde dien as leidrade:

„Klavierconcerto in C-mineur" - Mozart - H.M.V. D.B. 3339-42.

„Vioolconcerto in E-mineur" - Mendelssohn - H.M.V. D.B. 3555-58.

f) Sonatevorm: Gee kortliks 'n uiteensetting van die eenvoudige drieledige plan (A-B-A) waarop die werke van groter omvang soos die sonate, simfonie en concerto gebou word. Voorts moet ook die wesenlike bestanddele van die sonatevorm duidelik geskets word: Uiteensetting, Ontwikkeling en Rekapitulasie. Die volgende sonate is 'n uitstekende voorbeeld ter illustrasie van hierdie vorm:

„Sonate in G-majeur" - (Opus 49, No. 2) - Beethoven. Beethoven Society Vol. VII.

Let wel: Die onderwyser moet daarteen waak om in bogenoemde verband in 'n eensydige, tegniese ontleding van die leerstof te verval. Die gewenste prosedure kom veel eerder neer op 'n duidelike dog bondige uiteensetting van die werk, sodat die algemene karakteristiek, benodig vir sinvolle interpretasie,

vir die leerlinge duidelik word. Daarna behoort die leerlinge geleentheid te kry om na toepaslik illustrerende en interessante gedeeltes van die werk te luister, sonder gedurige kommentaar tussenin.

(vi) Bekendstelling van beskrywende en verhalende musiek: In hierdie verband strewe ons na 'n voortsetting van die werk van die vorige jaar. Toepaslike materiaal is alreeds in die vorige gedeeltes uiteengesit.

(vii) Een van die grootste klavierkomponiste: Indien daar voldoende tyd beskikbaar is, kan 'n kort en insiggewende skets oor die lewe en werk van Chopin gegee word. Talle geskikte opnames van sy vernaamste klavierkomposisies (Etudes, Nocturnes, Masurkas, Walse, Ballades en Polonaise) is beskikbaar. Hierdie tipe luistermateriaal sluit doeltreffend aan by die belangstellingsrigtings van die leerlinge.

(d) Standerds IX en X.

Hierdie leerjare is by uitstek geskik vir die aanbieding van luistermateriaal, gekies in 'n chronologies-historiese verband: „appreciation is vague and unstable unless the material studied is seen in its historical setting."[1] Die uitgangspunt moet egter nie musiekgeskiedenis uit 'n teksboek wees nie, maar veel eerder die teenoorgestelde; 'n insiggewende en intelligente oorsig van die musiekgeskiedenis en wel geïllustreer en „vertel" deur die musiek self: 'n evaluering van die skone in die musiek deur daarna te luister, met inagneming van die plek daarvan in die geskiedenis: die verband met voorafgegane materiaal; die invloed op komposisies van 'n later tydperk; weerspieëling van die algemene karakteristiek en styleienskappe van die tydperk waarin die betrokke werk gebore is. Waar ons dus in voorgenoemde verband

---

1) Dykema en Gehrkens: High School Music, 277.

tot en met standerd VIII die leerlinge soos Gehrels[1] dit stel „kris-kras" deur die musiekliteratuur heen gevoer het, wil ons nou met behulp van die luisteraktiwiteite die ontwikkelingsgang van musiek deur die eeue heen in breë trekke aandui.[2] Hier is dan ook ideale geleenthede vir korrelasie met die ander vakke van die middelbare skool: Geskiedenis, Volkekunde, Aardrykskunde en Kuns. Ons gaan in voëlvlug die ontwikkelingsgang van musiek van periode tot periode na met „de Grootmeesters en hun muziek als steunpunten."[3]

Musiek self bly egter steeds die uitgangspunt: Luistermateriaal ter illustrasie van die ritmiese, melodiese, harmoniese en polifoniese hoedanighede van musiek; materiaal ter illustrasie van die verskillende stem- en instrumenttipes; materiaal ter opheldering van die verskillende musiekvorme - dit alles gekorreleer met die groei van musiek as 'n kuns deur die eeue. In hierdie verband moet die aandeel van ons eie volksgenote, 'n insig in die werk van ons eie komponiste, nie agterweë gelaat word nie. Die leerstof moet ook by die verskillende belangstellingsrigtings van die leerlinge aansluiting vind. Die volgende samevatting dien as leidraad met betrekking tot die keuse van leerstof. Kyk bylae C vir voorbeelde van plaatopnames.

(i) Musiek in die Antieke Tye: Hierdie afdeling dien slegs as inleiding tot die leerprogram. 'n Paar insiggewende opmerkings oor bv. die Oosterse musiekkultuur, geïllustreer met 'n paar plate, wek ongetwyfeld die belangstelling van die leerlinge.

---

1) Gehrels: Algemeen Vormend Muziekonderwijs, 202.

2) Heerkens: Over Schoolmuziek, Deel II, 68.

3) Gehrels: Algemeen Vormend Muziekonderwijs, 203.
Martin: Musicology and its role in the Classroom. School Musician, Nov. 1957, 29.

(ii) Musiek in die Middeleeue: Slegs 'n paar grepe, verteenwoordigend van 'n paar besondere ontwikkelingsgebeure, soos bv. die illustrasie van die eerste vorme van meerstemmigheid; illustrasie van die outentieke en plagale modusse; die sang van die troebadoers en minnesangers. Die aanhoor van hierdie vreemdsoortige musiek wek uiteraard die belangstelling van die leerlinge. Daar gaan ook lig op betreffende die ritmiese, melodiese en harmoniese karakter van die musiek.

(iii) Koormusiek gedurende die Sestiende Eeu: Met benutting van toepaslike opnames word die sogenaamde „Goue Eeu van Polifonie" geïllustreer. Werke van die volgende komponiste kan met vrug benut word: Josquin des Prés; Lassus; Byrd en veral Palestrina. Uitmuntende koorwerke ter illustrasie van die mis, die motet, die lied en die madrigaal sal uiteraard die luistergenot verhoog.

(iv) Barok: Benut die volgende werke van Händel: die Largo-aria uit die opera „Xersies"; toepaslike koorwerke uit die „Messias"; „Perd en sy Ruiter" uit die oratorium „Israel in Egipte"; „The Harmonious Blacksmith" en gedeeltes uit sy „Watermusiek."

Die volgende werke van Bach word aanbeveel: een van sy ses Brandenburgse concerto's; „Gavotte" uit sy vioolsonate; sy „Koraalprelude" (Nun Komm, Der Heiden Heiland); die „Sarabande" uit sy derde Engelse suite vir klavier; die „Adagio" uit sy Toccata in C-mineur; een van sy fugas en 'n toepaslike koorwerk uit die Mattheuspassie.

(v) Vormskoonheid gedurende die Klassieke Tydperk: Die volgende toepaslike voorbeelde dien as leidrade: strykkwartet in D-majeur van Haydn; klaviersonate in F-majeur van Haydn; een van die sonates vir viool en klavier van Mozart; concerto vir viool en orkes in D-majeur van Beethoven asook sy

Pastorale Simfonie. Uiteraard kan daar as gevolg van tydsbeperking slegs 'n paar verteenwoordigende voorbeelde gespeel word.

(vi) Opera en die Romantiek: Die volgende werke dien as voorbeelde:

„Der Freischütz" - Weber.

„La Traviata" - Verdi.

„Madame Butterfly" - Puccini.

„Willem Tell" - Rossini.

„Die Vlieënde Hollander" - Wagner.

(vii) Die verhaal en die Romantiek: Die volgende voorbeelde kan gebruik word:

„Die Fantastiese Simfonie" - Berlioz (toepaslike gedeeltes).

„Rosamunde" (Balletmusiek) - Schubert.

„Uilspieëlkaskenades" - Strauss.

„Hebrides" - Mendelssohn.

„Peer Gynt Suite" - Grieg.

„L'Arlésienne" - Bizet.

„Enigma-Variasies" - Elgar.

„L'Apprenti Sorcier" - Dukas.

(viii) Moderne Musiek: Die volgende voorbeelde dien as leidrade:

„Prelude" (Footsteps) - Debussy.

„Clair de Lune" - Debussy.

„Bolero" - Ravel.

„La Valse" - Ravel.

„Les Noces" - Strawinsky.

„Kwartet No. 5" (eerste beweging) - Bartok.

„Simfonie No. 3." (tweede beweging) - Copland.

„Military music" - Berg.

(ix) Ons eie Komponiste: J.S. de Villiers, P.K. de Villiers, M.L. de Villiers, J.W. Jannasch, Walter Spiethoff, Stephen Eyssen, S. le Roux Marais, P.J. Lemmer, M.C. Roode, Stefaans Grove, J. Joubert, Blanche Gerstman, Rosa Nepgen, Gerrit Bon, Sydney Richfield, Arnold van Wyk, en ander. Vir meer besonderhede aangaande hierdie komponiste en hulle werke kan die volgende boeke geraadpleeg word:

„Musiekgeskiedenis deur die Eeue" - H.J. en C.E.de Jager.

„Suid-Afrikaanse Komponiste" - Jan Bouws.

(x) Konsertprogram: Gedurende die laaste semester kan daar, met die oog op 'n oorsigtelike samevatting, van die volgende materiaal voorgespeel word:

„Watermusiek" (gedeeltes daaruit) - Händel.

„Et Resurrexit" (B-mineur Mis) - Bach.

„Verrassingsimfonie" - Haydn.

„Simfonie No. 3" (eerste beweging) - Beethoven.

„Sonate vir klavier en viool" (F-majeur) - Mozart.

„Elwe-Koning" - Schubert.

„Oberon-Ouverture" - Weber.

„Dichterliebe" (gedeeltes daaruit) - Schumann.

„Nocturne in Eb-majeur" - Chopin.

„Vioolconcerto" (Andante) - Mendelssohn.

„Lohengrin" (Prelude) - Wagner.

„Andante Strykkwartet" - Tschaikowski.

„Peer Gynt Suite" - Grieg.

„New World Symphony" - Dvorak.

„Song of India" - Rimsky-Korsakov.

„Clair de Lune" - Debussy.

„Valse Triste" - Sibelius.

„Toreador's Song" (Carmen) - Bizet.

Opnames van ons eie komponiste.

D. TEORETIESE AKTIWITEITE.

1. Bepaalde oogmerke met teoretiese aktiwiteite.

(a) Uitbreiding van die leerling se kennis en insig met betrekking tot die notebalk, sodat hy in groeiende mate in staat sal wees om musiek te lees en te skrywe.

(b) Deur middel van genoemde doeltreffender hantering van die notebalk, wil ons die leerlinge in staat stel om aan 'n omvangryker veld en groter verskeidenheid van musiekaktiwiteite deel te neem.

(c) Deur bevordering van die leesvermoë van die leerlinge strewe ons na doeltreffender deelname aan vokale aktiwiteite, instrumentale aktiwiteite, musiekwaardering en skeppende aktiwiteite.

(d) Deur die inskerping van teoretiese kennis strewe ons ook na bevordering van die leerproses m.b.t. skoolmusiek: vinniger vordering in sang, in die bespeling van instrumente, in musiekwaardering en in skeppende aktiwiteite.

(e) Teoretiese aktiwiteite dien ook die doel om die leerlinge, na skoolverlating, in staat te stel om selfstandig bepaalde musiekaktiwiteite volgens belangstelling en aanleg te beoefen; dit lei tot vrugbare vryetydsbesteding.

(f) Die verwerwing van slegs 'n gedeeltelike meesterskap in hierdie rigting maak die leerlinge veel ryker en dra ook by tot 'n dieper insig in en genotvoller belewing van musiek.

2. Soorte teoretiese aktiwiteite:

(a) Teoretiese aktiwiteite gekorreleer met die ritmiese hoedanighede van musiek, m.a.w. ritmiese notasie.

By hierdie soort aktiwiteite dien die ritmiese frase, soos alreeds deur die leerlinge in sy ryke verskeidenheid van vorme belewe is, as uitgangspunt. Deur gedurige assosiasie van die ritmiese frase met die verteenwoordigende simbole op

die notebalk, vind 'n kondisioneringsproses plaas, waardeur die leerlinge geleidelik tot 'n vlotter lees van die ritmiese noteskrif kom.

(b) Teoretiese aktiwiteite gekorreleer met die melodiese hoedanighede van musiek,m.a.w. melodiese notasie.

By hierdie soort aktiwiteite dien die melodiese frase, soos alreeds deur die leerlinge in sy verskeidenheid van vorme belewe is, as uitgangspunt. Deur gedurige assosiasie van die melodiese frase met die verteenwoordigende simbole op die notebalk, vind 'n kondisioneringsproses plaas, waardeur die leerlinge geleidelik tot 'n vlotter lees van noteskrif kom.

(c) Teoretiese aktiwiteite soos gekorreleer met die tegniese hoedanighede van musiek.

Beheer oor die notebalk vereis ook voorligting met betrekking tot die volgende aspekte:

(i) Bekendstelling met en verduideliking van die verskillende toonladders en toongeslagte.

(ii) Bekendstelling met en verduideliking van die verskillende intervalle soos hulle voorkom in die majeur- en mineurtoongeslagte.

(iii) Bekendstelling met en verduideliking van die verskillende majeur- en mineurdrieklanke en hulle omkerings.

(iv) Bekendstelling met en verduideliking van die verskillende sleutels, toonsoortvoortekens, maatvoortekens, maatlyne, nootwaardes, herstellingstekens en vertolkingstekens.

(v) Bekendstelling met en verduideliking van die relatiewe solfasisteem, slegs vir sover solfabenaminge vir die onderskeie toonhoogtes gebruik word. Die leerlinge moet leer om van die blad te sing met behulp van die solfabenaminge.

(d) Teoretiese aktiwiteite soos gekorreleer met die instrumentale aktiwiteite.

Die slagorkes, die melodiese slagwerk en die blokfluite dien as waardevolle hulpmiddels in die bemeestering van die notasiesisteem.

(e) Teoretiese aktiwiteite soos gekorreleer met skeppende aktiwiteite.

Die skeppende aktiwiteite bied aan die leerlinge die geleentheid om die notebalk op 'n interessante wyse te verken: benutting van die balkskrif om hulle eie ritmiese en melodiese skeppinge vas te lê.

(f) Teoretiese aktiwiteite soos gekorreleer met luisteraktiwiteite.

Lees van 'n partituurvoorbeeld terwyl die betrokke werk uitgevoer word, dra positief by tot doeltreffender beheersing van die notebalk.

3. Wenke by die keuse van teoretiese aktiwiteite.

Teoretiese aktiwiteite is 'n doel tot 'n middel en nie 'n doel op sigself nie. Daar is soveel ander belangrike ervaringsgebiede van musiek waaraan die middelbare leerling 'n deel moet hê, dat die teoretiese aspekte tot daardie noodsaaklikste kennis ter bevordering van ons oogmerke beperk moet word. In die vcrige paragrawe het ons daarop gewys dat teoretiese aktiwiteite op 'n doeltreffende wyse met die ander ervaringsgebiede van musiek gekorreleer kan word. Dit moet dan ook ons maatstaf en kriterium vir die vasstelling van teoretiese aktiwiteite wees. Die behandeling van die teoretiese probleme deur en uit die praktyk, m.a.w. die vokale materiaal, die ritmiese materiaal, die skeppende materiaal, die instrumentale materiaal en die luistermateriaal bepaal in 'n groot mate ook die teoretiese materiaal. In al hierdie gevalle is die

musikale frase vanweë sy sinvolheid natuurlik die steunpunt en uitgangspunt.

Uit voorgaande beredenering word dit duidelik dat die teoretiese materiaal funksionele waardes moet besit: dit moet positief funksioneer in die musikale bedrywighede van die leerlinge. Die intellektuele aspek moet by die keuse van teoretiese materiaal nie oorbeklemtoon word nie. Formele teorielesse, tegniese driloefeninge uit 'n teksboek, die leer en memorisering van reëls behoort nie tuis in 'n leergang vir Musiek as algemene klasvak nie. Veel eerder behoort die standaard wat die leerlinge in hulle praktiese werk handhaaf, as leidraad by die vasstelling van die teoretiese aktiwiteite te dien. Die teorie moet uit die praktyk voortvloei: eers die taal dan die grammatika.[1)]




4. Materiaal.

(a) Standerd VI.

(i) Ritmiese notasie: Met die ritmiese frase as uitgangspunt, herhaling en verdere inskerping van die volgende:

a) Nootwaardes: Vanaf die hele noot tot by die sestiende noot, gepunteerde note ingesluit.

b) Genoemde nootwaardes se verteenwoordigende rustekens.

c) Die „stralende figuur"  ; die triool  ; en die „hopfiguur"  .

d) Maatsoorte: $\frac{2}{4}$-, $\frac{3}{4}$-, $\frac{4}{4}$- en $\frac{6}{8}$-tyd.

e) Herkenning van veranderings vanaf tweeslag na drieslag.

(ii) Melodiese notasie: Met die melodiese frase as uitgangspunt, herhaling en verdere inskerping van die volgende:

a) Die oorbring van melodiese frases vanaf noteskrif na solfa en omgekeerd.

---

1) Gehrels: Algemeen Vormend Muziekonderwijs, 8 - 9.

b) Herkenning van eenderse en kontrasterende frases soos op die notebalk geïllustreer.

c) Sing van melodiese frases (vanaf die notebalk met behulp van die solfabenaminge, waar moontlik uit sangmateriaal gekies):

i) Gebaseer op die majeurtoonladders met verskuiwing van „do" na gelang van die bepaalde toonsoort.

ii) Gebaseer op die ou kerktoonaarde, veral die Doriese en Frigiese geslagte.

iii) Gebaseer op die harmoniese en melodiese mineurtoonaarde.

iv) Gebaseer op die chromatiese verhoging vanaf „Fa" na „Fe" en die verlaging vanaf „Te" na „Ta".

v) Liedreportoire: Soos reeds beklemtoon, word sommige liedere op gehoor („Rote") geleer. Dit is egter noodsaaklik dat die leerlinge voorsien word van bladmusiek van die betrokke liedere wat geleer word, in sommige gevalle (bv. die wat op gehoor geleer is) nadat die lied geleer is. Hierdeur word noodsaaklike assosiasies tussen klank en simbool dikwels onbewustelik versterk.

vi) Beklemtoon ook melodiese frases wat van die primêre drieklanke (I, IV en V) gebruik maak, en benut ook frases vir die inskerping van intervalle: die majeur tweede, derde en sesde en die mineur tweede en derde, asook die rein vierde en vyfde. Gebruik die handtekens as hulpmiddel vir die illustrasie van sekere toonhoogtes.

(b) Standerd VII.

(i) Ritmiese notasie:

a) Hersiening van die vernaamste aspekte uit die vorige jaar, veral melodiese frases waarin die stralende figuur, die hopfiguur en die triool voorkom.

b) Herkenning en neerskrywe van moeiliker ritmiese frases in saamgestelde tyd.

c) Die lees van gevorderde ritmiese oefeninge ook waar sinkopeerbeginsels na vore tree.

(ii) Melodiese notasie (met solfabenaminge).

a) Hersiening van die volgende: melodiese frases gebaseer op majeurtoonladders, kerktoonaarde en veral mineurtoonaarde.

b) Melodiese frases wat die belangrikste chromatiese note, na „Fe" en „Ta", illustreer.

c) Melodiese frases ter illustrasie van die primêre drieklanke en hulle omkerings.

d) Melodiese frases ter inskerping van die volgende intervalle in aansluiting by die vorige jaar: die rein-vyfde en die vergrote vierde en vergrote tweede.

e) Melodiese frases ter illustrasie van die verskillende kadanse.

f) Illustreer en sing van eenvoudige tweestemmige melodiese frases uit die liedreportoire.

g) Notevoorbeelde van liedere wat deur die jaar gesing is, moet ook benut word om assosiasies verder te versterk.

h) Melodiese frases ter illustrasie van die F-sleutel, ter illustrasie van vertolkingstekens en om sekere belangrike musiekterme te verduidelik (Blokfluit).


(c) Standerd VIII.

(i) Ritmiese notasie:

a) Gevorderde ritmiese frases in enkelvoudige en saamgestelde tyd met benutting van die stralende figuur, die hopfiguur en die triool.

b) Sinkopeeroefeninge.

c) Die lees en klap van „meerstemmige ritmes" soos in frases vir S. A. T. en B. geïllustreer.

d) Frases met uitsonderlike ritmiese figure, bv.  ;  .

e) Kanon-klap.

(ii) Melodiese notasie (met en sonder solfa):

a) Die volg van nootvoorbeelde by die aanleer en die opbou van 'n liedreportoire.

b) Melodiese frases wat veral die mineurtoonsoorte benut.

c) Melodiese frases wat chromatiese veranderings illustreer.

d) Meerstemmige melodiese frases met die tenoor of bas, op die F-sleutel geïllustreer.

e) Melodiese frases ter illustrasie van die verskillende kadanse.

f) Melodiese frases ter illustrasie van bepaalde tegniese aspekte van die notebalk: sleutels, toonsoortvoortekens, herstellingstekens, musiekterme en vertolkingstekens (m.a.w. 'n verdere uitbouing van die werk wat gedurende die vorige jare in hierdie verband gedoen is).

(iii) Opmerkings.

Die middelbare skool trek leerlinge uit verskillende laer skole, met 'n noodwendige wisseling van standaard t.o.v. skoolmusiek, veral met betrekking tot teoretiese aspekte. Indien lg. bo die vuurmaakplek van sommige leerlinge is, word die geesdrif vir die vak maklik gedemp. Daarom is 'n deeglike hersiening en samevatting van die vernaamste aktiwiteite van die laer skool soos in ons voorgestelde leergang nagestrewe, van groot belang.

Heerkens[1] beweer tereg dat dit feitlik 'n onbegonne taak is om die leerlinge, inagnemende die tydsfaktor en indiwiduele verskille, „volledig tuis te brengen op de notenbalk, noch om hen tot vlot en zeker treffen te brengen." Om nou alle beskikbare tyd tot vervulling van so 'n verhewe ideaal te stel sou opvoedkundig geen goeie vrugte afwerp nie. Tog bly 'n beperkte mate van teoretiese kennis, soos reeds aangedui, altyd noodsaaklik. Getroue, entoesiastiese benutting van die tyd wat beskikbaar is vir teoretiese aktiwiteite, sal op die lang duur die musieklewe van ons volk stimuleer.

Indien materiaal uit bekende leerstof gekies word; indien die materiaal interessant en binne die bevattingsvermoë van die leerlinge is; indien solfa oordeelkundig benut word, en die meeste leerlinge dan slegs tot gedeeltelike beheersing van die notebalk gebring kan word;[2] en as dit alles geskied sonder om die ander werk af te skeep, dan het die werk die moeite geloon. Die belangrikste beginsel bly altyd die keuse van materiaal wat belewe is en wat terdeë rekening hou met die standaard wat bereik is in gehooropvoeding.

(d) Standerds IX en X.

In standerds IX en X behoort vokale aktiwiteite en luisteraktiwiteite, soos reeds aangetoon, die twee steunpunte van die leergang uit te maak. Teoretiese aktiwiteite as 'n selfstandige afdeling met spesifiek voorgeskrewe materiaal vir die betrokke standerds is nie meer so noodsaaklik nie. Trouens, as die onderrig daarin gedurende die vorige jare doeltreffend was, dan is die behoefte aan afgebakende voorgeskrewe studiemateriaal nou veel minder. In standerds IX en X strewe ons dan

---

1) Heerkens: Over Schoolmuziek, 66.
Kwalwasser: Problems in Public School Music, 14.

2) Scottish Education Department: Music in Secondary Schools, 8.
Ministry of Education: Music in Schools, England, 23.

om die volgende doelstelling i.v.m. teoretiese aktiwiteite te bereik: die toepassing van alle teoretiese kennis, in die vorige jare opgedoen, op die musiek self. Ons dink aan die kennis in verband met ritmiese en melodiese notasie wat nou spesifiek aangewend word vir doeltreffender musiekbeoefening: vokaal, instrumentaal en skeppend. Die belangrikheid van die benutting van bladmusiek vir die aanleer van liedere mag uiteraard nie onderskat word nie.

E. RITMIESE AKTIWITEITE.

1. Bepaalde oogmerke met ritmiese aktiwiteite.

(a) Die verdere ontwikkeling van die ingebore ritmiese sin van die leerlinge om ook daardeur ons reeds aangeduide opvoedingsideale te probeer bereik.

(b) Deur middel van klapoefeninge, loopoefeninge, handsing, slaginstrumente, speelliedere, volkspele, volksdanse, dramatisering en improvisasie strewe ons ook na die verdere ontwikkeling en uitbouing van die motoriese vaardighede van die leerlinge, veral deur benutting van hulle ingebore bewegingsdrang.

(c) Deur die bevordering van die ritmiese sin van die leerlinge strewe ons ook na doeltreffender deelname aan vokale aktiwiteite, instrumentale aktiwiteite, musiekwaardering en skeppende aktiwiteite.

(d) Ritmiese aktiwiteite dien ook 'n sosiale doelstelling: Dink aan die vormende waarde van ritmiese aktiwiteite binne 'n groep: speelliedere, euritmiek, volkspele, dramatisering en volksdanse.

(e) Sulke ritmiese aktiwiteite lei beslis tot vrugbare vryetydsbesteding.

2. Soorte ritmiese aktiwiteite.

(a) Ritmiese aktiwiteite soos gekorreleer met die

volgende bewegingsvorme: klap- en loopoefeninge, handsing, marsjeer, speelbewegings (dramatiseer van liedere), volkspele en volksdanse.

(b) Ritmiese aktiwiteite soos gekorreleer met vokale aktiwiteite: „Melodie en ritme behoort bymekaar soos 'n voël en sy vlerkslag."[1)]

(c) Ritmiese aktiwiteite soos gekorreleer met instrumentale aktiwiteite: slagorkes, melodiese slagwerk en blokfluite.

(d) Ritmiese aktiwiteite soos gekorreleer met skeppende aktiwiteite: skepping van ritmiese patrone, improvisasie van ritmiese bewegings en ritmiese improvisasie op instrumente.

(e) Ritmiese aktiwiteite soos gekorreleer met luisteraktiwiteite: belewing van die ritmiese element in die werke waarna geluister word, soos uit die karakteristiek van die ritmiese inkleding blyk: vinnig, stadig, reëlmatig, onreëlmatig, tweeslag, drieslag, saamgesteld, enkelvoudig, swaar, lig, gesinkopeerd, eenvoudig.

(f) Ritmiese aktiwiteite soos gekorreleer met teoretiese aktiwiteite: die probleem van ritmiese notasie.

3. <u>Wenke by die keuse van ritmiese aktiwiteite</u>.

Die onderwyser moet altyd in sy keuse van ritmiese aktiwiteite strewe na aansluiting by die motoriese vermoëns en behoeftes van die leerlinge. Die aktiwiteite moet die motoriese vaardighede ontwikkel maar tog binne redelike perke van uitvoerbaarheid wees. Aansluiting by die ingebore ritmiese sin is ook 'n vereiste. Die leerlinge stel belang in beweging en in ritmiese aktiwiteite, maar dan slegs wanneer dit met 'n redelike mate van inspanning uitgevoer kan word.

Die keuse van die ritmiese aktiwiteite moet ook plaasvind met die oog op korrelasie met die ander ervaringsgebiede van

---

1) T.O.D.: Skoolmusiekwenke, Pamflet No. 3, 6.

musiek soos reeds uiteengesit. In hierdie verband moet daar ook rekening gehou word met die funksionele waardes verbonde aan die belewing van ritmiese materiaal: ontwikkeling van die ritmiese sin met die oog op musiekbeoefening, met die oog op frasering (daarom die ritmiese frase as uitgangspunt), met die oog op die lees van musiek, en met die oog op die sosiale waarde (volkspele, euritmiek, volksdanse).

Ons moet ten slotte ook aansluiting vind by die belangstellingsrigtings van die leerlinge: ritmiese materiaal uit die lewende musiek moet as grondslag dien, met ander woorde ons sangmateriaal, instrumentale leerstof, luistermateriaal en skeppende werk sal in 'n groot mate ook ons ritmiese materiaal bevat.

4. Materiaal.

"It cannot be too strongly emphazised that movement to music should develop in the child a spontaneous response to an ever widening musical experience. Hence it is important that the teacher should have at her disposal a large and ever extending repertoire of tunes."[1)]

(a) Ritmiese materiaal geneem uit die vokale reportoire:

Ritmiese volksliedjies uit eie bodem en uit ander lande, kanons, marsliedere, speelliedere, volkspeleliedjies en volksdansliedjies. In standerd VI kan geskikte liedjies gekies word vir die verdere inskerping van nootwaardes en nootfigure: marsliedere vir die belewing van die kwartnoot; stadige staplie dies vir die belewing van die halwe noot; hardloop-wysies vir die belewing van die agste noot; "tra-la-la-la"-wysies vir die belewing van sestiende note en galopwysies vir die belewing van die gepunteerde noot.

---

1) Priestley en Grayson: A Music Guide for Schools, 140.

(b) Ritmiese materiaal geneem uit die instrumentale aktiwiteite:

Die materiaal wat aangewend word vir slagorkeswerk, melodiese slagwerk en blokfluitspel soos in Bylae B, bladsy 177 saamgevat, dien ook uit die aard van die saak as ritmiese materiaal.

(c) Ritmiese materiaal geneem uit die luistermateriaal:

Die volgende materiaal, soos reeds met voorbeelde aangedui onder die afdeling Luisteraktiwiteite, kan en behoort met die ritmiese aktiwiteite gekorreleer te word, nie slegs deur daarna te luister nie, maar ook deur daarop te reageer deur middel van bewegings, klap, slagorkes, marsjeer en dans: die menuet en ander dansvorme; volksliedere en danse uit ander lande; die illustrasie van die perkussiegroep van die orkes en marsmusiek.

(d) Ritmiese materiaal gekorreleer met skeppende aktiwiteite:

Soos aangedui en uiteengesit onder Skeppende Aktiwiteite.

(e) Ritmiese materiaal gekorreleer met teoretiese aktiwiteite:

Soos alreeds uiteengesit onder Teoretiese Aktiwiteite.

F. SKEPPENDE AKTIWITEITE.

1. Bepaalde oogmerke.

(a) Geleenthede vir die bevrediging van 'n innerlike skeppingsdrang wat in 'n mindere of meerdere mate by alle leerlinge aanwesig is.

(b) Geleenthede waardeur die leerlinge uiting kan gee aan hulle gevoelslewe en wel op 'n vrye en spontane wyse.

(c) Benutting van al die verskillende ervaringsgebiede van musiek vir skeppende werk: vokaal, instrumentaal, teoreties, ritmies en deur middel van luisteraktiwiteite.

(d) Geleenthede aan die leerlinge om verder vertroud te raak met die musikale grondvorme van musiek, nl. ritme, maat en melodie. 'n Uitbreiding van die leerlinge se musikale ervaringe en appersepsiemassa deur gehoorontwikkeling en opvoeding van die musikale onderskeidingsvermoë.

(e) Verkenning van die notebalk met behulp van skeppende aktiwiteite, waardeur die leerlinge vertroud raak met en insig verkry in die gebruik van die notebalk.

2. Soorte van skeppende aktiwiteite.

(a) Skeppende aktiwiteite gekorreleer met die ritmiese aspek van musiek (ritmiese frase as uitgangspunt):

(i) Improviseer van bewegings by die aanhoor van ritmiese frases.

(ii) Improviseer van ritmiese frases op 'n instrument, by voorkeur op die slaginstrumente. Notering daarvan op die notebalk.

(iii) Improviseer van 'n ritmiese frase deur middel van sang, gevolg deur notering op die notebalk.

(iv) Skepping van 'n ritmiese frase na aanleiding van gegewe woorde.

(v) Vraag- en antwoordfrases: Onderwyser noteer die vraag en die leerlinge die antwoord.

(vi) „Meerstemmige" ritmes: die skepping en notering van 'n ritmiese frase teen 'n gegewe frase en daarna die uitvoering daarvan.

(b) Skeppende aktiwiteite gekorreleer met die melodiese aspek van musiek:

(i) Improviseer van bewegings by die aanhoor van melodiese frases.

(ii) Improviseer van melodiese frases op 'n instrument of deur sang, gevolg deur notering daarvan op die

notebalk.

(iii) Skepping van melodiese frases na aanleiding van die volgende:

a) 'n Gegewe ritmiese patroon.

b) 'n Gegewe melodiese vraag, waarvan die antwoord gegee moet word.

c) Gegewe woorde, plus ritme.

d) Gegewe woorde.

(iv) Die skepping van melodiese frases en woorde:

Na die notering daarvan kan die beste voorbeelde deur die klas gesing word. Laasgenoemde prosedure dien as aansporing vir die leerlinge. Skeppende werk deur die klas as groep word ook aanbeveel.

(c) Skeppende aktiwiteite gekorreleer met teoretiese aspekte:

Die notering van die skeppende werk soos alreeds uiteengesit.

G. INSTRUMENTALE AKTIWITEITE.

1. Spesifieke oogmerke.

(a) Bevordering van die algemene opvoedingsdoelstellings van musiek soos alreeds uiteengesit.

(b) Instrumentale aktiwiteite met die doel om die algemene musikale vorming van die leerlinge verder uit te bou; sinvolle interpretasie van wat gespeel word; korrekte ritmiese en melodiese vertolking; inskerping van die bepaalde klankkleur van 'n instrument; en die strewe om 'n bepaalde kwaliteit van klank te produseer.

(c) Die adolessent se fisiese, intellektuele en geestelike rypheid, plus sy reeds verwerfde musikale agtergrond, maak hom besonder geskik vir vaardigheidsaktiwiteite op sekere instrumente. Ons doel is dan ook die oordeelkundige ontwik-

keling van sodanige vaardighede deur die bespeling van slagorkesinstrumente, melodiese slagwerk, die Orff-instrumentarium en blokfluite.

(d) Die integrering van instrumentale aktiwiteite met die ander ervaringsgebiede van musiek: teoreties (speel vanaf die notebalk): vokaal (sang met instrumentale begeleiding); ritmies (slagorkes); skeppend (speel van eie skeppinge); en ten slotte die waardering van instrumentale komposisies.

(e) Instrumentale aktiwiteite is nie slegs 'n middel tot vryetydsbesteding nie, maar ons strewe ook daarna om die potensiële spelers van die orkes van die toekoms sover moontlik tot deelname aan sodanige aktiwiteite aan te spoor.

2. Soorte instrumentale aktiwiteite.

Volgens buitelandse standaarde behoort die skoolmusiekleergang vir die volgende soorte instrumentale aktiwiteite voorsiening te maak:

(a) Slagorkeste.

(b) Blokfluitgroepe.

(c) Maak en bespeling van bamboesfluite.

(d) Klavierlesse as groepaktiwiteit.

(e) Strykinstrumentklasse.

(f) Verskillende soorte orkeste: strykgroep, koperblaasgroep, houtblaasgroep, asook verskillende kombinasies uit hierdie groepe.[1]

Gewoonlik bly voorgenoemde aktiwiteite in ons land die voorreg van 'n klein groepie gelukkige, ons kan byna sê uitverkore leerlinge. Die musikale belange van die adolessent vereis egter 'n verandering van beleid, sodat elke bevoegde leerling die geleentheid kan kry om aan een of ander soort van instrumentale aktiwiteit deel te neem,[2] d.w.s. ten minste aan

---

1) MENC : Music in American Education, hoofstuk XIX.
2) Ibid., 163 - 164.

instrumentale aktiwiteite as klasvak. Laasgenoemde sal noodwendig as gevolg van indiwiduele verskille, tegniese probleme, die ekonomiese faktor en spesifieke aanleg, beperk word tot die bespeling van eenvoudige instrumente. Daarom kan instrumentale aktiwiteite as klasvak wel onder die volgende voorwaardes met vrug in die leergang ingebring word: Eerstens het ons bevoegde en entoesiastiese leerkragte nodig; tweedens 'n tipe instrument waarvan die speeltegniek binne die vermoë van die gemiddelde leerling val ; derdens 'n instrument wat goedkoop vervaardig kan word, en ten slotte moet die bespeling van die instrument funksionele waardes inhou. Daarom wil ons voorstel dat die volgende minimum van instrumentale aktiwiteite aan die middelbare skool tot en met standerd agt ernstige aandag moet geniet: die slagorkes, melodiese slagwerk, invoering van die Orff-instrumentarium en die bespeling van blokfluite. Laasgenoemde twee groepe instrumente kan ook in standerds IX en X positief benut word. Waar omstandighede dit enigsins toelaat, behoort vir die ander genoemde instrumentale aktiwiteite voorsiening gemaak te word.

3. <u>Keuse van leerstof volgens reeds vasgestelde kriteria</u>.

In hierdie verband verwys ons na die volgende aspekte:

(a) Religieuse eis:[1] Materiaal van 'n gewyde en religieuse aard: speel van psalms en gesange en ander eenvoudige en geskikte religieuse musiek soos deur die meesters aan ons nagelaat.

(b) Estetiese eis:[2] Die estetiese karakter van musiek vereis materiaal van 'n goeie en verhewe kwaliteit, materiaal waarin die ritme, die melodie, die vorm en die harmonie aan tradisioneel goedgekeurde en aanvaarde beginsels

---

1) Kyk bl. 98.
2) Kyk bl. 99.

van musiek voldoen, ten spyte van die eenvoud van uitdrukkingskrag en struktuur.

(c) Sosiale eis:[1] Materiaal wat geleentheid bied tot optrede saam met ander en ook voor ander: geskikte materiaal vir slagorkes, blokfluite, melodiese slagwerk en die Orff-instrumente.

(d) Psigologiese eis:[2] Bladmusiek vir die onderskeie instrumente; materiaal wat gememoriseer kan word; materiaal verteenwoordigend van verskillende stemminge; materiaal wat deur die leerlinge as groep gespeel kan word.

(e) Eise van die adolessent:[3] Materiaal wat by die leerlinge se musikale bevattingsvermoë sowel as uitvoerende bekwaamheid aansluiting vind: materiaal in aansluiting by die motoriese hoedanighede en vaardighede van die leerlinge; materiaal wat 'n doeltreffende koördinasie tussen spiere, senuwees en brein bewerkstellig; materiaal wat aansluiting vind by die spierkrag en bewegingsnelheid van die vingers; materiaal waarvan die speeltegniek binne die perke van die leerlinge se vermoë lê: geskikte grepe, geskikte spoed, voldoende herhaling van noodsaaklike uitvoeringstegnieke sonder te veel vermoeidheid, en ten slotte materiaal wat die oordrag van die leerproses bevorder.

(f) Eise van die pedagogiek:[4] Materiaal wat alreeds voorheen gespeel is; materiaal ter illustrasie van die verskillende toongeslagte; materiaal waarin die instrumentale aktiwiteite met vokale aktiwiteite gekorreleer is; materiaal

---

1) Kyk bl. 99.

2) Kyk bl. 100.

3) Kyk bl. 101.

4) Kyk bl. 102.

uit eie bodem; materiaal deur die leerlinge self geskep; materiaal waar plaatopnames gebruik word vir begeleiding; en ten slotte materiaal volgens die keuse van die leerlinge.

(g) Eise van die vak:[1] Materiaal ter illustrasie van bepaalde ritmiese effekte; ter illustrasie van 'n besondere melodiese lyn; ter illustrasie van sekere harmoniese opvolginge; ter illustrasie van bepaalde gevoelsmomente.

4. Voorgestelde materiaal vir slagorkes, blokfluite en die Orff-instrumente.

'n Bronnelys van geskikte materiaal vir die middelbare skool waaruit die onderwyser ooreenkomstig die standaard en behoeftes van sy besondere klas en in ooreenstemming met die kriteria vir leerstofkeuse kan kies, verskyn in Bylae B.

---

1) Kyk bl. 102.

BYLAE A.

Geskikte sangbundels en liedere vir gebruik in die middelbare skool.

1. SANGBUNDELS:

a. Afrikaans en Hollands:

F.A.K. - Volksangbundel - Redaksiekomitee - (J. H. de Bussy, Pretoria).

„Die Vlakte" - Reeks Afrikaanse Liedere Bundel I. (Nasionale Pers.)

Suid-Afrika Sing - Pretorius S. M. (Dietse Kultuur-Boekhandel).

Die Dageraad Liederbundel vir Hoërskole - Gutsche H. (J. H. de Bussy, Pretoria).

Ons Singende Jeug - Gutsche, Erlank en Eyssen. (J. H. de Bussy, Pretoria).

Lus en Lewe - Gutsche en Eitemal. (J. H. de Bussy, Pretoria).

Afrikaanse Liederkrans Deel I,- vertaal deur Marie Linde. (Univ. Uitgawe, Kaapstad).

Een-, Twee- en Driestemmige Skoolliedere - Van Oostrum, O. (J. L. van Schaik, Pretoria).

50 Canons voor de School en Daar-buiten - Gehrels,W. (J. Muusses, Purmerend).

50 Liederen voor de School en Daarbuiten - Gehrels,W. (J. Muusses, Purmerend).

Liederkeur - Weeren en Douws. (J. B. Wolters, U. M. Groningen).

Groot Suid-Afrika - Vos, A. L. (N.V. de Nieuwe Muziekhandel, Amsterdam).

Zingen dat willen wij - Kohnstam, C. (N.V. Arbeiderspers, Amsterdam).
Nederlandse Volksliederen-bundel - Hattink en Creyghton. (Pollmann en Tiggers).

Skoon Suid-Afrika - Hullebroek, E.

Nationale Liederen - Het Ward Instituut.

Viva la Musica - Geursen en Vellekoop. (De Toorts, Heemstede).

Nieuwe Canons - Hattink en Creyghton.

Zwenken en Keeren - Tengbergen. (Alsbach & Kie., Amsterdam).

b. Engels.

The Oxford School Music Books - Fiske and Dobbs.
(Oxford University Press).

World Music Horizons - Silver Burdett Company.

Music the World Sings - Silver Burdett Company.

The Penguin Song Book - Woodgate, L.
(Penguin Books, London).

The Penguin Part Song Book - Woodgate, L.
(Penguin Books, London).

Sing Care Away .
(Novelle and Company Limited, London).

From Descant to Trios - Book I.
(Neil A. Kjos Music Co.)

Great Songs of Faith - Book II.
(Neil A. Kjos Music Co.)

Songs of Many Nations - Book IV.
